

**BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS
IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

by

ABRAHAM JACOBUS KEMPEN

**Submitted to the Faculty of Economic and Management Sciences
in accordance with the requirements of**

the degree PHILOSOPHIAE DOCTOR

**in the Department of Business Economics
at Vista University**

Promoter: Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager FCIMA

Joint promoter: Prof. Dr. T.C. Bisschoff

August 1991

1991 -12- 06

Sebokeng



Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

"I declare that:

MARKETING PLANNING OF TECHNIKONS IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

is my own work, that all the sources used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete references, and that this dissertation was not previously submitted by me for a degree at another university."

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'A.J. Kempen', with a stylized flourish above the name.

A.J. KEMPEN

Opgedra aan my vrou Elize,
Abé, Heleen en Claus
met liefde

DANKBETUIGINGS

My innige en opregte dank aan almal wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie proefskrif en in die besonder aan:

- * my Skepper vir sy onbeskryflike groot genade;
- * my eggenote en kinders vir hulle verdraagsaamheid, ondersteuning en opoffering, die afgelope 14 jaar van na-uurse studie;
- * my promotor, prof. dr. A.J.E. Sorgdrager en medepromotor, prof. dr. T.C. Bisschoff, vir hulle inspirerende leiding;
- * die Vaaldriehoekse Technikon en EMSA vir finansiële ondersteuning;
- * dr. J.H. Beukes en mev. A. Human van die RGN vir wenke en gewaardeerde belangstelling;
- * die RGN vir die navorsingsgegewens oor die doelmatigheid van openbare skakeling deur teknikons, wat vir die proefskrif gebruik kon word;
- * mev. Gretel Wybenga (M.A. Afrikaans) wat die taalkundige versorging behartig het en mev. Elza van Rooyen wat die tikwerk onderneem het.

**BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS IN DIE REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA**

SINOPSIS		vi
SYNOPSIS (SUMMARY)		viii
HOOFSTUK 1	Oriëntering	2
HOOFSTUK 2	Tegniese onderwys in die RSA : 'n Inleidende oorsig	18
HOOFSTUK 3	Die rol van bemarking in die verandering en ontwikkeling van tegniese onderwys	67
HOOFSTUK 4	Bemarkingsgeleenthede vir technikons	103
HOOFSTUK 5	Die rol van personeel in die bemarking en openbare skakeling van technikons : Empiriese studie	162
HOOFSTUK 6	Ontwerp van 'n bemarkingsplan vir technikons	230
BRONNELYS		249
LYS VAN BYLAES		261

BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

deur

ABRAHAM JACOBUS KEMPEN

Graad Ph.D.

DEPARTEMENT BEDRYFSEKONOMIE

PROMOTOR: PROF. DR. A.J.E. SORGDRAGER

MEDEPROMOTOR: PROF. DR. T.C. BISSCHOFF

'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van tegniese onderwys in Suid-Afrika word in hoofstuk twee verskaf.

Tans is daar twaalf teknikons in die RSA en hulle is kragtens wetgewing (Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, Wet 40 van 1967) as tersiêre onderwysinrigtings met die doel om gevorderde tegniese onderwys en opleiding te verskaf, ingestel.

Die verandering in die ekonomiese behoeftes van Suid-Afrika sedert die vorige eeu het die totstandkoming van tegniese onderwys tot gevolg gehad. 'n Doelbewuste bemarkingspoging was en is egter nodig om hierdie tipe onderwys sy regmatige plek langs die gevestigde akademiese onderwysstrukture te gee.

Om teknikons in studentegetalle en donasies te laat groei, is daar met behulp van Bouma se tabel 'n bedryfsekonomiese uiteensetting gegee wat die volgende bemarkingsgeleenthede aandui, naamlik:

- * markpenetrasie;
- * markontwikkeling;
- * produkontwikkeling; en
- * diversifikasie.

In hierdie verband speel die afdeling vir openbare skakeling om die regte klimaat vir bemarking te skep en bemarkingsgeleenthede daar te stel, 'n belangrike rol.

Om die openbare skakeling, met ander woorde, die betrokkenheid en blootstelling van technikonpersoneel aan die teknikon se teikenmark, (werkgewers, skole, donateurs en die algemene gemeenskap) te bepaal, is die volgende teikengroepe geïdentifiseer:

- * alle dosente aan residensiële teknikonse in die RSA;
- * 'n lid van die topbestuur van al twaalf teknikonse;
- * personeel van afdelings vir openbare skakeling aan elke teknikon.

Die ondersoek het die empiriese weg gevolg om die nodige inligting in te win.

Vir die vestiging van 'n bemarkingsplan word aanbevelings gemaak. Dit kan kortliks onder die volgende hoofpunte saamgevat word:

- * dosente behoort hul gemeenskapsbetrokkenheid uit te brei;
- * topbestuur se skakeling na binne en buite behoort aangemoedig te word;
- * die afdeling vir openbare skakeling behoort groter logistieke ondersteuning met betrekking tot bemarking te kry.

Die implementering van 'n bemarkingsplan vir teknikonse, soos voorgestel in die proefskrif, kan nou binne die raamwerk van elke teknikon se interne en eksterne omgewing aangewend word.

MARKETING PLANNING FOR TECHNIKONS IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

by

ABRAHAM JACOBUS KEMPEN

Degree Ph.D.

DEPARTMENT OF BUSINESS ECONOMICS

PROMOTER: PROF. DR. A.J.E. SORGDRAGER

JOINT PROMOTER: PROF. DR. T.C. BISSCHOFF

A historical survey of the development of technical education in South Africa was given in chapter two.

At present there are twelve technikons in the RSA. In terms of the Act for Advanced Technical Education (Act 40 of 1967) they were declared 'Tertiary Education Institutions' with the specific purpose of providing advanced technical education and training.

The establishment of technical education in South Africa occurred as a result of changing economic needs at the turn of the century. A purposeful marketing effort was and is necessary in order to allow this type of education its legitimate place next to old and well established educational structures.

To enable technikons to grow in student numbers and donations, a business economical exposition indicating the four following marketing opportunities, is presented with the aid of a Bouma Chart:

* market penetration;

- * market development;
- * product development; and
- * diversification.

In this regard, the public relations department has a very important role in creating the correct climate for marketing strategies and marketing opportunities.

To establish the involvement and exposure of technikon personnel to the technikon's actual target market, for example, employers, schools, donors and the general public, the following groups have been identified:

- * all lectures at residential technikons in the RSA;
- * a member of the top management at each of the twelve technikons;
- * personnel of the public relations department at every technikon.

The empirical method was used to gain the necessary information.

In the course of implementing a marketing plan the following recommendations are made:

- * lecturers should extend their involvement in the community;
- * internal and external liaison by top management should be encouraged;
- * more logistic support regarding marketing should be given to the public relations department.

The implementation of a marketing plan for technikons, as proposed in the dissertation, can now be implemented in the framework of every technikon's internal and external environment.

**BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS IN DIE REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA****INHOUDSOPGAWE**

Voor elke hoofstuk word die inhoudsopgawe volledig weergegee.

HOOFSTUK 1	Oriëntering	2
HOOFSTUK 2	Tegniese onderwys in die RSA : 'n Inleidende oorsig	18
HOOFSTUK 3	Die rol van bemarking in die verandering en ontwikkeling van tegniese onderwys	67
HOOFSTUK 4	Bemarkingsgeleenthede vir technikon	103
HOOFSTUK 5	Die rol van personeel in die bemarking en openbare skakeling van technikon : Empiriese studie	162
HOOFSTUK 6	Ontwerp van 'n bemarkingsplan vir technikon	249

BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**LYS VAN BYLAES**

1.	Immigrante volgens land van vorige permanente verblyf	261
2.	Vakatures soos op die laaste betaaldag van die maand	262
3.	Toestemmingsbrief van die RGN	263
4.	Groei in diplomakursusse binne 'n betrokke skool (Bestuurswese)	264
5.	Vraelys aan teknikondosente	269
6.	Vraelys aan rektore van teknikons of aan 'n topbestuurslid	279
7.	Vraelys aan die hoof van openbare skakeling (openbare betrekkinge)	282
8.	Studiegeleenthede aan teknikons - 1991	296
9.	Beskrywing van die Chaid-tegniek	297

BEMARKINGSBEPLANNING VAN TECHNIKONS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID- AFRIKA

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Tabel	1.1	Koppetelling van studente aan tersiêre inrigtings in die RSA 1989	3
Tabel	1.2	Ontleding van geraadpleegde werke	9
Figuur	2.1	Koppetelling van leerlinge volgens bevolkingsgroep en Jare	22
Figuur	3.1	Ontwikkelingsfases van tegniese onderwys	70
Tabel	3.1	Groei in tegniese kolleges en studentegetalle 1924-1933	73
Figuur	3.2	Groei in tegniese kolleges en studentegetalle 1924-1933	74
Tabel	3.2	Studentegetalle aan tegniese kolleges 1954	75
Figuur	3.3	Studentegetalle aan tegniese kolleges 1954	76
Tabel	3.3	Instellings en aantal studente - 1969	78
Tabel	3.4	Aantal instellings en studente 1984/85	79
Tabel	3.5	Bevolkingsgetalle : Junie 1989	81
Figuur	3.4	Die bemarkingskonsep : 'n bestuursfilosofie	82
Figuur	3.5	Koöperatiewe onderwyswisselwerking	84
Figuur	3.6	Die teknikonbemarkingskonsep : 'n bestuursfilosofie	85
Figuur	3.7	Basiese strategiese opsies met betrekking tot produkstrategie	89
Tabel	3.6	Integrasie van interne analise en eksterne omgewingsevaluasie	93
Tabel	4.1	Bemarkingsgeleenthede vir 'n onderneming	104
Figuur	4.1	Technikon : hulpbronomsetter	126
Figuur	4.2	Vaaldriehoekse Technikon 1991 : studentepersentasie volgens provinsie en in die Vaaldriehoek	131
Tabel	4.2	Koppetelling van studente eerste Dinsdag van elke Jaar 1985-1991	132
Tabel	4.3	Instellings en aantal studente	142
Tabel	4.4	Verbetering van kwalifikasies by dosente	147
Tabel	4.5	Aantal diplomas uitgereik - Skool vir Kuns en Ontwerp	148
Figuur	4.3	Verskil tussen universiteit en technikon in die opleiding van toekomstige beroepslui	150
Figuur	4.4	Integrated vocational training system	154

Tabel	5.1	Leidende en uitvoerende arbeid	165
Tabel	5.2	Aantal teknikons en dosente wat deelgeneem het aan die ondersoek	170
Tabel	5.3	Kenmerkende eienskappe van dosente betrokke by ondersoek	176
Tabel	5.4	Aantal dosente betrokke by koöperatiewe opleiding	180
Tabel	5.5	Totale doseerervaring by universiteite/ander teknikons en huidige teknikon	182
Tabel	5.6	Wyses waarop skakeling deur dosente volgens redes plaasvind elf teknikons 1987	184
Tabel	5.7	Wyses van skakeling volgens fakulteit/skool/departement deur dosente 1987	186
Tabel	5.8	Verenigings/klubs wat hoofsaaklik uit teknikonpersoneel bestaan	190
Tabel	5.9	Verenigings/klubs waaraan hoofsaaklik persone van buite die teknikon behoort	191
Tabel	5.10	Verenigings/klubs wat eksklusief beperk is tot teknikonopleiding	192
Figuur	5.1	Uitnodigings na sosiale funksies wat die teknikon aangebied het en wat uitsluitlik vir teknikonpersoneel bedoel was	195
Figuur	5.2	Uitnodigings na sosiale funksies uitsluitlik vir teknikonpersoneel maar ook buitepersone	196
Figuur	5.3	Is u die afgelope jaar uitgenooi na sosiale funksies wat die teknikon aangebied het en wat bedoel was vir hoofsaaklik buitepersone?	197
Tabel	5.11	Bywoon van sosiale funksies	198
Tabel	5.12	Wat word met sosiale funksies bereik?	199
Tabel	5.13	Dosente-ondersoekgroep : MANOVA en ANOVA F-waardes vir die bepaling van effekte van biografiese veranderlikes op sosiale aktiwiteite	200
Figuur	5.4	Het u die afgelope jaar u teknikon amptelik verteenwoordig op komitees/liggame/funksies waarop buite-instansies ook dien of verteenwoordig was?	203
Figuur	5.5	Het u al 'n artikel/nuusberig vir u inrigting se personeelblad geskryf?	206
Figuur	5.6	Het u al 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in 'n teknikonpublikasie aangebied?	207
Figuur	5.7	Het u al 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in ander vakwetenskaplike tydskrifte aangebied?	209

Figuur 5.8	Het u al n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in die openbare pers aangebied?	210
Figuur 5.9	Het u al deelgeneem aan n loopbaanuitstalling wat deur u teknikon gereël is?	212
Tabel 5.14	Bepaling van tevredenheidsvlak van dosente met betrekking tot hulle werk	214
Figuur 5.10	Skakeling met betrekking tot werkstevredenheid	215
Tabel 5.15	Beeld van die dosent	217
Tabel 6.1	Kernontwikkelings vanaf hoofstuk twee tot vier	232
Tabel 6.2	Kernresultate van hoofstuk vyf	233

1. ORIËNTERING

1.1	Agtergrond	2
1.2	Probleemstelling	4
1.2.1	Topbestuur	8
1.2.2	Personeel	4
1.2.3	Bemarkingsplan	5
1.3	Doel van die studie	5
1.4	Metode van die studie	5
1.4.1	Literatuurstudie	5
1.4.2	Empiriese navorsing	7
1.5	Beperkings waaraan die studie onderhewig is	8
1.6	Indeling van die studie	10
1.7	Terminologie	12
1.8	Gebruik van afkortings	13

1. ORIENTERING

1.1 AGTERGROND

Technikons is volwaardige tersiêre onderwysinrigtings wat beroepsgerigte onderwys binne die RSA-onderwysstelsel verskaf. Hierdie inrigtings het in 1979 hulle beslag gekry en is relatief nuut. Tans is daar binne die grense van die Republiek twaalf teknikons (kyk hoofstuk twee van hierdie proefskrif).

Hierdie inrigtings verskaf 'n eiesoortige onderwys wat verskil van die onderwys wat ander inrigtings binne die onderwysstelsel verskaf. Vir die doeleindes van hierdie studie word tegniese kolleges as tersiêre inrigtings beskou hoewel sekere van die programme nie volwaardige tersiêre programme is nie, byvoorbeeld N1-N3 (kyk Suid-Afrika (Republiek), 1988:43-61).

'n Onderwysstelsel poog om onder meer landsburgers voor te berei om die arbeidsmark suksesvol te betree. 'n Analise van die statistiek rakende studentegetalle aan tersiêre inrigtings, dui op 'n te klein aandeel vir teknikons in die totale tersiêre studentemark. Maxwell (1991:2) sê:

"those who do pass the educational system is too heavily directed towards academic qualifications".

Maxwell se stelling is veral waar as die besondere aard van technikononderwys in ag geneem word, naamlik dat sodanige onderwys die bemeestering van tegnieke en vaardighede is wat deur die betrokke tegnologie en/of beroep vereis word en dat dit oor onmiddellike aanwendbaarheid binne 'n beroep beskik.

Die RSA-ekonomie het 'n behoefte aan mannekrag op die vlak van tegnisi en tegnoloë soos immigrasiesyfers en vakaturesyfers aantoon (kyk Suid-Afrika (Republiek),

1990:1.15 en 2.69 en ook soos aangetoon in bylae een en twee). Om bogenoemde stelling te beklemtoon, word gekyk na tabel 1.1:

TABEL 1.1

KOPPETELLING VAN STUDENTE AAN TERSIËRE INRICHTINGS IN DIE RSA 1989

	Tegniese kolleges	Onderwys= kolleges	Technikons	Universiteite	Totaal
N	+ 65 374	+ 52 602	+ 68 323	+286 442	+ 472 741
%	* 13,8	* 11,1	* 14,5	* 50,6	* 100

- * Persentasiesyfers afgerond tot die eerste desimale syfer soos vir alle tabelle en figure in die proefskrif
- + Koppetelling is in hierdie verband gelykstaande aan 'n geregistreerde jaar- of semesterstudent

Bron: Suid-Afrika (Republiek), 1989:6

As daar hiermee saam gelet word op die feit dat die getal suksesvolle st. 10-leerlinge in die RSA vir etlike jare nog gaan toeneem, word die probleem net groter. Die st. 10-leerlinge vir die volgende 18 jaar is immers reeds gebore en met die verbeterde befondsing van onderwys vir die meerderheid Suid-Afrikaners, is die kans goed dat die sukseskoers in die st. 10-eksamen ook gaan verbeter (Bulletin van Statistieke, September 1990:1.3).

Die klein aandeel (14,5%) wat teknikons in die tersiëre mark het, is 'n komplekse probleem wat nie oorvereenvoudig moet word nie. Verskeie aspekte soos wanvoorstellings, vooroordele en negatiewe assosiasies rondom tegniese onderwys as sodanig, het onder andere gelei tot 'n swak beeld van teknikons by die publiek (vergeelyk Beukes, Human & Marx, 1987:1).

Sedert 1980 is daar in verskillende persverklarings, verslae en artikels met technikonopleiding as tema, op lukrake wyse probeer om hierdie beeld van die teknikons by die teikenmark, naamlik werkgewers, skole, donateurs en die algemene publiek, reg te stel (kyk Beukes 1984 & 1987; Kotze, 1980; KTH, 1986).

Hierdie pogings was egter slegs op beperkte skaal suksesvol as die groei in studentegetalle aan teknikons in ag geneem word, maar die aandeel van teknikons in die totale getal tersiêre studente bly steeds te laag (kyk Suid-Afrika (Republiek), 1990:21).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die probleem wat in hierdie studie onder die loep geneem word, kan met die volgende vraag verwoord word: Hoe kan teknikons hulle aandeel in die totale tersiêre studentemark kwantitatief verhoog?

In die lig van dié vraag behoort na Beukes et al. (1987:1) se stelling in 1.1 gekyk te word, naamlik dat verskeie aspekte soos wanvoorstellings, vooroordele en negatiewe assosiasies rondom tegniese onderwys as sodanig, onder andere gelei het tot 'n swak beeld van teknikons by die publiek. Die probleem kan in die volgende onderafdelings toegelig word:

1.2.1 Topbestuur

- a Wat is die houding van topbestuur met betrekking tot skakeling na binne en buite die technikon?

1.2.2 Personeel

- a Wat is die betrokkenheid van personeel in die gemeenskap met betrekking tot die bemarking van teknikons?
- b Wat is die rol van personeel om die wanvoorstellings, vooroordele en negatiewe

assosiasies rondom tegniese onderwys die hoof te bied?

- c Hoe kan teknikonpersoneel hul openbare skakeling verbeter?
- d Wat is die betrokkenheid van die afdelings vir openbare skakeling ten opsigte van studentewerwing, fondsinsameling en beeldbou in die bemarking van teknikons in die RSA?

1.2.3 Bemarkingsplan

- a Watter bemarkingsplan behoort gebruik te word om n kwaliteitstudent na die technikon te trek?
- b Watter bemarkingsgeleenthede is daar vir teknikons met betrekking tot markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling en diversifikasie?

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die primêre doel van die studie is om die vrae wat in 1.2 gestel is, te beantwoord om sodoende n bemarkingsplan vir teknikons op te stel wat die:

- a bemarking effektief kan verbeter;
- b bestuursdoeltreffendheid kan inisieer om bemarking te kan laat plaasvind;
- c kwantitatief sowel as kwalitatief die bemarking kan verbeter.

Om by n bemarkingsplan vir teknikons uit te kom was dit nodig om n historiese oorsig oor die ontwikkeling van tegniese onderwys te verskaf. Die swak bemarkingsmeganismes (of totale gebrek daaraan) en die negatiewe gevolge daarvan, soos dit uit so n oorsig blyk, lei noodwendig tot die formulering van n effektiewe

bemarkingsplan. Om dié rede was n historiese oorsig noodsaaklik

1.4 METODE VAN DIE STUDIE

1.4.1 Literatuurstudie

Hoewel dit uit die probleemstelling duidelik is dat dit die doel van hierdie studie is om n prakties uitvoerbare bemarkingsplan vir teknikons daar te stel, is daar wel n literatuurstudie onderneem.

Die belangrikste bronne wat geraadpleeg is, kan in vyf breë groepe verdeel word (ander bronne word in die bibliografie aangedui). Dit is:

a Die bronne wat die teorie van bemarking vanuit n bedryfsekonomiese hoek benader:

Barry, 1986 - Marketing : an integrated approach

Bouma, 1971 - Leerboek der bedryfseconomie

Cravens, 1987 - Strategic marketing

Frain, 1986 - Principles and practice of marketing

Kotler, 1986 - Principles of marketing

Lucas, 1988 - Die taak van die bemarkingsbestuur

Marx & Van der Walt, 1989 - Marketing Management

b Primêre bronne oor technikononderwys in die RSA:

Departement van Nasionale Opvoeding, 1988 - n Onderwysfilosofie vir die technikonwese

Departement van Nasionale Opvoeding, 1989 - Voorlopige onderwysstatistiek vir 1989

Komitee van Technikonhoofde, 1986 - Wat is n technikon?

c Standaardwerk op die gebied van onderwysbestuur:

Van der Westhuizen, 1986 - Onderwysbestuur : grondslae en riglyne

d Resente verhandelinge oor aanverwante sake:

Bezuidenhout, 1989 - Situasië-analise as 'n komponent van kurrikulumontwikkeling van technikonkursusse

Jacobs, 1988 - Aspekte van sentrale owerheidsbeheer oor die administrasie van teknikons in die Republiek van Suid-Afrika

Nel, 1987 - Strategic marketing planning at South African teknikons

e Ervaring wat tydens 'n oorsese besoek opgedoen is by wyse van die volgende kursusse:

Council for Advancement and Support of Education, 1989 - Educational fund raising

Council for Advancement and Support of Education, 1989 - Executive marketing management

1.4.2 Empiriese navorsing

Drie afsonderlike vraelyste is gedurende 1987 opgestel en gerig aan die afsonderlike groepe naamlik:

a Doserende personeel

'n Vraelys gerig aan alle doserende personeel van teknikons is in samewerking met die RGN ontwerp (kyk bylae vyf). Dosente se betrokkenheid by en persepsie van die skakelfunksie van teknikons asook dosente se houding en gesindheid, word bepaal.

Die outeur was self verantwoordelik vir die totale empiriese ondersoek. Die ondersoek is met die vraelys wat deur die RGN se rekenaar verwerk is, uitgevoer. Die RGN het as konsultant vir die statistiese verwerking van hierdie vraelys opgetree. Hierdie vraelys is deur die RGN geadministreer en uitgevoer, maar is nie opgeneem in enige gepubliseerde verslag nie (kyk bylae drie).

b Topbestuur

n Vraelys gerig aan die topbestuur van die bestaande twaalf teknikons is opgestel en tydens n persoonlike besoek, voltooi (kyk bylae ses). Die lengte van onderhoude het tussen 30 en 60 minute gewissel. Die resultate is per hand verwerk.

c Personeel van afdelings vir openbare skakeling

n Vraelys gerig aan hoofde van openbare skakelafdelings is opgestel en tydens n persoonlike besoek voltooi. Die lengte van die onderhoude het tussen drie en ses ure gewissel (kyk bylae sewe). Die vraelyste is per hand verwerk.

Die doel van hierdie drie vraelyste was om die aandeel van elke groep in die bemarking van n technikon vas te stel.

1.5 . Beperkings waaraan die studie onderhewig is

So ver vasgestel kan word, is daar weinig boeke oor bemarkingsbeplanning vir teknikons beskikbaar. Heelwat literatuur bestaan wel oor bemarkingsbeplanning maar die werklike omvang van inligting oor bemarkingsbeplanning vir teknikons is beperk (kyk ook Bezuidenhout, 1989:16).

Aangesien die technikonwese nog redelik jonk is, is daar nog baie min aandag gegee aan die inisiëring van n bemarkingsplan. Tot dusver was daar vanweë die groot vraag en behoefte aan technikonopleiding waarskynlik weinig behoefte by teknikons aan n bemarkingsplan.

n Probleem in die studie was die feit dat twee velde aangespreek word, naamlik

TABEL 1.2

ONTLEDING VAN GERAADPLEEGDE WERKE

Jaartal	Boeke	Proef= skrifte	Verhan= delings	Tydskrifte	Wette	Toesprake	Verslae	Totaal	Persentasie
Voor 1960	5			1			2	8	5,1
1960-1964	3							3	1,9
1965-1969	5						1	6	3,8
1970-1974	8	1		1	1		2	13	8,2
1975-1979	8			2			1	11	7,0
1980-1984	30	2		7			6	45	28,5
1985- tans	32	1	4	10	7	15	3	72	45,5
Totaal	91	4	4	21	8	15	15	158	100,0
Persentasie	57,7	2,5	2,5	13,3	5,0	9,5	9,5	100,0	

die velde van die bedryfseconomie en onderwysbestuur. Verskeie boeke met betrekking tot die onderwysbestuur is bestudeer, soos blyk uit die bibliografie, maar daar moet gelet word op die feit dat die invalshoek van hierdie studie suiwer bedryfseonomies is (vergelyk Limperg, deel een, 1964:35).

’n Verdere probleem was dat historiese gegewens in die begin Jare 1979-1985 van teknikons, soos studentegetalle, kursusinhoude, kwalifikasies van personeel en diplomaplegtighede van sekere teknikons, nie opgespoor kon word nie, ondanks verskeie pogings. Hierdie gegewens sou waardevol gewees het by die opstel van ’n bemarkingsplan. Dit beïnvloed egter nie die verloop van die studie nie.

1.6 INDELING VAN DIE STUDIE

Voor elke hoofstuk, vanaf hoofstuk twee, verskyn ’n opsomming (sinopsis) van die inhoud van die betrokke hoofstuk ter wille van duidelikheid en begrip.

Hoofstuk 2 : Tegniese onderwys in die RSA : ’n historiese oorsig

’n Oorsig word gegee van die ontwikkeling van tegniese onderwys in die RSA vanaf die laat agtiende eeu tot by die teknikons van vandag. Die verskillende fases van ontwikkeling wat in hoofstuk drie met die faseontwikkeling van bemarking sinchroniseer word geskets. Sodoende word die historiese oorsig binne ’n bedryfseonomiese perspektief geplaas. Hierdie beskouing van die ontwikkeling van tegniese onderwys is noodsaaklik om veral die bemarkingsontplooiing van die teknikons beter te kan begryp.

Hoofstuk 3 : Die rol van bemarking in die verandering en ontwikkeling van tegniese onderwys

Bemarking het direk of indirek bygedra tot die ontwikkeling van tegniese onderwys,

wat gegroei het van opleidingsinrigtings aan die begin van die twintigste eeu tot by teknikons van vandag. Die groei word in vier fases ingedeel. Die groei in die getal instellings asook in studentegetal word aangedui. Die aandag word ook gevestig op 'n bemarkingskonsep waar die personeel van die teknikon medeverantwoordelik behoort te wees vir die uitvoering van die bemarkingstaak. Veral die ontwikkelingsfases, soos uiteengesit, kom opvallend ooreen met die historiese ontwikkeling soos bespreek in hoofstuk twee. Die vraag is egter of die bemarking tred gehou het met die historiese ontwikkeling.

Hoofstuk 4 : Bemarkingsgeleentheid vir teknikons

In hierdie hoofstuk word deur middel van Bouma (1971:428) se teorie, wat markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling en diversifikasie insluit, daarop gewys hoe teknikons bemarkingsgeleentheid vir teknikons kan skep. Verder word aangedui in watter mate openbare skakeling 'n rol in bogenoemde verband kan speel. Bouma is veral gebruik omdat dié studie van die algemene bedryfseconomie na die besondere bedryfseconomie oorgaan. Om hierdie rede is 'n algemene breë basis, soos deur Bouma uiteengesit, as aanvangspunt geneem. Dit wil nie sê dat ander uitgangspunte nie geneem kan word nie, maar Bouma se teorie het goed in die raamwerk van die outeur se studie ingepas. Veral kursusontwikkeling (produkontwikkeling), sover bronne beskikbaar was, is in hierdie studie behandel. Opvallend is dat daar in die jongste tye weer na konsolidasie van kursusse oorgegaan is. Dit weerspieël 'n reële beeld van die funksies van teknikonontwikkeling wat baie goed inpas by die historiese ontwikkeling in hoofstuk drie.

Hoofstuk 5 : Die rol van personeel in die bemarking en openbare skakeling van teknikons : empiriese studie

Die aandeel van topbestuur, doserende personeel en die afdelings vir openbare skakeling in die bemarking van teknikons, word bepaal. Sinvolle afleidings wat 'n wesentlike bydrae kan maak om 'n bemarkingsplan vir teknikons te ontwikkel, word hier gemaak. Daar moet gemeld word dat hierdie hoofstuk in samewerking met die RGN gedoen is, maar dat dit die outeur se eie besliste bydrae is (kyk bylae drie).

Hoofstuk 6 : Ontwerp van 'n bemarkingsplan vir teknikons

Die vernaamste bevindinge uit die ondersoek word weergegee. Leemtes en vraagstukke word uit die weg geruim om sodoende 'n bemarkingsplan vir teknikons voor te stel. 'n Kort samevatting en aanbevelings word ook gegee.

'n Epiloog is bygevoeg om na afsluiting van die proefskrif die nuutste ontwikkelings weer te gee.

1.7 TERMINOLOGIE

Uit die titel word die terme 'tegnikon' en 'bemarkingsplan' verklaar. Die tegnikon is 'n tersiêre onderwysinrigting wat ingevolge wetgewing daargestel is om gevorderde tegniese onderwys en opleiding asook die onderrig en opleiding van onderwysers vir sekondêre skoolvlak, te verskaf (KTH, 1986).

'n Bemarkingsplan is die ontwikkeling van 'n geskrewe plan in terme van 'n bepaalde doelmarksegment, begroting en werkstoedeling om die bemarkingsdoelwit(te) te verwesenlik. (Lucas, 1988:601).

Die term "openbare skakeling" word in die proefskrif gebruik om aansluiting te vind by die empiriese ondersoek (hoofstuk vyf).

1.8 GEBRUIK VAN AFKORTINGS

Die volgende standaardakronieme word gebruik:

AUT	Adviesraad vir Universiteite en Technikons
CASE	Council for Advancement and Support of Education (n Raad wat konferensies en werksinkels in die VSA aanbied)
COTT	Central Organisation for Technical Training
DNO	Departement van Nasionale Opvoeding
HND	Hoër Nasionale Diploma
KGTO	Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
KTH	Komitee van Technikonhoofde
N	Verteenwoordig die aantal respondente wat deelgeneem het aan die ondersoek
NASOP	Verslae van die Departement Nasionale Opvoeding
NTS	Nasionale Tegniese Sertifikaat
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RSA	Republiek van Suid-Afrika
SANSO	Suid-Afrikaanse Nasionale Opvoeding (dui op n bestuursinligtingstelsel)
USKO	Unie Staalkorporasie

Die nuutste spelreëls, soos neergelê deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, is gebruik.

Waar daar nie n bron vermeld is by tabelle en figure nie, is dit die outeur se eie navorsing.

2.	TEGNIËSE ONDERWYS IN DIE RSA : 'N INLEIDENDE OORSIG	15
	LYS VAN TABELLE EN FIGURE	
	SINOPSIS	16
2.1	Inleiding	18
2.2	Die opleiding en ontwikkeling van hoëvlakmannekrag	21
2.3	Tersiêre inrigtings	23
2.3.1	Inleiding	23
2.3.2	Tegniese kolleges	23
2.3.3	Onderwyskolleges	24
2.3.4	Universiteite	25
2.3.5	Technikons	26
2.4	Die ontwikkeling van tegniese onderwys in Suid-Afrika	27
2.4.1	Inleiding	27
2.4.2	Historiese verloop (1882-1910)	27
2.4.3	Tegniese onderwys (1911-1922)	29
2.4.4	Tegniese onderwys (1923-1955)	31
2.4.5	Tegniese onderwys (1956-1967)	38
2.4.6	Tegniese onderwys na 1967	44
2.5	Die aard van die technikon	51
2.5.1	Die beheerstruktuur van die technikon	51
2.5.2	Doelwitte en funksies van technikon	53
2.5.3	Die belangrike rol van technikon	54
2.5.4	Kursusse en toekennings aan technikon	55
2.5.5	Voorligtingsdiens aan technikon	58
2.5.6	Technikon in die RSA	61
2.6	Samevatting	61

2. TEGNIESE ONDERWYS IN DIE RSA : 'N INLEIDENDE OORSIG

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Koppetelling van leerlinge volgens bevolkingsgroep en jare

22

2. TEGNIESE ONDERWYS IN DIE RSA : 'N INLEIDENDE OORSIG

SINOPSIS

Om die technikonwese en die historiese verband van die huidige technikonstruktuur te kan verstaan, is dit wenslik geag om die geskiedkundige agtergrond kortliks te skets.

Voor die ontdekking van diamante in 1867 en die ontwikkeling van die goudmyne aan die Witwatersrand het daar weinig tegniese ontwikkeling in die land plaasgevind. Dit was eers in die tweede helfte van die vorige eeu dat daar met tegniese opleiding begin is en wel deur die destydse spoorweginstitute en later ook die S.A. School of Mines. Owerheidsbelangstelling in die voorsiening van tegniese onderwys het eers aan die begin van die twintigste eeu gekom toe daar begin is met die subsidiëring van inrigtings wat die tipe onderwys verskaf het. Daarvandaan het die staat se betrokkenheid geleidelik toegeneem en in 1922 is wetgewing ingestel wat tegniese kolleges verplig het om die teoretiese deel van vakleerlingopleiding dwarsdeur die land aan te bied. Die gevolg was dat tegniese kolleges vinnig gegroei het. Later is sommige van die kolleges wat in groter sentra geleë was tot inrigtings vir hoër onderwys verklaar. In 1968 het vier van dié inrigtings oorgegaan tot kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en in 1979 word hulle vier van die ses eerste teknikons in die RSA.

Tans is daar twaalf volwaardige teknikons waarvan een eksklusief ontwerp is vir afstandsonderrig. Teknikons is kragtens wetgewing (Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, Wet 40 van 1967) ingestel as tersiêre onderwysinrigtings met die doel om gevorderde tegniese onderwys en opleiding te verskaf.

n Aantal mites, wanopvattinge en gepaardgaande vooroordele teenoor teknikons behoort noodwendig inheberend in te werk op die wyse waarop teknikons die plek kan volstaan.

2. TEGNIESE ONDERWYS IN DIE RSA : 'N INLEIDENDE OORSIG

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling van tegniese onderwys in Suid-Afrika. Verder word aandag geskenk aan die belangrikste geskiedkundige gebeurtenisse wat bygedra het tot die ontwikkeling en die vestiging van teknikons as eiesoortige tersiêre onderwysinrigtings in die RSA. Hierdie belangrike geskiedkundige gebeurtenisse kan 'n belangrike bydrae lewer tot die bemarkingsbeplanning van teknikons in die RSA. Verder word so 'n oorsig noodsaaklik geag, omdat daar met die verloop van tyd in Suid-Afrika belangrike ontwikkelinge op die gebied van tegniese onderwys plaasgevind het. Aan die begin van die eeu het daar in verskillende sentra in Suid-Afrika opleidingsinrigtings, wat op praktykopleiding gekonsentreer het, ontstaan. Dit het later as "kolleges vir gevorderde tegniese onderwys" bekend gestaan. Die benaming is in 1979 na "technikons" verander. Aan teknikons word vandag hoofsaaklik beroepsgerigte opleiding aangebied, terwyl daar ook deur middel van deeltydse klasse gepoog word om in ander praktykbehoefte te voorsien.

By wyse van die M.Ed.-verhandeling van Bezuidenhout in 1989 getitel "Situasie-analise as 'n komponent van kurrikulumontwikkeling van technikonkursusse" word in hoofstuk twee die ontstaan en die ontwikkeling van die technikonwese in die Republiek van Suid-Afrika aan die orde gestel. Bezuidenhout vermeld dat daar vlugtig na die geskiedkundige verwikkeling in hierdie verband gekyk word, maar dat dit egter baie sketsmatig is en gevolglik aangevul moet word om tot 'n beter begrip van die probleemstelling te kom, naamlik marknavorsing. Die studie van Bezuidenhout is oor kurrikulumontwikkeling maar Bezuidenhout mis die kern dat kurrikulumontwikkeling markgerig behoort te wees - dit behoort tot 'n verkoopbare produk te lei.

Omdat die proefskrif handel oor bemarkingsbeplanning, is dit nodig dat die historiese ontwikkeling anders aangepak word en is dit van belang om na onder andere Malherbe se standpunt te kyk.

Malherbe (1925 en 1977), in sy *Education in South Africa* (wat in twee volumes verskyn het), hou die volgende ontwikkelingsfases van tegniese onderwys in Suid-Afrika voor:

- * historiese ontwikkeling (1882-1910);
- * tegniese onderwys (1911-1922);
- * tegniese onderwys (1923-1955);
- * tegniese onderwys (1956-1967);
- * tegniese onderwys ná 1967.

Die geskiedkundige gebeure dra sinvol by tot 'n realistiese perspektief van die plek wat teknikons tans in die tersiêre onderwys inneem. Meiring (1980:1) stem saam:

"Om die aard van teknikons sinvol te omskryf asook om die plek van hierdie inrigtings op die gebied van die tersiêre onderwys te bepaal, is dit noodsaaklik om na die geskiedkundige ontwikkelinge te kyk."

Du Plessis (1979:49) kenskets die oorsprong van tegniese onderwys soos volg:

"Dit kan seker sonder teësprak beweer word dat die erfenis van tegnologiese/ekonomiese kennis van die Westerse wêreld na ons oorgedra is deur aaneenlopende siklusse van beroepsonderwys en die toepassing van nuwe wetenskaplike ontdekkings en uitvindings."

Dit beteken dat beroepsonderwys 'n evolusionêre proses deurgemaak het deurdat die ontdekkings en uitvindings van elke geslag bygedra het tot die kennis, kundigheid en tegnologie waarmee die volgende geslag te doen gekry het. So byvoorbeeld, het die beperkte kennis van die ambagsman in die Middeleeue gegroei tot die hedendaagse tegnologie wat aangetref word in 'n breë spektrum van beroepe wat wissel van operateur tot ingenieur. Op dieselfde wyse het beroepsonderwys deur die jare heen ontwikkel van blote leerlingskap, waar tegnieke direk van persoon tot persoon oorgedra is, tot die groot verskeidenheid van beroepsopleiding soos dit vandag aangetref word.

Louw (1983:1) sê verder daar bestaan in alle lande verskillende tipes opvoedingsinrigtings wat vir die verskaffing van 'n verskeidenheid soorte onderwys en opvoeding op verskillende vlakke verantwoordelik is. Onderwys op naskoolse vlak is van gevorderde aard en is nie verpligtend nie, maar is gespesialiseer in een of ander wetenskaplike of beroepsrigting. Saam met die reuse vordering op die gebied van die wetenskap en tegnologie is daar ook 'n verandering in sosiale, ekonomiese en arbeidsbetrekkings. Hierdie faktore skep 'n behoefte aan beroepsgerigte onderwys. Op so 'n wyse kan voorsien word in die tekort aan beter opgeleide mannekrag. Van der Stoep (1987:93) stel verder dat periodieke werkloosheid een van die belangrikste maatskaplike probleme is, wat tans oral in die wêreld ervaar word. In Suid-Afrika het die huidige swak ekonomie die afdanksyfer die afgelope tyd die hoogte in gestuur: Sasolkunsmisfabriek sluit teen die einde van 1991; tot soveel as 50 persent van Fedmech se werknemers word vanaf einde April 1991 afgedank; USKO verminder sy werkers met 660 en vele ander ondernemings het probleme (Tukker, 1991:1). Dit is egter 'n belangrike faktor wat deur sowel die werkgewers as die opvoeders in 'n toenemende mate in berekening gebring behoort te word wanneer onderwys ooreenkomstig behoeftes vir die samelewing beplan word.

2.2 Die opleiding en ontwikkeling van hoëvlakmannekrag

Hoëvlakmannekrag word deur Louw (1988:22) soos volg gedefinieer:

"Alle persone in die professionele en semi-professioneel beroepe, tegnisi en bestuurspersoneel van allerlei aard, maar met uitsluiting van boere, ambagsmanne en klerke in die laer range."

In die lig van veranderde omstandighede in die land is dit noodsaaklik om voortdurend te besin oor die opleiding en ontwikkeling van 'n land se hoëvlakmannekrag aangesien die peil van ekonomiese groei wat die land oor die volgende paar jaar sal moet handhaaf, nie net van die kwantiteit nie, maar in besonder van die kwaliteit van hierdie mannekrag sal afhang.


Daar word toenemend gewys op die groot tekorte in Suid-Afrika aan tegnisi en tegnoloë en dat daar 'n wanbalans is in die verhoudings van die rigtings waarin toekomstige mannekrag opgelei word. Daar word deur deskundiges uit sowel die nywerheid as die owerheidsektor al hoe meer klem gelê op beroepsgerigte onderwys om nie net in die behoeftes van die land te voorsien nie, maar ook om vir die toenemende aanbod van potensiële arbeid voorsiening te maak en om die opleiding van hierdie arbeid reg te kanaliseer (kyk Buitendacht, 1991:9; Knoll, 1991:8 en Van Rensburg, 1991:7).

Bogenoemde word bevestig (kyk figuur 2.1) deur die toename die afgelope aantal jare in veral die swart skoolbevolking vir wie daar binne afsienbare tyd voorsiening in die arbeidsmark gemaak sal moet word (Departement van Nasionale Opvoeding, 1990:11).

Die potensiaal van die land se menslike hulpbronne sal grotendeels bepaal in watter

FIGUUR 2.1

KOPPETELLING VAN LEERLINGE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP NA JARE



Bron: Suid-Afrika (Republiek), 1990:11

mate die land die geweldige uitdagings op die gebied van landbou, behuising, onderwys, gesondheids- en ander maatskaplike dienste die hoof kan bied.

2.3 Tersiêre inrigtings

2.3.1 Inleiding

Fundamenteel aan die Christelik-nasionale onderwys- en opvoedingstelsel in Suid-Afrika, is die beginsel van gelykwaardigheid van alle menslike wesens. Daarom sê Nel (1959:76-77) dat opvoeding en onderwys vir almal is en dit beteken ook gelyke kansen van opvoeding vir die besondere vermoëns, aanleg en belangstelling van elke afsonderlike kind.

2.3.2 Tegniese kolleges

Tegniese kolleges is streng gesproke nie tersiêre inrigtings nie en Steyl (1987:3) het die funksie van tegniese kolleges so uitgespel:

"A technical college offers post-school education, mainly at the secondary level, for students who are not of compulsory school-going age."

Binne die bestaande onderwysstruktuur het 'n tegniese kollege sy eie identiteit en funksie en dit vorm die grootste gedeelte van die vier soorte naskoolse opvoedkundige instellings in die Republiek.

Die hoofdoel van 'n tegniese kollege is om in die behoeftes van die gemeenskap waarin die instelling gesetel is, te voorsien. Tegniese kolleges verskaf ook opleiding aan nie-skoolpligtige en nie-skoolgaande persone wat nie tot 'n technikon, universiteit of onderwyskolleges toegelaat mag word nie.

Tegniese kolleges wat oor die land heen versprei is, is hoofsaaklik met pretersiêre opleiding buite die gewone skoolverband gemoeid. Een van hulle belangrikste funksies is die aanbieding van die teoretiese gedeeltes van vakleerlingopleiding (RGN, 1984:1).

2.3.3 Onderwyskolleges

Onderwyskolleges is tersiêre instellings en word vervolgens ingesluit.

Louw (1983:128-129) verskaf die volgende feite in verband met onderwyskolleges:

Onderwyskolleges se hoofdoel is die opleiding van onderwysers en hierdie onderwysopleiding asook die kwalifikasies wat toegeken word, moet voldoen aan die beleid wat die Minister van Nasionale Opvoeding kragtens die bepaling van Wet 39 van 1967 neergelê het.

Kragtens Artikel 1A(i) van hierdie Wet geskied opleiding van onderwysers vir sekondêre skole slegs aan universiteite, met dien verstande dat vir die doeleindes van die toekenning van 'n graad of diploma of sertifikaat aan 'n student van 'n universiteit, die betrokke universiteit 'n eksamen kan erken wat by 'n kollege afgelê en geslaag is. Ingevolge Artikel 1A(2) van dié Wet kan die minister, na oorleg met 'n administrateur, 'n universiteit of technikon, toestemming verleen om die opleiding van persone as onderwysers vir sekondêre skole in 'n bepaalde vak of kursus aan 'n kollege moontlik te maak. Die doel van hierdie bepaling is om kolleges te magtig om hoërskoolonderwysers in bepaalde vakke, soos Wiskunde en Wetenskap, op te lei of veral dan vakke waarin universiteite nie opleiding verskaf nie.

Louw (1983:129) kom tot die gevolgtrekking dat die doelwitte van die onderwyskolleges wat blankes as onderwysers oplei, duidelik omlin is en dat die leerinhoud en die breë opleidingsdoelwitte aan kolleges deur die Komitee vir Onderwyshoofde

voorgeskryf word. Dit beteken egter nie dat die verskillende kolleges nie hul eie benaderingswyse in onderrig en opleiding kan volg of oor 'n eie individualiteit beskik nie. Omdat onderwyskolleges oor die algemeen kleiner as universiteite is, is persoonlike verhoudings tussen studente en individuele kontak met dosente hier meer moontlik.

2.3.4 Universiteite

Die eerste stap in die rigting van universiteitsopleiding in Suid-Afrika is in 1858 te Kaapstad met die stigting van 'n Raad van Openbare Eksaminatore onder die naam "Board of Public Examiners in Literature and Science" gemaak (Van Wyk de Vries, 1974:14). Die basiese patroon van die universiteitswese in Suid-Afrika is in 1916 deur wetgewing neêrgeleë (Van Wyk de Vries, 1974:18).

Geertsema (1981:90) lig 'n universiteit se primêre doelwitte uit as synde onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Duvenage (1983:9-10) vat die funksies van die universiteit, soos beskryf deur die Van Wyk de Vries-kommissie (1974:54-60), soos saam:

- a om geleerdheid te bevorder deur die kennis van die eeue aan die lig te bring, te sistematiseer, elke faset daarvan te betrek in die vakwetenskappe as bestanddeel van die hele wetenskapstruktuur; en deur die blootlegging van nuwe kennis deur middel van ondersoek en navorsing;
- b om op te voed en te vorm, om die jongmense bepaalde karaktereienskappe by te bring waaronder wetenskapsbeskouing, deursettingsvermoë en geestelike hardwerkendheid, die fasette van 'n kultuurmense en 'n lewens- en wêreldbeskouing wat 'n mens deur die lewe sal dra as 'n gebalanseerde persoonlikheid;

- c om die student voor te berei vir die beoefening van 'n beroep waarvoor die maatskappy 'n universiteitsopleiding nodig ag en selfs voorskryf;
- d om in die breë kultuur van die gemeenskaplike standaarde van goeie burgerskap aan die studente oor te dra; en
- e om op staatkundige gebied intens geestelik bedrywig te wees".

2.3.5 Technikons

Met die aanname van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 40 van 1967), is kolleges vir gevorderde tegniese onderwys ingestel om ná matrikulasie opleiding met 'n beroepsgerigte inslag te verskaf. Die instellings sou op dieselfde vlak as universiteite figureer, maar nie in kompetisie daarmee wees nie.

Die onderskeid tussen universiteite en teknikons is in die onderskeie funksies gesetel (Van Wyk de Vries, 1974:331). Volgens die KTH (1986) is die doelstelling van 'n technikon

"om met inagneming van die mannekragbehoefte van die land onderrig en opleiding op tersiêre onderwysvlak te verskaf ten einde tegnologiebeoefening moontlik te maak".

By teknikons word beroepsopleiding verskaf wat daarop gerig is

"om studente deur 'n kombinasie van studie en praktiese werksondervinding (Koöperatiewe onderwys) vir arbeidsukses in bepaalde beroepsrigtings voor te berei. Die klem val veral op die toepassing van kennis en kundigheid" (KTH, 1986).

Die technikon is 'n tersiêre onderwysinrigting wat ingevolge wetgewing, waar

onder meer ook die gebruik van die benaming "technikon" beskerm word, daargestel is om gevorderde tegniese onderwys en opleiding te verskaf (KTH, 1986). Die technikon is ook 'n instelling met 'n eie regs persoonlikheid wat self beheer oor sy finansies, eiendom en werksaamhede uitoefen kragtens Wet 40 van 1967.

Dit is ook van belang om die evolusieproses van die teknikons op te volg en daar word vervolgens gekyk na die historiese ontwikkeling van die technikonwese in Suid-Afrika om 'n geheelbeeld te kan vorm.

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

2.4.1 Inleiding

Die historiese verloop word duidelik uiteengesit om later die markgerigtheid te kan beklemtoon. Verder is die historiese verloop van tegniese onderwys van groot belang vir 'n bemarkingsafdeling in die bemarkingsproses om sodoende strategieë te kan bepaal.

2.4.2 Historiese verloop (1882-1910)

Hierdie gedeelte val saam met fase een wat in hoofstuk drie bespreek word. Die ontdekking van goud en diamante in Suid-Afrika in die agtiende eeu het tot die snelle ontwikkeling van die mynboubedryf en die gepaardgaande bou en instandhouding van die spoorweë gelei. Daar het gevolglik 'n groot vraag ontstaan na mense met die nodige tegniese kennis en vaardighede. Dit het 'n aansienlike uitbreiding en groter voorsiening van opleidingsgeleenthede en geriewe genoodsaak.

Volgens Malherbe (1925:1) het daar gedurende die afgelope 270 jaar vier onderwyssisteme in Suid-Afrika ontwikkel, naamlik dié van die Kaap, Natal, Transvaal en die Vrystaat. Die Kaapse sisteem van onderwys het sy oorsprong reeds in die

17de eeu gehad, maar die ander drie naamlik Natal, Vrystaat en Transvaal, het eers aan die begin van die 19de eeu begin.

Vroeg in 1882 was die "Port Elizabeth School of Art" die eerste opleidingsinstansie in Suid-Afrika wat deeglike opleiding in die ontwerp-kuns verskaf het (Nesbit, 1982:4).

In 1884 is tegniese onderwys en opleiding deur die Natalse Spoorweë in Durban, in 1890 deur die Kaapse Spoorweë in Soutrivier, en in 1897 deur die stigting van die S.A. Mynskool deur De Beers in Kimberley, (Meiring, 1980:5) ingestel. Die eerste mynwese-eksamen is in 1897 deur veertien studente suksesvol afgelê (Orr, 1932:79). Die kursusse in Kimberley, wat aanvanklik deelyds aangebied is, het in 1903 tot die totstandkoming van die Transvaalse Tegniese Instituut in Johannesburg gelei (Goode, 1978:5). In 1906 word dit die Transvaalse Universiteitskollege, en in 1910 die S.A. Myn- en tegnologiese skool, wat later in 1922, tot die Universiteit van die Witwatersrand ontwikkel.

Tegniese onderwys in Durban is in 1907 by die Tegniese Instituut ingeskakel, en in 1915 het hierdie Instituut die Durbanse Tegniese Kollege geword (Rees, 1957:24). 'n Tak van die Transvaalse Instituut is in 1905 in Pretoria gestig, en dit het in 1906 as die "Pretoria Polytechnic", bekend gestaan, 'n benaming wat in 1926 na die Pretoriase Tegniese Kollege verander is (Goode, 1978:5). Reeds so vroeg as 1907 is daar in Kaapstad met aandklasse deur die Suid-Afrikaanse Kollege begin, en voortvloeiend daaruit het die Kaapse Tegniese Kollege in 1917 tot stand gekom.

In teenstelling met ander provinsies het tegniese onderwys in die Oranje-Vrystaat baie stadig ontwikkel, alhoewel daar reeds in 1906 deur die Spoorwegadministrasie toestemming verleen is dat aandklasse onder die beheer van die Onderwysdepartement geplaas kan word (Naude, 1973:102).

Die Suid-Afrikaanse Wet van 1909 (Artikel 85(iii)) het die verantwoordelikheid vir onderwys in die Unie nie goed omlin en gedefinieer nie (Wulfsohn, 1959:40).

Volgens Le Roux (1980:37) het hierdie verantwoordelikheid behels dat sogenaamde hoër onderwys, dit wil sê, tersiêre onderwys, onder die beheer van die sentrale regering val, en "onderwys, uitgesonderd hoër onderwys" die verantwoordelikheid van die provinsies word.

Met Uniewording op 31 Mei 1910 is die vier provinsies van Suid-Afrika opgeneem in die Unie van Suid-Afrika. Die provinsies het die beheer oor alle primêre en sekondêre onderwys binne hul grense behou.

Elke provinsie, met 'n administrateur aan die hoof, het deur sy Provinsiale Raad beheer uitgeoefen. Hierby is die direkteur van die onderwysdepartement ook direk betrek. Die Unie-onderwysdepartement is ingestel vir die beheer van "hoër" onderwys (n benaming waaraan oor die jare verskeie betekenis gegee is).

2.4.3 Tegniese onderwys (1911-1922)

Hierdie gedeelte val ook saam met fase een wat in hoofstuk drie bespreek word. 'n Konferensie, onder voorsitterskap van die destydse Minister van Onderwys, Sy Edele mnr. F.S. Malan, is in 1911 in Pretoria gehou om duidelikheid oor industriële, tegniese en handelsonderwys te verkry (Malan, 1912:7). Die Minister het onder andere die volgende gesê:

"I think it will be conceded that there is a growing desire in the Union for emphasizing the practical side of education more than has been done in the past" (Malan, 1912:6).

Die bewuswording van praktykgerigte onderwys het in 1912 gelei tot die benoeming van 'n Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys, en wel nadat 'n verkorte verslag van die konferensie in die parlement ter tafel gelê is. Alhoewel nuttige voorstelle ingedien is, het die Raad egter geen uitvoerende magte gehad nie, behalwe die afneem van tegniese en handelseksamens. Dié Raad het in 1918 ontbind (Bezuidenhout, 1983:10).

Die eerste beweging om tegniese en beroepsonderwys onder beheer van die Uniese Departement van Onderwys te kry, was by wyse van artikel 11 van die "Finansiële Verhoudings Vierde Verlenigingswet" (Wet 5 van 1922), wat die Minister van Onderwys gemagtig het om geskikte inrigtings as inrigtings vir hoër onderwys te verklaar en onder sy beheer te neem.

Hierdie Wet het dit moontlik gemaak om tegniese onderwys by hoër onderwys in te skakel, en dit sou nou aangebied kon word by inrigtings wat deur die Minister van Onderwys as inrigtings van hoër onderwys goedgekeur is (Bezuidenhout, 1983:11). Die twyfel wat rondom die afbakening van die onderskeie funksies van die provinsies en die Unieregering ten opsigte van onderwys bestaan het, kon nie deur artikel 11 uit die weg geruim word nie. Tog het die bevoegdheid, wat krágtens hierdie artikel aan die Minister van Onderwys verleen is, in 1922 daartoe gelei dat die Natalse Tegniese Kollege op 1 April 1922 en die Kaapse Tegniese Kollege op 1 Oktober 1922 onder die beheer van die Minister van Onderwys geneem is (Bezuidenhout, 1983:11).

Die volgende fase was die opleiding van vakleerlinge.

In 1922 is daar ook vir die opleiding van vakleerlinge voorsiening gemaak deur die

aanname van die Wet op Vakleerlinge (Wet 26 van 1922). Orr (1932:130) beskryf die vakleerling soos volg:

"The apprentice of today is the Journeyman, the engineer, and the employer of tomorrow, and no one should grudge him all the assistance that can be rendered in the ways suggested to make his arduous path as smooth as possible."

Volgens De Villiers (1948:151) kan vakleerlingskap breedweg omskryf word as :

"die leer van 'n ambag in die werk self onder die leiding van geskoolde werkers, en volgens die spesifikasies wat deur die werkgewers en georganiseerde arbeid in die betrokke ambag voorgeskryf word".

Die Vakleerlingwet van 1922 het verskillende ambagte met nuwe benamings ingebring, byvoorbeeld die telefoon- en telegraafelektrisiën (Goode, 1978:5). Hierdie Wet het van krag gebly totdat dit deur die nuwe Vakleerlingwet van 1944 vervang is. Dié Wet het in Maart 1945 in werking getree (De Villiers, 1948:154).

2.4.4 Tegniese onderwys (1923-1955)

Hierdie gedeelte val saam met fase twee wat in hoofstuk drie bespreek word. In 1923 word die "Hoger Onderwyswet" (Wet 30 van 1923) spesifiek met die oog op die erkenning en subsidiëring van tegniese kolleges en voortsettingsklasse aangeneem. Dit sou beteken dat sekere tegniese kolleges tot hoër onderwysinrigtings verklaar kon word en onder die beheer van die Minister van Onderwys val. Daarvolgens het die rade van tegniese kolleges regs persoonlikheid verkry (Wulfsohn, 1959:44). Meiring (1980:5) is van mening dat hierdie wetlike vordering, waardeur ook regs persoonlikheid verwerf is, 'n mylpaal vir die toekomstige ontwikkeling van die tegniese kolleges

was. In die bemarkingsproses van die tegniese kollege speel dit 'n belangrike rol omdat die belanghebbendes direk met die tegniese kollege kon skakel. Die tegniese kollege kan binne dié raamwerk nou selfstandig optree.

Die Jagger-kommissie van 1916 en die Hofmeyer-kommissie van 1923 het belangrike uitsprake gelewer in verband met die oorvleueling van die onderskeie funksies van die provinsies asook met die Unie-onderwysdepartement. Die Jagger-kommissie se voorstel was om die provinsiale stelsel af te skaf en dit deur distriksrade te vervang, wat ook primêre en sekondêre onderwys, insluitende tegniese onderwys, sou beheer (Wulfsohn, 1959:46).

Die Hofmeyer-kommissie se aanbevelings was soos volg:

- a die provinsiale administrasie sal onmiddellik beheer aanvaar oor alle onderwys en hulle sal in die uitvoering van pligte deur die staat ondersteun word; en
- b een Unieraad van Onderwys sal ingestel word, met gesag om die onderwysbevrediging van die vier Provinsiale Administrasies te koördineer.

Die aanbevelings van die Hofmeyer-kommissie is bespreek, en daar is téén die instelling van 'n Unie-onderwysraad besluit. Gevolglik kon die beroepsonderwys ook nie aan die onderskeie provinsies toegedeel word nie. Dit sou die bemarking van beroepsonderwys benadeel het omdat daar 'n oorvleueling van funksies was.

Die oorvleueling van die funksies van die Unie-onderwysdepartement en van die provinsies ten opsigte van onderwys in die algemeen, en beroepsonderwys in besonder, het steeds voortgeduur. Dit was 'n belangrike saak vir bespreking tydens 'n konferensie wat in Oktober 1924 in Durban gehou is (Bezuidenhout, 1983:11-12).

Die Minister van Finansies, Sy Edele Sir Thomas Orr, bygestaan deur dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys, het met die provinsiale administrateurs samesprekings gevoer. Ten spyte van sterk teenstand is die Hofmeyer-kommissie se aanbevelings aanvaar. Daardeur is alle inrigtings vir tegniese, industriële en beroepsonderwys na die Unie-onderwysdepartement oorgeplaas. Dit sou die bemerking van tegniese en beroepsonderwys bespoedig het.

Hierdie besluit het die volgende jaar as Wet 43 van 1925 beslag gekry. Altesaam 72 inrigtings vir tegniese en beroepsonderwys, insluitend sewe tegniese kolleges, het hierdeur onder sentrale beheer gekom. Hierdie sewe tegniese kolleges was die kolleges van Kaapstad, Oos-Londen, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria, die Witwatersrand en Durban.

Tegniese kolleges, wat as semi-outonome inrigtings gefunksioneer het, is elk deur 'n kollegeraad beheer. Volgens Malherbe (1977:170) het kollegerade 'n belangrike rol gespeel in die verdere ontwikkeling van tegniese kolleges:

"The college councils were probably the most significant aspect of the 1923 Higher Education Act, because the degree of autonomy which these councils enjoyed attracted the leaders of industry and commerce and all the professions - lawyers, doctors, educationists, ministers of religion."

Die gemeenskap, wat bewus geraak het van die behoefte aan tegniese kolleges, het ook 'n rol gespeel in die ontwikkeling van hierdie instellings, veral in die vorm van donasies. Dit het die tegniese kolleges 'n bemerkingstrategie gegee wat besonder belangrik is.

Wet 43 van 1925 het 'n era ingelei waarin plaaslike owerhede, kamers van nywerhede, kamers van koophandel, professionele organisasies en individue deur die beskikbaarstelling van fondse 'n belangrike rol in die stigting en uitbouing van tegniese kolleges begin speel het. Deur te belê in die vooruitgang van tegniese kolleges is verseker dat daar voldoen sou word aan die spesiale behoeftes en markeise wat as gevolg van geleidelike industrialisasie in Suid-Afrika ontstaan het. As gevolg van die geleidelike industrialisasie het daar op die gebied van die opleiding van vakleerlinge verdere ontwikkeling plaasgevind.

Die Vakleerlingwet (Wet 37 van 1944) het in Maart 1945 in werking getree. Kragtens dié Wet is 'n Nasionale Vakleerlingraad met toesighoudende en aanbevelingsbevoegdhele ingestel. Dit het daartoe bygedra dat die vakleerlingstelsel wyer toepassing gekry het en gevolglik meer effektief gefunksioneer het. Die doel van die Wet was om opleiding en diens van vakleerlinge en minderjariges in sekere nywerhede te reël. Op daardie tyd was die onderwyspeil vir toelating tot 'n vakleerlingskap standerd sewe of hoër, na gelang van die ambagsrigting wat gekies is; die leerling moes ook minstens 15 jaar oud wees. Dit het die standaard van opleiding verbeter. Die gevolg is dat indringender na die tegniese kolleges gekyk is. Dit was beslis 'n vooruitgang.

Verder is bepaal dat die opleiding van 'n vakleerling tussen twee en 'n half en vyf jaar kan duur. Die duur van die meeste vakleerlingskappe was egter vier jaar. As gevolg van die instelling van hierdie Wet was daar 'n vinnige styging in die getal vakleerlinge wat klasse aan tegniese kolleges en goedgekeurde korrespondensiekursusse van die Witwatersrandse Tegniese Kollege gevolg het (De Villiers, 1948:151). Dié styging met die nodige vooruitgang wat gekom het, was van die grootste belang gewees.

Tydens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het 'n aansienlike behoefte aan intensiewe tegniese opleiding ontstaan. Suid-Afrika se geïsoleerdheid, poneer Naude (1981:29), het die ontwikkeling van tegniese vaardigheid vir die produksie en instandhouding van oorlogstuig 'n dringende prioriteit gemaak.

Duisende studente is in samewerking met die Unie-onderwysdepartement met behulp van spesiale kursusse met 'n duur van 24 weke in ambagte opgelei. Die "Central Organisation for Technical Training" (COTT) het tot stand gekom om 'n bydrae tot die oorlogspoging te lewer. Teen 1940 is daar vir 5 000 mense fasiliteite geskep om binne 24 weke as passers, masjienoperateurs, sweisers, grofsmede, elektrisiëns en plaatmetaalwerkers opgelei te word. Teen die einde van 1942 was die basiese opleidingsprogram voltooi en is COTT, behalwe in Johannesburg en Durban, toe ontbind. Behalwe die aanleer van ambagte moes die vakleerlinge ook klasse in Wiskunde, Wetenskap, Tekene en 'n toepaslike vakteorie bygewoon het. Aanvanklik was die bywoning van aandklasse baie swak, maar dit het baie verbeter toe 'n paar instansies hulle vakleerlinge toegelaat het om een middag per week klasse by te woon. Die verbetering van die bywoning van aandklasse het verder ontstaan as gevolg van die bemarking van aandklasse.

Die Wet op die Opleiding van Ambagsmanne (Wet 38 van 1951), maak voorsiening vir die opleiding van meerderjariges wat nie die geleentheid gehad het om 'n vakleerlingskap te bekom nie. Volgens Wulfsohn (1959:56) is die Wet aangeneem om:

"verdere voorsiening te maak vir die opleiding van ander persone dan minderjariges as ambagsmanne waar daar 'n ernstige tekort aan ambagsmanne bestaan, vir die erkenning van geskoolde persone as ambagsmanne, en vir daarmee in verbandstaande aangeleenthede".

Die meeste van die kwekelinge was ongeskoolde en halfgeskoolde werkers wat nie as jeugdige geleentheid gehad het om as ambagsmanne opgelei te word nie as gevolg van armoede en swak huislike omstandighede.

Na aanleiding van die bevindinge van die De Villiers-verslag het die Wet op Beroepsonderwys in werking getree en dit word vervolgens bespreek.

Nadat 'n ondersoek gedoen is na tegniese en beroepsonderwys in die Unie, het die De Villiers-verslag in 1948 verskyn. Die doelwit van hierdie ondersoek was nie net herstel- en opknappingswerk nie, maar ook die uitbreiding en modernisering van die bestaande struktuur (De Villiers, 1948:1).

Behr en Macmillan (1971:203) definieer beroepsonderwys as:

"designed to meet the specific demands of a particular occupation or group of occupations".

Haasbroek (1981:1) sluit hierby aan as hy beweer:

"Vocational education can be described as that part of education that prepares a person for a productive career in a particular field of endeavour and for life in general."

Volgens Van Zyl (1972:44) is die Wet op Beroepsonderwys (Wet 70 van 1955) na aanleiding van die bevindinge van die De Villiers-verslag in werking gestel.

Die implikasies hiervan was soos volg:

- a die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sou alle outonome tegniese kolleges as volle staatsinstellings oorneem;

- b na gelang die inrigtings oorgeneem word, sou voltydse gratis beroepsleiding aan tegniese kolleges tot op matrikulasiepeil verskaf word; en
- c beroepsonderwys sou onder die direkte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap val (Wulfsohn, 1959:58).

Alle beroepsonderwys, behalwe dié wat aan betrokke industriële of handelondernemings verbonde was, het onder direkte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gekom (Nel, 1959:75). Buiten duidelike definisies van handels-, huishoudkunde en tegniese beroepsonderwys, het Wet 70 van 1955 ook 'n beperkende omskrywing gegee van die beroepsonderwys wat wel aan provinsiale skole aangebied mag word. Die werkterrein van die provinsies en van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ten opsigte van tegniese beroepsonderwys is toe duidelik afgebaken.

Dit was egter noodsaaklik om beroepsonderwys op 'n nasionale grondslag te organiseer. Dit sou baie meer doeltreffend wees indien elke tegniese kollege nie poog om elke beskikbare kursus aan te bied nie. Naudé (1981:30) verduidelik dit so:

"Die rade wat in beheer van kolleges was, was nie altyd bewus van die behoeftes van die land in sy geheel nie en ook nie in staat om vanuit 'n nasionale oogpunt te bepaal watter geriewe die dringendste is en voorkeur behoort te geniet nie."

Aan die einde van 1955 is voorsiening daarvoor gemaak dat beroepsonderwys onder direkte of indirekte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geplaas word. Die gesubsidieerde inrigtings wat deur die besluit geraak is, het

ingesluit 9 tegniese kolleges, insluitende as onderafdelings 20 hoër handel- en sekretariële skole, 13 hoër tegniese skole, 7 kunsskole, 5 gevorderde huishoudskole, 4 aptekerskole, 3 musiekskole, 1 skool vir gesondheidsinspekteurs en 28 sentra vir deelydse onderwys (Bezuidenhout, 1983:18). Geleidelik het feitlik alle formele beroepsonderwys onder die direkte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geval:

2.4.5 Tegniese onderwys (1956-1967)

Hierdie gedeelte val saam met fase drie wat in hoofstuk drie bespreek word. Dit is van belang om allereers aandag aan die ontwikkeling van die opleiding van tegnici te skenk omdat dit bepalend vir die toekoms van gevorderde tegniese onderwys in Suid-Afrika was.

Alvorens spesifieke aandag aan die ontwikkeling van tegnisi-opleiding geskenk word, is dit nodig om die begrip "tegnikus" te definieer. Van Zyl (1965:174) omskryf 'n tegnikus se pligte só:

"Die werk van die tegnikus lê tussen dié van 'n geskoolde vakman en 'n professionele ingenieur of tegnoloog. Sy tegniese kennis stel hom in staat om baie van die werk te doen wat vroeër aan professionele ingenieurs toevertrou is. Hy kan ontwerp, koste bereken, spesifikasies uitskryf, produksie organiseer en die nodige toetse uitvoer. Hy kan die taal van die ingenieur praat en verstaan en dus maklik met hom saamwerk."

Weens die onmoontlikheid daarvan om al die tegniese kolleges dadelik by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in te skakel, het dit met die verloop

van 'n aantal jare geskied. Tegniese onderwys op tersiêre vlak is tot 1957 slegs deelyds aangebied en tegnisi word slegs sedert 1957 in Suid-Afrika opgelei (Van Zyl, 1965:36). Meiring (1980:5) verduidelik hierdie situasie op die volgende wyse:

"Up to 1957, technical education at the post high school level had thus been of a part-time nature and mainly restricted to the engineering disciplines."

As gevolg van 'n konferensie in 1956, byeengeroep deur die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, is 'n aanvang gemaak met voltydse tegniese onderwys op 'n semesterstapelkursusgrondslag wat gelei het tot die Nasionale Diploma vir Tegnisi (Goode, 1978:6). Die stapelkursus verwys na 'n program van onderwys en opleiding waarvolgens die student een helfte van die jaar klasse bywoon en die res van die jaar werk in 'n toepaslike beroep om sodoende sy praktiese kennis uit te brei. Hierdie stelsel van stapelkursusse vir die Nasionale Diploma vir Tegnisi is veral by vier tegniese kolleges, naamlik Kaapstad, Durban, Johannesburg en Pretoria ontwikkel, en die persentasie namatrikulasievlak-werk het steeds begin toeneem. Sekere vakleerlinge wat voor 1957 die Nasionale Ingenieursdiploma behaal het, of in ander teoretiese vakke geslaag het, is as tegnisi aangestel.

Alhoewel die voorsiening van tegnisi op verskillende vlakke 'n belangrike funksie van tegniese kolleges geword het, het uitbreiding ten opsigte van ander voorsiening ook begin toeneem (Bezuidenhout, 1983:19). Tegniese kolleges het 'n politegniese karakter begin aanneem. Die kolleges is politegnies van aard in dié sin dat hulle 'n verskeidenheid van veral tegniese en handelskursusse op 'n voltydse of deelydse basis aanbied (RGN, 1984:1).

"The word technical in their new title is perhaps misleading since the colleges are, in fact, more "Polytechnic" in character, which implies that they are devoted to tertiary education in a wide ranging selection of programmes and courses, including many aspects of engineering, art, pharmacy, commerce, home economics and other fields" (Shippey, 1973:314).

Vordering op die gebied van tegnologie het nie net nuwe eise aan tegnisi begin stel nie; die opleidingsentra moes noodwendig aangepas word deur beter toegeruste fasiliteite daar te stel. Hierdie innovering moes veral aan die verwagtinge van personeel en studente voldoen. Die regering het by wyse van 'n ruim subsidie modernisering en aanpassing aangemoedig, veral aan tegniese kolleges wat in 'n toenemende mate tersiêre onderwys verskaf het (Bezuidenhout, 1983:21). Vooruitgang in hierdie verband blyk uit die 1967-verslag van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap:

"Tegnisi-opleiding maak bestendige vordering. Die aansienlike belegging in moderne laboratoriums toon 'n verblydende dividend. Personeel en studente is besig om geredelik aan te pas by die steeds groter wordende uitdaging van die snelle klemverskuiwing op die omvangryke gebied van die tegnologie." (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967:7.)

Met die klem op tegnisi-opleiding en uitbreiding het die groot tegniese kolleges hulle daarvoor beywer dat afsonderlike voorsiening by eiesoortige opvoedkundige inrigtings gemaak word vir nietersiêre onderwys, tegniese onderwys en beroepsonderwys. Op hierdie wyse is daar apart voorsiening gemaak vir die opleiding van vakmanne, en die groter tegniese kolleges is nou hoofsaaklik toegespits op gevorderde tegniese onderwys.

n Aantal wette wat betrekking het op tegniese onderwys het in dié tydperk verskyn.

a Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid

Deur middel van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) is daar vir die eerste keer n nasionale onderwysbeleid vir alle blankes daargestel. Die Nasionale Adviserende Onderwysraad is in gewysigde vorm geherstruktureer en die Komitee van Onderwyshoofde is as n statutêre liggaam gevestig. Koördinasie van onder andere leerplanne, kursusse, eksamenstandaarde en navorsing, sou op nasionale grondslag bewerkstellig word.

Daar is ook bepaal dat onderwys n Christelike en nasionale karakter moet hê, gratis aan skoolpligtiges beskikbaar gestel moet wees, en ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge en die behoeftes van die land verskaf moet word. Verder is bepaal dat daar gepaste voorligting aan die leerlinge voorsien moet word, en dat daar aan die ouergemeenskap n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word. Die beginsel van eenvormige diensvoorwaardes vir onderwyspersoneel is ook aanvaar.

b Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys

Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 40 van 1967) het voorsiening gemaak vir die instelling van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en vir die beheer, administrasie en bestuur daarvan, asook vir verbandhoudende aangeleenthede. Meiring (1980:5) poneer:

"Through normal evolution it thus came as no surprise when in 1967 the Advanced Technical Educational Act was passed."

Hierdie Wet was van besondere belang vir die toekomstige verloop van tegniese

onderwys in Suid-Afrika omdat dit amptelik voorsiening gemaak het vir die instelling van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys. Paragraaf 4(1) van die Wet bepaal:

"Die Kaapse Tegniese Kollege, Natalse Tegniese Kollege, Pretoriase Tegniese Kollege en Witwatersrandse Tegniese Kollege, word vanaf 1 April 1968, onder hulle onderskeie benaminge, geag kolleges vir gevorderde tegniese onderwys wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees" (Bezuidenhout, 1983:23).

Ná die inwerkingtreding van die Wet kon kolleges vir gevorderde tegniese onderwys slegs heeltydse kursusse vir studente in besit van standerd tien of 'n gelykwaardige kwalifikasie aanbied. Verskeie vakke en kursusse is aangebied en na voltooiing daarvan kon studente nasionale diplomas verwerf.

"In addition they also provided teacher training programmes in art, commerce, home economics, technology and nursery school education" (Naudé, 1973:104).

Hierdie Wet het ook deur middel van status en vermoënsregtelike bevoegdheid meer outonomie aan die kollegerade van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys gegee. Die veranderings wat deur hierdie Wet teweeggebring is, het tot 'n positiewe beeldverandering van hierdie inrigtings gelei.

Twee departementele kolleges wat voorlopig onder beheer van die Departement gebly het, het ook later outonome staatsondersteunde instellings onder die bepalinge van hierdie Wet geword: op 1 September 1968 die Port Elizabethse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys (Port Elizabeth Technikon, 1982:6) en op 1 April 1972 die Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys (Vaaldriehoekse Technikon, 1985:6).

Die instelling van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys het dus 'n staanplek vir tegniese onderwys op 'n tersiêre vlak verwerf. Dit is 'n erkenning van die besondere aard van hierdie tipe hoër onderwys. Shippey (1973:318) stel dit soos volg:

"It will be more advantageous to have to work beyond the limits of high schools, but not to university standard, conducted by semi-autonomous institutions."

Volgens Bezuidenhout (1983:24) kan universiteite nie voorsien in die steeds groeiende vraag na tegnisi en gelykwaardige poste nie, omdat hulle benadering hoofsaaklik akademies, suiwer wetenskaplik en abstrak is. Daarteenoor is die beroepsgeoriënteerde, praktykgerigte programme van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys besonder geskik vir die onderwys en opleiding van persone wat hierdie vlak van opleiding verkies.

Eksteen (1978:14) som die behoefte aan interaksie tussen universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys soos volg op:

"There is a need for more formal extensive and planned co-operation and interaction between the universities and the College of Advanced Technical Education. The rigidity in the field of tertiary education, which is due to a tendency towards compartmentalisation, should gradually be replaced by flexible co-operation and interaction, with the paramount aim of training every boy and girl to his or her full potential."

c Die Wet op Onderwysdienste

In 1967 het die Wet op Onderwysdienste (Wet 41 van 1967) 'n nuwe omskrywing van hoër onderwys gegee. Die Wet het verder bepaal dat alle beroepsgerigte sekondêre onderwys op 1 April 1968 aan die provinsies oorgedra moet word. Hierdeur is die verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys beëindig. Die 1974-jaarverslag van die Departement Nasionale Opvoeding het beweer dat die tegniese institute in wese die buiteposte van die Departement is, veral ten opsigte van die verskaffing van geriewe vir onderwys aan volwassenes. Die feit dat daar veral op kulturele ontwikkeling en voortgesette onderwys in tale en in handels- en tegniese vakke toegespits is, het die simbiose geregtig. Die institute is ook die opvoedkundige inrigtings waardeur tersiêre onderwys dikwels in sentra ingevoer word.

2.4.6 Tegniese onderwys na 1967

Hierdie gedeelte val saam met fase vier wat in hoofstuk drie bespreek word.

a Inleiding

Na aanvaarding van Wet 40 van 1967, die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, is daar begin met 'n vernuwingsprogram van leerplanne aan die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (KGTO's). Hoofde van KGTO's was van mening dat sommige kolleges moes begin om graadkursusse aan te bied en dat die KGTO's na tegnologiese universiteite moes verander. Om die tersiêre status van die kolleges te weerspieël, was daar 'n sterk beweging om die betiteling KGTO te verkort of te verander. Aspinall (1974:22) stel dit soos volg:

"The general opinion held by colleges is that the existing title 'College of Advanced Technical Education' is too unwieldy and should be replaced by a name as 'College of Technology', 'College of Advanced Education', 'Polytechnic'."

b Die Van Wyk de Vries-verslag

Sedert die aanvaarding van Wet 40 van 1967 het daar nie veel gebeur ten opsigte van die ontwikkeling van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys nie. Die volgende belangrike stap was die ondersoek na die universiteitswese wat in 1974 deur die Van Wyk de Vries-kommissie geloods is. Deur hierdie kommissie se formulering van die rol van KGTO's is daar 'n belangrike mylpaal in tersiêre onderwys in Suid-Afrika bereik.

Die Van Wyk de Vries-kommissie het in die verslag tot die gevolgtrekking gekom dat die aard, rigting, oogmerk en metode van tegniese onderwys van dié van universitêre onderwys verskil. Die onderskeid tussen die universiteit en die KGTO lê, na die mening van die kommissie, in hulle verskillende funksies, en die funksies bepaal die posisie wat elkeen op die gebied van tersiêre onderwys beklee. Dit gaan nie hier om 'n streng afbakening van grenslyne nie, maar wel om 'n differensiering van die onderskeie funksies van die universiteit en die KGTO. Die kommissie verkies dit om te praat van die 'posisie' van die universiteite en die KGTO op die gebied van tersiêre onderwys, omdat die woord 'plek' die suggestie van 'n bepaalde omgrensde terrein inhou (Van Wyk de Vries, 1974:331).

Sowel die universiteit as die KGTO beweeg op die gebied van die tersiêre onderwys, waar elkeen sy spesifieke funksie uitoefen. In hierdie sin is dit verkeerd om te sê dat die KGTO 'n posisie beklee tussen die sekondêre skoolopleiding en die universitêre opleiding. Die KGTO het geen plafon nie en kan uitstyg sover as wat sy funksie hom toelaat. Om hierdie rede het die Van Wyk de Vries-kommissie die idee van horisontale skeidslyne tussen die universiteit, die KGTO en die sekondêre skool verwerp. Hulle het dit as kunsmatig beskou (Van Wyk de Vries, 1974:330). Daar is slegs een horisontale skeidslyn, naamlik: om tot 'n universiteit toegelaat

te word, moet matrikulasievrystelling verwerf word, en om tot 'n KGTO toegelaat te word, moet 'n kandidaat in besit van 'n matrikulasiesertifikaat wees. Waar dit gaan om die verskaffing van tegniese onderwys aan persone wat nie matrikulasievrystelling behaal het nie - op die vlak tussen die sekondêre skool en die universiteit - kan daar wel van horisontale skeidslyne gepraat word, maar sprake van skeidslyne moet vermy word by die oorweging van die onderskeie funksies van die universiteit en die KGTO.

In 2.3.4 is reeds breedvoerig verwys na die wese en funksies van die universiteit. Samevattend kan gesê word dat 'n universiteit hoofsaaklik op 'n abstrakte en suiwer akademiese benaderingswyse gerig is, veral waar dit gaan om die oorweging van fundamentele beginsels.

Die wese en funksie van die KGTO's is nie deur die kommissie ontleed nie, omdat die ondersoek gerig was op die universiteitswese. Die omskrywing van die funksie van die KGTO is gevolglik beperk tot wat in Wet 40 van 1967 staan en tot wat die KGTO self aan die kommissie voorgelê het. Van Wyk de Vries (1974:333-334) noem die volgende twee sake ten opsigte van die wese en funksie van die KGTO:

"om gevorderde tegniese onderwys ... wat die Minister bepaal, te verskaf"

asook om gevorderde tegniese onderwys te verskaf, dit wil sê:

"Hoër onderwys binne die bedoeling van Artikel 17 van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet no. 38 van 1945) deur die Ministers goedgekeur."

Uit die voorlegging van die Vereniging van Kolleges vir Gevorderde Tegniese

Onderwys (Van Wyk de Vries, 1974:334) word die volgende as beskrywend van die funksie van die KGTO voorgehou:

"Ons land het mense nodig met 'n redelike goeie kennis van die wetenskap en tegnologie, maar wat met altwee voete in die nywerheid staan, sodat hulle in staat sal wees om die moontlike toepassings van die wetenskap vinnig te visualiseer, en om die middele te ontwikkel en die produksie daar te stel vir hierdie toepassing. Die kolleges konsentreer daarop om by die student 'n gesindheid en uitkyk te ontwikkel wat hom by uitstek 'n praktiese mens maak wat sy kennis ten volle sal toepas en derhalwe 'n regstreekse bydrae tot die ekonomiese lewe van die gemeenskap maak."

Hierdie differensiering van die funksies van die universiteit en die KGTO het, volgens Van Wyk de Vries (1974:335), belangrike implikasies omdat dit die kwessie van mededinging en oorvleueling tussen die twee instansies uitskakel. Elkeen se werksaamhede word deur sy eie funksie bepaal en omgrens.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Van Wyk de Vries-kommissie en die daaropvolgende verslag 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys in Suid-Afrika, aangesien die posisie van die KGTO op die gebied van tersiêre onderwys duidelik deur hierdie kommissie omskryf is.

c Die Goode-verslag

'n Verdere bydrae tot die ontwikkeling van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys is gelewer deur die aanbevelings van die Goode-komitee, wat in 1975 aangestel is. Hierdie komitee moes ondersoek instel na en verslag doen oor opleiding, gebruik

en die status van ingenieurstechnici in die Republiek van Suid-Afrika. Die verslag is in 1978 voltooi.

Die hersamestelling van tegnologiese kursusse ten einde voorsiening te maak vir 'n betekenisvolle toekenning na drie jaar van onderrig op die halfjaarlikse stapelkursusbasis, was van die belangrikste aanbevelings van die Goode-komitee (Goode, 1978:21-37). Hierdie kursus behoort te lei tot die toekenning van die Nasionale Diploma, en ná verdere studie en indiensopleiding van 'n jaar, behoort studente vir die Hoër Nasionale Diploma (HND) te kwalifiseer (Goode, 1978:35).

Dit sou beteken dat die Hoër Nasionale Diploma die destydse vierjarige Nasionale Diploma vir ingenieurstechnici sou vervang. Daar is ook aanbeveel dat ná die verwerwing van die Nasionale Hoër Diploma, die Nasionale Diploma in Tegnologie (Dip. Tech.) en daarna die Nasionale Laureatus in Tegnologie (Laur. Tech.) aangebied moes word (Goode, 1978:35).

Die terugskakeling na die halfjaarstapelkursusstelsel vir die T-stroomkursusse en die herinstelling van die aparte N-stroom waardeur die trimesterpatroon vir gevorderde vakleerlinge by tegniese kolleges behoue kan bly, asook die strukturering van die kursusse van dié twee strome, het tot gevolg gehad dat daar gerieflike brûe van die een na die ander gelê kon word (Goode, 1978:31).

Verder het die komitee doelgerigte opleiding aanbeveel vir die tegnoloog in die ingenieursektor. Dit het ingesluit die ambagsman, tegnikus, tegnoloog en gegradueerde ingenieur. Die standaard van die tegnoloog se opleiding behoort besonder hoog te wees en besondere klem moet op die praktiese aanwending van ingenieursbeginsels val (Goode, 1978:11).

Die ondersoek van die komitee het ook gelei tot die identifisering van verskillende strome van opleiding, naamlik:

- i die N-stroom wat voorsiening maak vir die vakleerling of ambagsman (wat aan 'n tegniese kollege opgelei kan word);
- ii die T-stroom wat voorsiening maak vir die tegnikus en die tegnoloog (wat aan 'n KGTO opgelei kan word); en
- iii die gegradueerde professionele ingenieur (wat aan 'n universiteit opleiding ontvang) (Goode, 1978:31-35).

Die Goode-komitee het verder klem gelê op die volgende:

- * die noodsaaklikheid van die verbetering van die kwalifikasies van personeel by KGTO's;
- * die behoefte aan meer doeltreffende onderrig, wat moes saamhang met die beter toerusting van laboratoriums en ander onderwysgeriewe; en
- * die opstel van programme wat as riglyne vir werkgewers vir die praktiese of indiensopleiding van tegnisi behoort te dien (Goode, 1978:29).

Verder is daar uitgewys dat salarisse en diensvoorwaardes van personeel gereeld aangepas moet word om 'n mededingende posisie te handhaaf en 'n hoër standaard van onderwys en opleiding te verseker. Daar moet ook oorweging aan die uitbreiding van interne eksamens vir KGTO's deur 'n sentrale erkenningsliggaam gegee word (Goode, 1978:30).

Die komitee het ook 'n toepaslike naam vir kolleges vir gevorderde tegniese onderwys aanbeveel, omdat laasgenoemde benaming as te lank en lomp beskou is (Goode, 1978:4). As eerste keuse is die benaming "Instituut vir Tegnologie" aanbeveel, en as tweede keuse die benaming "Technicon".

d Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys word technikons

'n Verdere stap in die ontwikkeling van KGTO's het plaasgevind met die aanvaarding van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, waarvolgens die benaming "Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys" na **technikons** verander is.

Diegene betrokke by kolleges vir gevorderde tegniese onderwys het deurentyd gepoog om 'n meer raak naambeskrywing vir hierdie instansies te gee, selfs na die aanvaarding van die Wet. Voorstelle deur die Vereniging van KGTO's aan die Departement van Nasionale Opvoeding, wat noukeurige oorweging geniet het, het name ingesluit soos: "Institutes of Technology", "Colleges of Technology" en "Academy of Technology" (Bezuidenhout, 1983:31). Kotze (1980:9) beskryf die ontstaan van die woord "technikon":

"The Goode Committee suggested "Technion" but when the Department of National Education consulted the Bureau of Terminology, they were informed that the ending ion in a word of Greek origin indicates the diminutive. The Bureau suggested 'Technikon' a Greek noun which denotes anything connected with technique or technology, as well as art. So Technikon it was."

Voortspruitend uit die nuwe status wat die naam 'technikon' meegebring het, is daar in die laaste jare gepoog om die beeld van technikons te verbeter.

"During the last few years, considerable attention has been given to increasing the status and numbers of technikons in order to promote vocational education in technical fields after std. 10" (Haasbroek, 1981:8).

Technikons het ontstaan om 'n noodsaaklike aanvullende funksie tot universiteite op tersiêre onderwysvlak te vervul. As betreklik nuwe instellings was dit noodsaaklik dat die teknikons 'n duidelike beeld daar moes stel om so 'n eie karakter te vestig. Die belangrikste element wat teknikons moes uitlig, was dat teknikons in 'n behoefte voorsien het. Dit het die klem van die beeldbouaksie geword.

2.5 DIE AARD VAN DIE TECHNIKON

Na die voorafgaande oorsig van die ontwikkeling van die technikonwese in die Republiek van Suid-Afrika word daar nou verder aandag aan die eie aard van die technikon geskenk.

2.5.1 Die beheerstruktuur van die technikon

Soos reeds in 2.3.5 genoem is 'n technikon 'n outonome instelling met 'n eie regs persoonlikheid wat self beheer oor die finansies, eiendom en werksaamhede uitoefen. 'n Technikon word beheer deur 'n technikonraad, wat bestaan uit die rektor, persone wat deur die verantwoordelike Minister benoem word, asook verteenwoordigers van plaaslike bestuur, donateurs, die handel en nywerheid en oudstudente (Komitee van Technikonhoofde, 1986).

Interne bestuur setel by die rektor en die bestuurskomitee (bestaande uit die viserektore en registrateur) en word bygestaan deur 'n akademiese raad asook die

personeel van die technikon. Die akademiese raad van die technikon bestaan uit rektor, viserektore, registrateur, twee raadslede en 'n aantal lede van die akademiese personeel. Hierdie raad organiseer en beheer die onderrig van en die beheer oor studente, bedien die raad van advies en doen aanbevelings aan die raad oor akademiese aangeleenthede (Jacobs, 1988:107).

Personeel van die technikon bestaan uit akademiese personeel, administratiewe personeel en tegniese personeel. Die volgende inligting is aan die navorser oorgedra deur die registrateur van die Vaaldriehoekse Technikon.

Die akademiese personeel bestaan uit 'n direkteur van 'n spesifieke skool, byvoorbeeld die direkteur van die Skool vir Meganiese Ingenieurswese, en departementshoofde, senior lektore en lektore. Die administratiewe personeel bestaan uit 'n registrateur, rekenmeesters, administratiewe beamptes en tiksters. Skryfwerkers, elektrisiëns en ketelmakers word as tegniese personeel beskou.

Alhoewel die bestaansreg van teknikons reeds deur 'n fenomenale groei bewys is, is dit tog belangrik dat hierdie betreklik nuwe instellings 'n duidelike beeld en eie karakter moet vestig (kyk tabel 1.1).

Daarvoor is finansiële hulp nodig. Ten opsigte van goedgekeurde bouprojekte dra die staat 85 persent van die uitgawes verbonde aan die delging van lenings en rente by. Voorts subsidieer die staat ook volgens 'n bepaalde formule tussen 80 en 90 persent van alle lopende uitgawes. Teknikons moet 'n gedeelte van hul kapitale uitgawes by wyse van befondsing en uit skenkings wat hulle van die privaatsektor kry, dek. Lopende uitgawes ten opsigte van koshuise word nie gesubsidieer nie.

2.5.2 Doelwitte en funksies van teknikons

Die hoofdoelwit van die technikon is toegepaste wetenskapsbeoefening: om met inagneming van die mannekragbehoefte van die land onderrig en opleiding op tersiêre onderwysvlak te verskaf ten einde tegnologiebeoefening moontlik te maak (Komitee van Technikonhoofde, 1986). Volgens Naudé (1981:28) beklee die technikon nie 'n posisie tussen die sekondêre en die universitêre inrigting nie.

Die belangrikste funksies, soos genoem deur die Komitee van Technikonhoofde (1986), kan soos volg saamgevat word:

- a Die technikon streef dit na om kennis te bevorder, maar is veral gesteld op die toepassing van kennis. Daarom is die ontwikkeling en beskikbaarstelling van middele vir die toepassing van kennis ook 'n doelwit van die technikon.
- b By die technikon word gekonsentreer op beroepsonderwys, wat noodwendig sterk op die praktyk steun. As gevolg van snelle vooruitgang op die wetenskaplike en tegnologiese gebied is interaksie tussen beroepsonderwys en die praktyk noodsaaklik. Om hierdie rede bestaan daar eensyds 'n hegte verhouding tussen die teknikons en die handel, en andersyds tussen die nywerheid en ander owerheidsektore.
- c studente aan 'n technikon word deur koöperatiewe onderwys, dit wil sê 'n kombinasie van studie en praktiese werksondervinding, vir beroepsukses voorberei. Daar word voortdurend met die praktiese werksituasie in aanraking gekom. Dit geskied deurdat die studente se studie aan die technikon afwissel met 'n toepassing in die bedryf van kennis en vaardighede wat die studente tydens die formele opleiding verwerf het. Ses maande word by die technikon gestudeer en ses maande in die bedryf gespandeer.

- d As onderwysinrigting het die technikon ook die taak om die student op psigiese, sedelike, kulturele, sosiale en fisieke gebied te vorm en op te voed, sodat die student as ewewigtige mens die verantwoordelikheid van 'n profesie kan aanvaar.

- e Die technikon het, vanweë die toegepaste wetenskapsbeoefening, uiteraard ook 'n taak om toegepaste en ontwikkelingsnavorsing uit te voer. Volgens Meerkotter en Van Ede (1982:16) wil dit voorkom asof daar 'n skeiding tussen die universiteit en die technikon ten opsigte van navorsingsaktiwiteite en die toesegging van verskillende navorsingsfunksies bestaan. Nouer samewerking tussen die twee instansies is noodsaaklik, omdat daar 'n funksionele samehang tussen fundamentele navorsing andersyds, en toegepaste navorsing andersyds, bestaan.

- f Die technikon het ook 'n besondere taak ten opsigte van ontwikkeling aangesien die verworwe kennis aangewend moet word om dienste, prosesse, stelsels, materiale, produkte of toestelle te ontwerp, te evalueer en met die oog op implementering en/of vervaardiging aan te pas. In oorleg met die georganiseerde handel en nywerheid bied die technikon ook toepaslike kort- én intensiewe kursusse aan. Heropleiding is ook hierby ingesluit.

2.5.3 Die belangrike rol van teknikons

Die bemarking van teknikons is van groot belang in die belangrike rol wat teknikons speel in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Elke volk het 'n eie besondere onderwysstelsel wat as gevolg van bepaalde omstandighede ontwikkel het. Alhoewel elke nasionale onderwysstelsel uniek is, is dit nogtans gekoppel aan 'n erkende

onderwyspatroon. Daarbenewens het elke onderwyspatroon eie opvoedkundige doelstellings (Steyl, 1987:2). Die technikon berei studente vir spesifieke loopbane voor. Clase (in Anon., 1986:1) sê dat daar denkers binne die tegnologie nodig is, persone wat doelmatig probleme binne die beroepsituasie kan aanpak en oplos. Technikons moet die leiding neem om die denkers op dié vlak op te lei; die wetenskap moet vir ekonomiese gewin geëksploiteer word.

Die kweek van gesonde houdings en gesindhede, wat die student ook 'n nuttige, gebalanseerde mens in die gemeenskap sal maak, word deeglik tydens opleiding beklemtoon. Hierdie vormende komponent van technikononderwys behoort neerslag te vind in die onderrig van die verskillende vakke, maar moet veral geskied deur studente by sport en kulturele aktiwiteite te betrek (Botha, 1987:15).

Die hoogs kompeterende buitewêreld én die hoë eise wat aan persone in verantwoordelike posisies gestel word, noodsaak 'n totaliteitsopleiding. Volgens Steyl (1984:2) kan 'n mens verwag dat die tempo, uitdagings en eise van die lewe steeds sal toeneem en daarom sal beter opleiding en toepaslike kwalifikasies in die toekoms 'n al hoe groter rol speel.

Dit is voor-die-hand-liggend dat toekomstige tegnologiese en gemeenskapsleiers in toenemende mate deur die teknikons gelewer sal word, net soos kulturele, sosiale en politieke leiers tradisioneel via die universiteite gekom het. Die technikon het 'n uiters belangrike rol in dié opsig (Steyl, 1987:3).

2.5.4 Kursusse en toekennings aan teknikons

Die onderrigprogramme wat deur teknikons aangebied word, het volgens die Komitee

van Technikonhoofde (1986) die volgende kenmerke:

- a Die beoefening van wetenskap en kuns is hoofsaaklik op die praktyk gerig. Daardeer word kreatiewe denke en ook beroepsgereedheid bevorder.
- b Die leerinhoude is funksioneel, en hou met die proses sowel as die produk verband. Dit word moontlik gemaak deur die technikon se voortdurende skakeling met die nywerheid. Koöperatiewe onderwys, wat leerplek en werkplek gedurig in verband bring, word by die technikon beoefen.
- c Leerinhoude wat by die technikon aangebied word, is onmiddellik in 'n beroep toepasbaar:

"Die technikon maak voorsiening vir die opleiding van middelvlak- en hoëvlakmannekrag wat maklik by die werksituasie inskake! en spoedig hoë produktiwiteit bereik. Om hierdie rede word werkgewergerigte en praktykgeoriënteerde beroepskursusse in noue samewerking met die werkgewers saamgestel en aangebied" (Naudé, 1981:31).
- d By die technikon word gefokus op minder abstrakte en meer konkrete kennisinhoude, vaardighede, houdings en waardes.
- e Daar is by die technikon 'n besondere gevoeligheid vir tegnologiese ontwikkeling asook geleenthede om dit dadelik te implementeer. Dit word moontlik gemaak deur die voortdurende bepaling van die doeltreffendheid van die onderwys.

- f Toegepaste en ontwikkelingsnavorsing vir die handel, nywerheid, owerheidsektore, ook vir eie behoeftes en die verkryging van hoër kwalifikasies, word by die technikon moontlik gemaak.

Die Komitee van Technikonhoofde (1986) gee 'n volledige omskrywing van die onderrigprogramme wat deur technikons aangebied word:

"Onderrigprogramme wat technikons aanbied, dek bykans al die gespesialiseerde beroepsrigtings. Dit wissel van verskillende vertakings van die Toegepaste Ingenieurswese, Biologiese, Chemiese en Fisiese Wetenskappe tot die Toegepaste Handels- en Geesteswetenskappe en Kuns. Die suksesvolle voltooiing van die onderrigprogramme lei tot die verwerwing van sertifikate en diplomas. Die toekennings wat by technikons verwerf kan word en wat voorsiening maak vir eerste en daaropvolgende gevorderde toekennings, is die volgende (die goedgekeurde kort titels verskyn tussen hakies):

- i Nasionale Diploma (N.Dip) na 'n minimum van drie jaar studie.
- ii Nasionale Hoër Diploma (N.H.Dip) met 'n minimum van een jaar studie na verwerwing van die N.Dip
- iii Meestersdiploma in Tegnologie (M.Dip Tech) met 'n minimum van een jaar studie na verwerwing van die N.H.Dip.
- iv Laureatus in Tegnologie (Laur Tech) met 'n minimum van een jaar studie na verwerwing van die M.Dip Tech."

Die Komitee sê verder dat selfstandige navorsing deurgaans vir die hoogste toekening, die Laureatus in Tegnologie, vereis word.

Vir sommige beroepe bestaan daar afgeronde een- en/of tweejarige kursusse wat aan nasionale diplomakursusse gekoppel is.

2.5.5 Voorligtingsdiens aan teknikons

Uit die voorgeskiedenis van die ontwikkeling van tegniese onderwys is dit belangrik om na hulpmiddele in die bemarkingsproses te kyk. Om die teknikons so effektief moontlik te laat aanpas by omgewingsverandering moet hulpmiddele in die bemarkingsproses voortdurend gebruik word, sodat die teknikons kan bly voortbestaan ten spyte van voortdurende en soms drastiese veranderinge in die bedryfseksioniese omgewing en die eise en uitdagings waarvoor die teknikons te staan kom (Bouma (1971:428) en Meij & Snel (1964:185 en 189-191).

Verder sê Likert (1967:1):

"All the activities of any enterprise are initiated and determined by the persons who make up the institution."

In die bemarkingsproses kan daar deur teknikons baie effektief gebruik gemaak word van voorligtingsdienste. Die implementering van hierdie dienste impliseer, volgens Verhage (1981:14):

"die instelling of toepassing van enkelvoudige of gekonsolideerde hulpverleningsmaatreëls en/of prosedures, wat binne die kader van die Voorligtingsielkunde val. Die maatreëls en/of prosedures wissel

langs 'n kontinue lyn vanaf die verskaffing van inligting, soos byvoorbeeld beroepsinligting, op die een punt tot psigoterapie op die ander en verwante aktiwiteite".

Die aard en omvang van voorligtingsdienste hang af van die grootte van die inrigting, die ondervinding en opleiding van studentevoorligters, die aantal studentevoorligters, die administratiewe en sekretariële persone en die tydsverloop vanaf implementering. Die verskille tussen teknikons ten opsigte van die aard en omvang van die studentevoorligter se pligte of dan die studentevoorligtingsdienste dui op die individuele aard van elke teknikon, maar as dit nie in ag geneem word nie, sluit die voorligtingsdienste - volgens Verhage (1981:15) - die volgende in:

- a Kursus- en beroepsvoorligting, wat 'n diens lewer aan voornemende en ingeskrewe studente, asook aan lede van die gemeenskap. Dit geskied deur die toepassing van psigometriese toetse, die verskaffing van beroepsinligting, verwysing na nasorg met die oog op keuse van beroepe, kursusse en vakke asook deur die voer van individuele onderhoude.
- b Akademiese en studievoorligting, wat gemoeid is met oriënteringsprogramme ten opsigte van nuwelingstudente, psigometriese toetsing en die voer van individuele onderhoude. Verder behels dit die aanbieding van spesiale klinieke met betrekking tot studievaardighede, die organisering van doeltreffende studie- en leesontwikkelingsprogramme, asook die toepassing van remediëring.
- c Persoonlike voorligting, wat 'n diens van klinies-terapeutiese aard is. Dit geskied deur middel van individuele onderhoude en groepsterapie, psigometriese toetsing, verwysing en nasorg.

- d Navorsing, wat die inisiëring, koördinerings en uitvoering van navorsingsprojekte insluit.
- e Skakeling van voorligtingsdienste met skole, skoolvoorligters, skoolsielkundiges en beroepsleiers.

Hierdie gelewerde dienste is van groot belang vir tersiëre onderrig; dit dra daartoe by dat elke student se volle potensiaal benut word. Dit lewer ook 'n positiewe bydrae tot die beeldbevordering van teknikons.

Met toenemende vraag na verbeterde tegnologie kan die teknikons 'n wesentlike bydrae lewer, nie slegs tot die uitbou van 'n beter beeld van hierdie inrigtings nie, maar ook tot mannekragvoorsiening en benutting. Sonder tegnologiese geletterdheid sal Suid-Afrika nie in staat wees om aan die eise van die toekoms te voldoen nie (Pavitt, 1986:6). In hierdie verband noem Steyl (1985:41) die volgende:

"The future is constantly offering new challenges which can only be met by persistently acquiring new knowledge through ongoing re-education and re-training programmes such as those offered by the technikons."

Die lewering van hierdie dienste dra by tot positiewe beeldvorming en verseker dat daar in pas gebly word met uitdagings en ontwikkelings in die tegnologie.

Die ontwikkelde tegnologie stel voortdurend nuwe opleidingseise, en dié eise strek oor 'n breë spektrum. Op hoë vlak is daar 'n behoefte aan professioneel-opgeleide personeel wat hoë druk kan hanteer; op middelvak is personeel wat heropleiding

moet ondergaan om doeltreffend by nuwe eise aan te pas, en op lae vlak is ongesofistikeerde werkers met 'n tegnologiese en/of opvoedkundige agterstand nodig wat in die moderne Westerse nywerheidsmilieu ingepas kan word (Retief & Koorts, 1976:37).

2.5.6 Technikons in die RSA

Technikons word oorwegend in groot stede in die RSA ontwikkel. Die volgende teknikons bestaan tans:

- * Kaapse Technikon;
- * M.L. Sultan Technikon;
- * Port Elizabeth Technikon;
- * Technikon Mangosuthu;
- * Technikon Natal;
- * Technikon Noord-Transvaal;
- * Technikon OVS;
- * Technikon Pretoria;
- * Technikon RSA (n inrigting vir afstandsonderrig);
- * Technikon Skiereiland;
- * Technikon Witwatersrand; en
- * Vaaldriehoekse Technikon.

2.6 SAMEVATTING

Die Wet op Gevorderde Tegniiese Onderwys (Wet 40 van 1967) het voorsiening gemaak vir die instelling van Kolleges vir Gevorderde Tegniiese Onderwys (KGTO's) en vir die beheer, administrasie, bestuur en verbandhoudende aangeleenthede.

Met die aanvaarding van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 43 van 1979) is die benaming van die KGTO's verander na "technikons", en alle oorblywende pretersiêre onderwys is na selfstandige tegniese kolleges oorgeplaas.

Die technikon is 'n tersiêre onderwysinrigting wat ingevolge wetgewing daargestel is om gevorderde tegniese onderwys en opleiding asook die onderrig en opleiding van onderwysers vir sekondêre skoolvlak te verskaf.

Die technikon het naas universiteite ontstaan om 'n noodsaaklike aanvullende funksie op die tersiêre onderwysvlak te vervul. Dit is noodsaaklik dat technikon, as betreklik nuwe instellings, 'n duidelike beeld en eie karakter moet uitbou, alhoewel die fenomenale groei van hierdie inrigtings reeds die technikon se bestaansreg bewys het.

Die vraag na mannekrag as ondersteuning vir die professionele of topbestuurgarde is 'n relatief nuwe ontwikkeling en 'n uitvloeisel van die steeds hoër eise wat ten opsigte van die handhawing van vooruitgang en ekonomiese ontwikkeling gestel word.

Met die ontwikkeling van 'n filosofie vir technikon is die logiese uitgangspunt daarvan die historiese verloop van die totstandkoming van hierdie inrigtings en die teikengroep studente wat as die kliënte gesien word. Technikon het 'n belangrike en noodsaaklike rol te speel in die voorsiening van naskoolse en tersiêre onderwys en opleiding.

Om in pas te bly met die snelontwikkelende tegnologie is dit noodsaaklik dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika meer tegnies gerig moet wees. Omdat technikon

inrigtings is wat tegniese opleiding op 'n hoë vlak verskaf, is dit logies dat die belangrikheid van hierdie inrigtings sal moet toeneem. 'n Belangrike kenmerk van teknikons is die verskaffing van praktykgerigte onderrig, sodat die opgeleide persoon

Technikons bestaan in eie reg en voorsien in 'n besondere behoefte en moet nie gesien word as ondergeskik aan universiteite nie.

Nadat daar gekyk is na die ontwikkeling van tegniese onderwys in die RSA is dit noodsaaklik om teknikons in reaksie op verandering te ondersoek. Hierdie reaksie word in vier fases bespreek, naamlik:

Tegniese onderwys 1882-1922

Tegniese onderwys 1923-1955

Tegniese onderwys 1956-1967

Tegniese onderwys na 1967

3. DIE ROL VAN BEMARKING IN DIE VERANDERING EN ONTWIKKELING VAN TEGNIESE ONDERWYS

LYS VAN TABELLE EN FIGURE	65	
SINOPSIS	66	
3.1	Inleiding	67
3.2	Fase 1 (Tegniese onderwys 1882-1922)	71
3.3	Fase 2 (Tegniese onderwys 1923-1955)	72
3.4	Fase 3 (Tegniese onderwys 1956-1967)	76
3.5	Fase 4 (Tegniese onderwys na 1967)	77
3.5.1	Verbruikersoriëntering	83
3.5.2	Geïntegreerde bemarking	84
3.5.3	Ekonomieitsbeginsel	85
3.5.4	Ontleding van die markkapasiteit	86
3.5.5	Verbruikersgedrag	87
3.5.6	Produkstrategie	88
3.5.7	Interne skakeling	90
3.5.8	Eksterne skakeling	91
3.5.9	Bestuur	92
3.5.10	Integrasie van interne en eksterne omgewings	93
3.5.11	Oorweging van alternatiewe	94
3.6	Uitdagings vir teknikons	95
3.7	Samevatting	97

3. DIE ROL VAN BEMARKING IN DIE VERANDERING EN ONTWIKKELING VAN TEGNIESE ONDERWYS

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Figuur 3.1	Ontwikkelingsfases van tegniese onderwys	70
Tabel 3.1	Groei in tegniese kolleges 1924-1933	73
Figuur 3.2	Groei in tegniese kolleges 1924-1933	74
Tabel 3.2	Studentegetalle aan tegniese kolleges 1954	75
Figuur 3.3	Studentegetalle aan tegniese kolleges 1954	76
Tabel 3.3	Instelling en aantal studente - 1969	78
Tabel 3.4	Aantal instellings en studente 1984/85	79
Tabel 3.5	Bevolkingsgetalle : Junie 1989	81
Figuur 3.4	Die bemarkingskonsep : n bestuursfilosofie	82
Figuur 3.5	Koöperatiewe onderwyswisselwerking	84
Figuur 3.6	Die teknikonbemarkingskonsep : n bestuursfilosofie	85
Figuur 3.7	Basiese strategiese opsies met betrekking tot produkstrategie	89
Tabel 3.6	Integrasie van interne analise en eksterne omgewingsevaluasie	93

3. DIE ROL VAN BEMARKING IN DIE VERANDERING EN ONTWIKKELING VAN TEGNIESE ONDERWYS

SINOPSIS

Bemaking het 'n besondere rol in die ontwikkeling van tegniese onderwys vervul aangesien dit allerweë as die skakel tussen die behoeftes van gemeenskap in hierdie verband en die bevrediging daarvan deur die betrokke onderwysinstelling beskou word.

Die behoefte aan tegniese onderwys in Suid-Afrika het neerslag gekry uit die totstandkoming en uitbreiding van die mynboubedryf teen die einde van die vorige eeu. Hierdie behoeftes het stelselmatig groter geword namate Suid-Afrika veral na die Tweede Wêreldoorlog na 'n nywerheidsland begin omskakel het en die wêreld van spesialisasie begin betree het. Ingevoerde kundighede het op die kort termyn verligting gebring, maar die interaksie tussen die omgewing en die behoeftes en die betrokke tegniese onderwysinrigtings het daartoe gelei dat die bestaande infrastruktuur en kurrikulumontwikkeling van die inrigtings aangepas is om kursusse op tersiêre vlak aan te bied.

Hoewel die behoefte aan tegniese opleiding groot was, is dit steeds as minderwaardig teenoor universiteitsopleiding beskou. 'n Doelbewuste bemakingspoging moet aangewend word om die persepsies onder die algemene publiek asook die handel en nywerheid op die gebied te verander.

Hierdie bemakingspoging moet voorsiening maak vir die student se behoeftes en voorkeure, die betrekking van die werkgewer in die hele opleidingsproduk en die betrokkenheid van die totale inrigting. Voorsiening moet ook gemaak word vir soepelheid en aanpasbaarheid in die hele program om tred te hou met veranderde sosio-ekonomiese omstandighede.

DIE ROL VAN BEMARKING IN DIE VERANDERING EN ONTWIKKELING VAN TEGNIËSE ONDERWYS

3.1 INLEIDING

Verandering is 'n noodsaaklike deel van die lewe. Vandag word daar geroem dat verandering die sleutel is tot voorspoed en dinamiese vooruitgang. Daar is vandag weinig plek vir onbuigsaamheid, en weerstand teen verandering veroorsaak spanning. Verandering neem sedert die vroegste tye 'n baie geleidelike profiel aan, soos bespreek in hoofstuk twee. Sedert die laat negentiende eeu het die tempo op alle lewensterreine eksponensiaal toegeneem, soveel so dat Toffler (in Manning, 1970:1) skryf:

"In the three short decades between now and the 21st century, millions of ordinary, psychologically normal people will face an abrupt collision with the future."

Die bestuur van enige onderneming/tegnikon speel 'n deurslaggewende rol in die proses van verandering. Van der Schroeff (1961:17) omskryf die definisie soos volg:

"De essentie van het leiding is het richting geven aan een gemeenschappelijke actie, deze in gang brengen en besturen, ten einde tot het doel te komen dat men zich gesteld heeft."

Met hierdie definisie kan saamgestem word en hierby aansluitend sê Moore en Kalupa (1985:5) dat selfs aksies binne openbare skakeling 'n rol in verandering kan speel en dat daar gestrewe moet word om 'n onderlinge verstandhouding, wedersydse begrip en vrede tussen die onderneming en sy publiek te bewerkstellig:

Van die metodes om verandering by teknikons teweeg te bring, is die bemarkingsbeplanning 'n belangrike komponent. Dit moet gesien word teen die raamwerk van die mens en sy omgewing soos waargeneem in Limperg deel drie (1965:19).

Bemarking speel 'n pertinente rol in hierdie studie en daarom word daar nou 'n volledige begripsoms krywing gegee. In die literatuur word daar verskeie definisies van bemarking aangetref:

"Marketing is the process of planning and executing the conception, pricing, promotion, and distribution of ideas, goods, and services to create exchanges that satisfy individual and organizational objectives" (Barry, 1986:5).

"Marketing consists of individual and organizational activities that facilitate and expedite satisfying exchange relationships in a dynamic environment through the creation, distribution, promotion, and pricing of goods, services, and ideas" (Pride & Ferrell, 1989:8).

"Marketing as a total system of interacting business activities designed to plan, price, distribute and present by marketing communication, need-satisfying products and services to present and potential consumers" (Marx & Dekker, 1982:24).

"Marketing is the analysis, planning, implementation, and control of carefully formulated programs designed to bring about voluntary exchanges of values with target markets for the purpose of achieving

organizational objectives. It relies heavily on designing the organization's offering in terms of the target market's needs and desires, and on using effective pricing, communication, and distribution to inform, motivate, and service the markets" (Kotler, 1985:6).

Aangesien die definisie en verduideliking van bemarking deur Kotler 'n baie duidelike omskrywing van die begrip "bemarking" bied, word dit hier kortliks behandel:

By nadere beskouing (Kotler, 1985:7) blyk dat hierdie definisie ses duidelik onderskeibare kenmerke van bemarking insluit:

- * bemarking is 'n ontledingsproses wat beplanning, organisasie, leiding en beheer impliseer;
- * sorgvuldig opgestelde programme vorm deel van die beplanning van bemarkingshandelinge;
- * die voordele wat die bemarkter aan die teikengroep aanbied, is in so 'n mate aantreklik dat dit 'n vrywillige ruilproses tot gevolg het;
- * in bemarking word die aanbieding gerig op 'n spesifieke segment van die mark;
- * die doel van bemarking is om by te dra om die organisasie se doelstellings te verwesenlik;
- * in bemarking word die aanbieding van die organisasie gerig deur die


teikengroep se behoeftes en begeertes, eerder as deur die smaak en voorkeur van die verkoper.

Bemaking kan ook beskou word as die skakel tussen die gemeenskap se behoeftes en die bevrediging daarvan deur die onderneming/tegnikon.

Na aanleiding van die geskiedkundige verloop van tegniese onderwys wat in verskillende tydvakke verdeel is (kyk hoofstuk twee), word in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan die rol van bemaking in die verandering en ontwikkeling van tegniese onderwys. Dit word in vier fases ingedeel en soos volg voorgestel:

FIGUUR 3.1

ONTWIKKELINGSFASES VAN TEGNIESE ONDERWYS



Bron: Oorgeneem en aangepas uit Tuominen (1981:76)

3.2 FASE 1 (TEGNIESE ONDERWYS 1882-1922)

Die onderwysstelsel van 'n land kan nie ten volle verstaan of beskryf word sonder om ag te slaan op die mense en die geskiedenis van daardie land nie. Die ontwikkeling van die tegnologie byvoorbeeld, het 'n diepgaande invloed op die onderwysstelsel gehad en die techniekons het 'n belangrike rol gespeel. Twee fases van ontwikkeling word hier saamgevoeg.

Die ontdekking van goud en diamante gedurende die negentiende eeu was direk daarvoor verantwoordelik dat Suid-Afrika aan die begin van die twintigste eeu besig was om van 'n landbouland na 'n mynbouland te beweeg. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die bestaande infrastruktuur met al sy verwante dienste uitgebou moes word en dat juis met die ontwikkeling en modernisering van hierdie stelsels en dienste tot die besef gekom is dat daar 'n tekort aan voldoende opgeleide tegniese mannekrag bestaan.

Die bestaande universiteite in die land het slegs hoëvlakmannekrag opgelei, en hoewel dit ook belangrik is dat die universiteite moet tred hou met veranderinge op sosio-ekonomiese gebied, is die behoefte aan 'andersoortige' opleiding duidelik gevoel. Dit was teen hierdie agtergrond dat die spoorweë, die myne, die kamers van koophandel en die skoolrade begin het om deeltydse tegniese klasse aan vakleerlinge en handelonderwysers op 'n georganiseerde wyse aan te bied. Op hierdie wyse het daar in verskillende dele van die land privaat opleidingsinrigtings ontstaan wat mettertyd as tegniese kolleges bekendheid verwerf het. Die opleiding by hierdie kolleges was aanvanklik tot die opleiding van vakleerlinge beperk, met ander woorde pretersiër van aard.

Die eerste aanduidings van werklike owerheidsbelangstelling in tegniese onderwys het egter eers aan die begin van die 20ste eeu sy beslag gekry, veral toe daar begin

is met die subsidiëring van genoemde opleidingsinrigtings. Die staat het die behoefte aan hierdie tipe onderwys in die Suid-Afrikaanse gemeenskap besef en geleidelik hierby betrokke begin raak. Namate die behoefte aan 'n wyer verskeidenheid kursusse op hierdie vlak begin toeneem het, het die omvang en die gehalte van die kursusse wat aangebied is, verander. So het die staat in 1922 wetgewing ingestel wat tegniese kolleges verplig het om die teoretiese deel van vakopleiding dwarsdeur die RSA aan te bied.

Die tegnologiese vooruitgang en die uitbreiding van opleidingsinrigtings het egter nie ipso facto uit 'n sake-oogpunt gesien, die behoefte aan eksterne betrekkinge of kommunikasie na vore laat kom nie (vergelyk Cravens, 1987:485; Jooste, 1983:20; Kotler, 1984:277). 'n Mens sou kan dink dat daar uit die staanspoor goeie begrip tussen die ondernemings en die opleidingsinrigtings moes gewees het. Dit was inderdaad nie so nie en die rede daarvoor was dat daar nog geen sprake van bemarking teenwoordig was nie. Bemarking behoort onderling plaas te vind en in die volgende fase word daar gekyk na die groei in tegniese kolleges en studentegetalle.

Enkele hoogtepunt van fase een was:

- * Die klassifisering van tegniese onderwys as "hoër onderwys" deur die Wet op Finansiële Verhoudinge (Wet No. 5 van 1922).

3.3 FASE 2 (TEGNIесе ONDERWYS 1923-1955)

In hierdie stadium (net na die Tweede Wêreldoorlog) was die RSA stadig maar seker besig om van 'n mynbouland na 'n nywerheidsland te beweeg. Suid-Afrika het saam met Europa en Amerika begin deel uitmaak van 'n wêreld van spesialisasie waarin 'n groter vraag na opgeleide persone met gespesialiseerde kennis ontstaan het.

Waar die RSA vanaf 1925 tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog (1945) sy grondstowwe uitgevoer het, het die situasie nou verander. Die land se ekonomie is stelselmatig op die vervaardigingsbedryf gebou. Hierdie veranderinge het beslis inslag gevind op die sosio-ekonomiese, politieke, onderwyskundige en maatskaplike terreine (Human, 1987:87).

Human (1987:88) sê verder dat die nypende tekort aan geskoolde tegniese mannekrag in die snelgroeïende behoeftes van die handel en nywerheid nie meer deur die opgeleide immigrante werklui versadig kon word nie. As tydelike oplossing het werwingsbeamptes van die georganiseerde handel en nywerheid middelvlakmannekrag in Europa gaan werf. Dit was slegs 'n tydelike tussentydse maatreël. 'n Langtermynoplossing sou wees om in landsbelang, alle plaaslike beskikbare mannekragpotensiaal te ontgin, onder andere, deur middel van onderwys. Vervolgens word die groei in tegniese kolleges en studentegetalle bespreek.

TABEL 3.1

GROEI IN TEGNIESE KOLLEGES EN STUDENTEGETALLE 1924-1933

	1924	1933	Verskil
Aantal kolleges	2	8	6
Studente - Voltyds	741	4 177	3 436
Deeltyds	3 332	13 203	9 871
Korrespondensiekursusse	-	4 608	
Totaal	4 073	21 988	


Bron: Pittendrigh, 1988:121 soos aangepas

Uit tabel 3.1 kan afgelei word dat daar ses tegniese kolleges bygekóm het vanaf 1924-1933. Studentegetalle voltyds en deelyds het 'n sterk groei getoon.

Bogenoemde word grafies soos volg aangetoon in figuur 3.2.

FIGUUR 3.2

GROEI IN TEGNIESE KOLLEGES EN STUDENTEGETALLE 1924-1933



Met die koms van die "Hoger Onderwyswet" (Wet 30 van 1923) het die erkenning en subsidiëring van tegniese kolleges in voortsettingsklasse 'n aanvang geneem. Dit was die nodige stimulus, want nie net het die aanvraag vir 'n verskeidenheid van kursusse toegeneem nie, maar daar moes toenemend voorsiening vir kursusse op tersiëre vlak gemaak word. Om die aanvraag na die bywoning van hierdie kursusse te akkommodeer moes voltydse klasse naas die deelydse klasse ingestel word. As gevolg hiervan het die kolleges vinnig gegroei. Later is sommige van die kolleges wat in groter sentra geleë is tot inrigtings vir hoër onderwys, dit wil sê, onderwys op tersiëre vlak, verklaar.

In 1954 het die studentegetalle vir tegniese kolleges in die groter sentra soos volg daar uitgesien:

TABEL 3.2

STUDENTEGETALLE VAN TEGNIESE KOLLEGES 1954

Tegniese kollege	Kaap	Natal	Port Elizabeth	Pretoria	Wits	Totaal
Studente voltyds	635	856	501	1 201	4 181	7 374
%	8,6	11,6	6,8	16,3	56,7	100,0
Studente deelyds	8 401	4 547	3 737	8 624	16 303	41 612
%	20,2	10,9	9,0	20,7	39,2	100,0
Totaal voltyds en deelyds	9 036	5 403	4 238	9 825	20 484	48 986
%	18,4	11,0	8,7	20,1	41,8	100,0


Bron: Pittendrigh (1988:160)

Uit tabel 3.2 blyk dit dat Wits die meeste aantal studente gehad het, naamlik 41,8% van die totaal. Dit kan toegeskryf word aan die mynweese en nywerheidsontwikkeling in Johannesburg. In daardie stadium het Wits ook in vergelyking met die ander tegniese kolleges meer studente voltyds as deelyds gehad. Die vakleerlingopleiding het hier 'n groot rol gespeel (kyk hoofstuk 2.)

Bogenoemde word grafies soos volg voorgestel in figuur 3.3:

FIGUUR 3.3

STUDENTEGETALLE AAN TEGNIESE KOLLEGES 1954



Enkele hoogtepunte in hierdie fase kan soos volg saamgevat word:

- * Die ontwikkeling van tegniese kolleges tot semi-ouonome staatsgesubsidieerde inrigtings (Wet No. 30 van 1923).
- * Die totstandkoming van die Vereniging van Tegniese Kolleges in 1926. Die liggaam het later oorgegaan in die Vereniging van Technikoners in die RSA en staan tans as die Komitee van Technikonhoofde (KTH) bekend.

3.4 FASE 3 (TEGNIесе ONDERWYS 1956-1967)

Die styging in die RSA se mannekragbehoefte kan gesien word in die lig van 'n styging in die aanvraag en aanbod van mannekrag. Die verhoging in die onderwyspeil,

die tegnologiese ontwikkeling, toenemende industrialisasie en die verstedeliking van die bevolking het al hoe groter eise aan beroepsgerigte kursusse gestel.

Sommige van die tegniese kolleges, veral die een in Johannesburg, het tot baie groot instellings ontwikkel. Teen 1950 was daar ongeveer 5 500 voltydse, 14 500 deeltydse en 6 500 korrespondensiestudente by die takke van hierdie kollege ingeskryf (Louw, 1988:6).

Die besef dat die opleiding op tegniese gebied met die geweldige tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang in die RSA sou moes tred hou, het daartoe gelei dat van die groter tegniese kolleges in die industriële sentra toenemend vir tegniese kursusse op tersiêre vlak voorsiening moes maak. Die interaksie tussen die omgewing en tegniese kolleges was belangrik en 'n behoefte het ontstaan om die bestaande infrastruktuurskepping en die kurrikulumontwikkeling van die bestaande tegniese kolleges aan te pas dat van die kursusse op tersiêre vlak aangebied kon word. Bemarking het onderling plaasgevind en namate die behoefte aan al hoe meer kursusse op tersiêre vlak begin toeneem het, het die gedagte ontstaan dat tegniese opleiding op tersiêre vlak verder gevoer moes word.

Die hoogtepunt van hierdie fase was die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet No. 40 van 1967) waarvolgens die vier groter tegniese kolleges in Pretoria, die Witwatersrand, Durban en Kaapstad die status van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (KGTO) verkry het en die klem van hul bedrywighede uitdruklik op tersiêre onderwys begin val het.

3.5 FASE 4 (TEGNIËSE ONDERWYS NA 1967)

Die KGTO's het wel tersiêre onderwys gegee, maar is in verhouding met die

universiteite as minderwaardig beskou in dié opsig dat die kolleges onder 'n plafon moes werk en op die vertikale vlak onder die universiteite moes inskakel. Die hoogste akademiese vlak van 'n KGTO is beskou as min of meer gelyk aan dié van 'n eerste graad (Louw, 1988:8). Instellings en die aantal studente het in 1969 soos volg daar uitgesien:

TABEL 3.3
INSTELLINGS EN AANTAL STUDENTE - 1969

Instellings	Aantal instellings	Studente		Totaal
		Voltyds	Deeltyds	
Universiteite	11	69 050	3 679	72 729
KGTO's	6	2 410	20 730	23 140
Tegniese kolleges	26	117	19 920	20 097

Bron: Annual Report 95, 1970:88

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat aanpassing en verandering noodsaaklik was en dat die KGTO's hulle self sou moes bemark, indien na die aantal studente voltyds/deeltyds aan universiteite en die verhouding by die KGTO's in ag geneem word. Die klem van bemarking vir die opleiding van studente lê dus op loopbaan- en beroepsgerigte onderwys. Ingevolge Wet No. 50 van 1979 word die naam "tegnikon" ingevoer om die benaming KGTO te vervang.

Dit het gou duidelik geword dat die naam van hierdie inrigtings, hoewel beskrywend van aard en funksie, om 'n aantal redes nie algemene byval by die publiek gevind het nie. Met die aanvaarding van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet No. 50 van 1979) is die naam na "tegnikon" verander.

Ingevolge Wet No. 43 van 1979 het teknikons finaal afstand gedoen van alle vorme van pretersiëre onderwys.

TABEL 3.4

AANTAL INSTELLINGS EN STUDENTE 1984/85

Instellings	Aantal	Stude- getalle	%
Universiteit	18	189 455	53,0
Technikon	12	46 065	12,9
Tegniese kollege	92	121 655	34,1
Totaal		357 175	100,0

Bron: Pittindrigh, 1988:227

Met die steeds merkwaardige groei en ontwikkeling van tegniese en beroepsonderwys op alle vlakke, die groter persentasie skoolbevolking wat vir tersiëre opleiding kwalifiseer, was aanpassing en verandering vir teknikons noodsaaklik. Vergelyk in tabel 3.4: universiteite het 53% studente teenoor die slegs 12,9% studente vir technikon opleiding.

Technikons moes verandering laat plaasvind en hulle self nou sterk bemark om hierdie wanbalans by tersiëre opleiding uit te skakel. Volgens Vegter (1980:81) word, vanweë veranderinge in die situasie buite die onderneming, die bestuurders van die onderneming egter feitlik voortdurend gedwing om aanpassings in hulle onderneming te maak. Dit is duidelik dat al hierdie veranderinge aanleiding gee,

nie net tot verandering in die sisteem van die technikon nie, maar ook tot die bestuursbenadering, al bly die basiese beginsels van bestuur dieselfde.

Net soos die technikon deur die veranderinge in die omgewing beïnvloed en gevolglik aangepas word, sal hierdie veranderde technikon ook weer die omgewing beïnvloed. Dit is die dinamiese wisselwerking tussen die technikon en sy omgewing. Om die wisselwerking te laat plaasvind, is bemarking noodsaaklik.

Enkele hoogtepunte word verder uitgelig as deel van die fase, naamlik:

- * Die instelling van die Technikon M.L. Sultan vir Indiërs te Durban, ingevolge Wet No. 12 van 1968.
- * Die totstandkoming van Technikon RSA op 1 April 1980 as volwaardige technikon vir afstandsonderrig.
- * Die instelling van teknikons vir swartes te Pretoria (Technikon Noord-Transvaal) en Durban (Technikon Mangosuthu) ingevolge Wet No. 27 van 1981 (Die Wet op Technikons (Onderwys en Opleiding, 1981)).
- * Die instelling van Technikon OVS in 1981.
- * Die instelling van die Adviesraad vir Universiteite en Technikons (AUT) (Wet No. 76 van 1983.)

Al die teknikons is strategies in groter sentra soos Pretoria, Johannesburg, Vanderbijlpark, Kaapstad, Bellville, Port Elizabeth, Bloemfontein en Durban geleë

en funksioneer volledig in 'n tegnologies geïndustrialiseerde omgewing. Bevolkingsgetalle word soos volg weergegee in tabel 3.5.

TABEL 3.5 : JUNIE 1989
BEVOLKINGSGETALLE

Pretoria	554 700
Johannesburg	896 000
Vanderbijlpark	72 438
Kaapstad	1 092 641
Bellville	104 538
Port Elizabeth	634 200
Bloemfontein	247 731
Durban	749 142

Bron: Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, 1990

Daar bestaan tans sewe residensiële teknikons vir blankes, twee vir swartes, een vir kleurlinge en een vir Indiërs. Die Technikon RSA bied afstandsonderrig aan al die bevolkingsgroepe. Bemarking behoort op groter skaal plaas te vind, daarom is dit duidelik dat binne die potensiaal van teknikons daar nog baie werk te doen is om die teikenpubliek verder bewus te maak van technikonopleiding. Dus, aangesien die technikonwese nog relatief jonk is, worstel die inrigtings met ontwikkelingsvraagstukke waaronder fisiese infrastruktuurskepping, kurrikulumontwikkeling, dosente-ontwikkeling, die werwing en keuring van studente, die ontwikkeling van 'n eie identiteit en die uitbouing van 'n positiewe beeld van teknikons. Verder is die technikonwese in die tersiêre onderwyssubstelsel naas die universiteit gesetel met geen laer plafon as die universiteit nie, maar met 'n ander mikpunt as die universiteit. Dit is hierdie uniekheid wat deur 'n holistiese

Hieruit kan afgelei word dat die bemarkingskonsep 'n bestuursfilosofie is wat op 'n verbruikersoriëntering, geïntegreerde bemarking en die ekonomiteitsbeginsel gegrond is. Dit bied riglyne vir die beplanning en uitvoering van beheer oor alle aktiwiteite van die teknikon, en word vervolgens bespreek.

3.5.1 Verbruikersoriëntering

Binne teknikonverband beteken verbruikersoriëntering die bepaling van die student se behoeftes en voorkeure. Die student weet nie altyd watter kursus hy wil volg nie. Dit is hier waar die teknikon 'n bemarkingsgeleentheid identifiseer en sodoende 'n produk kan ontwikkel om die markgaping te vul.


Die teknikon kan ook verbruikersgeoriënteerd optree deur die studente deur middel van reklame in te lig. Kursusse word geadverteer, skole en weermagbasisse word besoek en sodoende word inligting uitgeruil.

Die stelsel van koöperatiewe onderwys leen hom daarom daartoe dat die bepaalde werkgewer gespesialiseerde kennis en vaardighede aan die studente kan en moet oordra ten einde die "vormende" onderwys van die teknikon af te rond. Die rol van die werkgewer in dié verband word so belangrik geag dat die helfte van die krediete wat vereis word om 'n onderrigprogram te voltooi, in baie gevalle aan hierdie ervaringsonderrigkomponent toegeken word.

Figuur 3.5 toon die koöperatiewe wisselwerking tussen die teknikon, student en werkgewer aan.

FIGUUR 3.5

KOÖPERATIEWE ONDERWYSWISSELWERKING



Die verbruikersgeoriënteerde technikon behoort in noue verbinding met studente en die gemeenskap te bly om op hoogte te kan wees van die behoeftes en voorkeure, en dit in ag te neem by die bemarking van die produk.

3.5.2 Geïntegreerde bemarking

Alle aktiwiteite van 'n bemarkingsgeoriënteerde technikon, insluitende topbestuur, dosente, studente en administratiewe personeel, behoort so gekoördineer te word dat daar van geïntegreerde bemarking van die technikon se produk sprake sal wees. Hierdie bestuursbeginsel word in figuur 3.6 geïllustreer. Alle afdelings van die technikon, nie slegs bemarking nie, behoort so georiënteer en gekoördineer te word dat die voornemende studente se behoeftes en voorkeure die beste gedien sal word. Volgens Lucas (1988:26) beteken dit dat ondernemingsbestuur die beplanning en uitvoering van en beheer oor alle ondernemingsaktiwiteite op so 'n wyse moet verrig dat 'n geïntegreerde bestuursbenadering tot die bemarking van die produk daargestel word. Mitchell (1970:29) verklaar in dié verband:

"... an organization is a group of people working together toward a common goal ...".

Die hele technikon behoort daarna te streef om verantwoordelik te wees vir die


uitvoering van die bemarkingstaak. Kotler (1985:16) sluit hierby aan:

"Clearly, marketing activities should be carried out under some well-thought-out philosophy that spells out responsive and responsible marketing."

3.5.3 Ekonomiteitsbeginsel

Om doeltreffendheid te maksimaliseer behoort die ekonomiteitsbeginsel by teknikons toegepas te word. Die didaktiek van technikononderrig moet uniek wees en spesifiek ontwikkel wees vir die technikon. Dit behoort daartoe te lei dat technikononderrig gerig is op die tegniese ontwikkeling van middel- en hoëvlakmannekrag. In hierdie proefskrif word daarna gestreef om 'n bemarkingsplan daar te stel wat vir die bemarking van teknikons doeltreffend sal wees.

Die samestelling van 'n technikonbemarkingskonsep : 'n bestuursfilosofie word in figuur 3.6 geïllustreer.



Uit bogenoemde figuur is dit duidelik dat alle afdelings van die technikon georiënteer en gekoördineer behoort te word om sodoende suksesvolle bemarking te verseker.

3.5.4 Ontleding van die markkapasiteit

Die mark vir produkte of diens bestaan nie uit alle verbruikers nie. Die technikon kan nie die hele mark met sy produk bedien nie en teknikons moet 'n keuse maak tussen die verskillende segmente vir wie die aanbieding aantreklik sal wees. Die mark vir 'n spesifieke produk of diens bestaan uit alle mense wat 'n ontvanklike belangstelling in 'n produk of diens het en oor die geld beskik om dit vir die produk te ruil. Sommige dele van die totale mark sal beter reageer op die teknikons se aanbieding as ander.

Die verdeling van die mark in segmente wat winsgewend vir die technikon benut kan word, word marksegmentering genoem. Boyd & Massy (1972:87) beskryf die doel van marksegmentering as die groepering van individuele prospekte sodanig dat hul response op bemarkingsinsette (veranderlikes) dieselfde sal wees. Die technikon is nou in staat om met die minimum verkwisting 'n produk of diens aan die winsgewendste segment te bemark.

Vir 'n onderneming se produkte deel Kotler (1975:96 en 97) die totale mark in drie markte in, naamlik:

- a geen mark wanneer iemand glad nie bevrediging deur middel van die produk soek nie;
- b 'n potensiële mark waar 'n paar behoeftes bevredig word; en

c n werklike mark wat behoeftes kan bevredig.

Kotler (1975:108 en 109) verklaar verder dat die onderneming drie moontlike strategieë ten opsigte van die mark waarin die onderneming belangstel kan volg, naamlik:

- i ongedifferensieerde bemarking : dit is wanneer die onderneming besluit om die hele mark as homogeen te beskou en om hom toe te spits op wat gemeenskaplik vir al die lede van die mark is (dit kom neer op geen segmentering nie);
- ii gekonsentreerde bemarking : dit is wanneer die onderneming besluit om die mark in betekenisvolle segmente te verdeel om sodoende die bemarkingspoging op n segment rig;
- iii gedifferensieerde bemarking word toegepas as n onderneming besluit om twee of meer segmente te bemark en om verskillende produkte of bemarkingsprogramme aan elkeen te rig.

Al drie strategieë word selde gelyktydig deur teknikons benut. Daarom is dit van belang vir teknikons om n duidelike bemarkingsplan daar te stel sodat die regte opsies en bemarkingsstrategieë uitgeoefen kan word.

3.5.5 Verbruikersgedrag

Nadat die bemarkter (tegnikon) bepaal het wie die teikenmark is, sal die tegnikon begrip moet ontwikkel vir die verbruiker (student) wat die mark uitmaak. Volgens Boyd & Massy (1972:59) is dit nie noodwendig so dat die teikenmark eers gedefinieer en die verbruiker beskryf moet word nie. Dit is in baie gevalle nodig om eers te bepaal

watter behoeftes by die verbruiker bestaan en hoe die verbruiker op bemerking gaan reageer voordat winsgewende teikengroepe ontleed kan word. Die verbruiker (student) moet dus primêr as uitgangspunt in die bemerkingsproses by teknikons dien.

Onderwys spreek die totale menswees aan. Dit het tot gevolg dat technikononderwys ook moet let op die ontwikkeling van ander aspekte van menswees as net blote beroepsvaardigheid en beroepsvoorbereiding. Daar behoort in die program vir beroepsvoorbereiding ruimte gelaat te word vir die ontwikkeling van die affektiewe en wilslewe van die student. Buitekurrikulêre aktiwiteite speel ook 'n rol in hierdie aspek van die ontwikkeling. Daar behoort 'n bepaalde beroepsetiek by die student ingeskerp te word. Die student behoort geskool te word om 'n bepaalde tegnologiese denkingesteldheid te bereik.

Die bemerkingsgeoriënteerde technikon beskou die teikenverbruiker (potensiële studente) as die wegspringplek vir beplanning. Die technikon hou homself sistematies periodiek op die hoogte van die verbruiker se gedrag. Met die verbruikersgedrag as agtergrond is dit ook noodsaaklik om na produkstrategie te kyk.

3.5.6 Produkstrategie

In die filosofie oor die technikonwese moet daar voortdurend 'n balans tussen ideaal en werklikheid gevind word. Die balans tussen ideaal en werklikheid beteken dat ideale en feite gedurig in wisselwerking met mekaar sal verkeer. Dit is ook van toepassing op produkstrategie.


Lucas (1988:230) omskryf 'n produk as 'n samestelling van tasbare en/of ontasbare behoeftebevredigende nuttigheide wat deur 'n onderneming aan verbruikers aangebied word, sodat verbruikers kennis daarvan kan neem, dit kan aanskaf en/of verbruik. Die technikon as instelling word in die studie as die verskaffer van "bevredigende nuttigheide" beskou.

Jain (1989:58) identifiseer agt strategiese besluitnemingsareas rakende produkstrategie, naamlik "produkposisionering, produkherposisionering, produkoorvleueling, produkomvang, produkontwerp, produkuitskakeling, nuwe produk en produkdiversifikasie (eie vertaling).

Die produkstrategie van toepassing op teknikons is saamgevat in figuur 3.7.

FIGUUR 3.7

BASIESE STRATEGIESE OPSIES MET BETREKKING TOT PRODUKSTRATEGIE



Bron: Oorgeneem en aangepas uit Nel (1987:104)

"The schools of the various technikons already follow a multiple product strategy with the exception of the pharmacy schools which have a single product strategy in that the pharmacy schools market a single degree course with no options up to the third year post matric level" (Nel, 1987:103).

’n Sisteem wat bestaan uit ’n keuse uit verskillende produkte is gemik op die bevrediging van die verbruiker se behoeftes. ’n Technikon kan as voorbeeld ’n kursus in bestuurswese insluit by die aptekersdiploma. Verder kan technikonstudente verbonde aan ’n sekere skool (Bestuurswese) vakke neem by ’n ander skool (Rekenaartegnologie).

Volgens Nel (1987:106):

"... product overlap strategies are concerned with the extent to which the products of the organisation compete with each other in an effort to increase sales in total".

Technikons behoort bemarkbare opsies te oorweeg en die produkte en dienste te bemark aan teikengroepe met spesiale klem op die moontlike unieke aard en aanbiedinge van ’n betrokke technikon.

3.5.7 Interne skakeling

Moore en Kalupa (1985:86) sê dat die doel van interne skakeling is om die werknemers te laat weet hoe bestuur dink en bestuur in te lig hoe die werknemers dink. Hierdie uitdaging in bemarking laat enersyds die klem val op die noodsaaklikheid van goeie

kennis van die werknemers in hulle onderskeie groepe, klasse en omgewings. Andersyds, bied die uitdagings die geleentheid om verskeie mediums aan te wend om die onderskeie groepe te bereik. Bemarkingskommunikasie en hulpmiddele word in hoofstuk vier bespreek.

Aansluitend sien Murphy en Peeck (1980:4) effektiewe opwaartse en afwaartse kommunikasie as die onderneming se lewensbloed. Die behoefte van personeel aan teknikons om ingelig te word aangaande veranderings in die teknikon en om terugvoering te kry oor hul eie en die teknikon se prestasie, is behoeftes wat oor die algemeen deur bestuur onderskat word. Dit kan lei tot lae produktiwiteit, lae moraal, werksafwesigheid en kan, vanweë 'n gebrek aan identifisering met die teknikon, tot swak dienslewering aanleiding gee. Daarteenoor kan die volgende aksies positief inwerk op die personeel, naamlik omsendbriewe, kennisgewings, handleidings, opleidingsinstruksies, publieke aankondigingsisteme, voorligtingsessies, werkekomitees, griewe-prosedures, taakgroepe en dergelike meer om kommunikasie te verbeter.

3.5.8 Eksterne skakeling

Eksterne kommunikasie begin by die sukses van die interne kommunikasiepoging: is die werknemers gemotiveerd om produktiewe diens te lewer en identifiseer hulle sodanig met die werkgewer dat hulle in hulle kultuur-, ontspannings- en gemeenskapslewe met trots 'hul' onderneming en sy goeie eienskappe 'bemark'?

Huseman, Lahiff & Hatfield (1981:8) skryf dat die advertensie waarskynlik die mees bekende medium van eksterne kommunikasie is, maar lê veral klem op die rol van die werknemer as ambassadeur van die onderneming.

Die keuse van die medium waardeur boodskappe na eksterne publieke gekanaliseer word, sal volgens Norris (1984:21) afhang van die publiek self. Die publiek van teknikons word in bemarkingsterme as 'n segment beskou en verg 'n besondere ontleding voordat bepaal kan word watter medium die beste geleentheid bied om die oordrag van betekenis te bewerkstellig. Om die bemarkingsaksies te laat slaag, speel bestuur 'n belangrike rol.

3.5.9 Bestuur

Kroon (1990:2) definieer bestuur as:

"'n proses waardeur persone in leidinggewende hoedanighede menslike en ander hulpbronne so doelmatig moontlik gebruik om sekere produkte en/of dienste te lewer, ten einde in bepaalde behoeftes te voorsien en die onderneming sé gestelde doelstellinge te bereik".

Elke teknikon bestaan uit uiteenlopende dele wat in 'n geïntegreerde dinamiese en effektiewe geheel saamgesnoer moet word. Dit is binne hierdie dele waar bestuur moet optree. Drucker (1969:54) beklemtoon die noodsaak van effektiewe bestuur en beweer dat dit die hulpbron in ontwikkelde lande is waarop die hoogste premie geplaas word, terwyl dit die hulpbron is wat ontwikkelde lande die nodigste het.

Bestuur behoort voortdurend op hoogte gehou te word van enige verandering in die mark. Die afdelings openbare skakeling en bemarking behoort die reaksie op verandering gou vas te stel en deur te voer na bestuur. Organisasiesukses voorveronderstel dat die bestuur baie duidelik moet weet waartoe hy, in terme van sekere suksesfaktore, in staat is. Die besinning van die omgewing voorveronderstel dat daar 'n meting gemaak moet word van die mate waartoe die onderneming in staat is om op te tree, nadat 'n evaluasie van die inligting teen

n bepaalde norm opgeweeg is. Daarom is die integrasie van interne en eksterne omgewings so noodsaaklik.

3.5.10 Integrasie van interne en eksterne omgewings

In die voortdurende veranderde omgewing waarin technikon beweeg, is dit eers wanneer n somtyds idealistiese missie en die resultate van die interne en eksterne omgewingsverkenning geïntegreer word, dat tekortkominge of gapings geïdentifiseer kan word. Dit is uit hierdie koppelingsproses wat Pearce & Robinson (1988:174) glo dat daar korttermynoplossings en strategiese planne vir die onderneming beraam moet word. Tabel 3.6 is n voorbeeld van die populêre wyse waarvolgens genoemde integrasie kan plaasvind.

TABEL 3.6

INTEGRASIE VAN INTERNE ANALISE EN EKSTERNE OMGEWINGS-EVALUASIE

Interne	Beoordeling van eksterne omgewing	
	Geleentheid	Bedreigings
Swot-ontleding		
Sterktes	1	2
Swakhede	3	4

Bron: Pearce & Robinson (1988:174)

Uit die aard van die saak sou dit die gunstigste resultate oplewer onder die omstandighede waar die technikon oor n bepaalde sterkte beskik en waar daar in die eksterne omgewing die grootste geleentheid bestaan, byvoorbeeld waar die technikon met behulp van bepaalde tegnologiese kundigheid n produk die lig kan laat sien waarvoor daar geen of weinig mededinging is nie. Die teenoorgestelde kan natuurlik ook waar wees, maar dan sou die strategie juis daarop gerig wees om by gebrek aan beheer oor die eksterne omgewing, die interne beperkings te

elimineer.

Met die voltooiing van die integrasieproses is daar nog maar net aan die inligtinginsamelingsoefening van die totale bemarkingsstelsel aandag verleen want dit is eers hierna dat daar werklik met die bemarkingsaksies n begin gemaak word.

3.5.11 Oorweging van alternatiewe

Een van die mees algemene en oudste foute wat bestuurders tydens besluitneming maak, afgesien daarvan of dit operasionele of strategiese besluite is, is om nie alternatiewe oplossings van n probleem te oorweeg nie. Bestuurders is meesal daarvan bewus dat besluite nie sonder tersaaklike inligting geneem kan word nie en sal wel pogings aanwend om so gou moontlik die nodige inligting te bekom, maar dit is asof bestuurders net nie verdere fisiese of psigiese energie wil spandeer om alternatiewe oplossings vir probleme te formuleer nie. In die praktyk word daar dikwels vanaf die inligtinginsamelingsfase direk oorgegaan na die oplossing van die probleem.

In die bemarkingsbeplanning van teknikons behoort daar behoorlik deur al die stappe tot by die bemarkingsplan gewerk te word en dit verg onder andere n baie duidelike vergelyking van die vermoëns van die teknikon met die moontlike mededingende voordeel wat daar in die eksterne omgewing heers. Uit hierdie vergelyking kan verskeie alternatiewe optredes in serie of tegelykertyd gestruktureer word, maar elkeen se relatiewe verwagting op sukses moet behoorlik ontleed en teen mekaar

opgeweeg word. Strategiese keuses behoort voortdurend oorweeg en hersien te word.

3.6 UITDAGINGS VIR TECHNOKONS

Daar word geleef in 'n hoogs kompeterende wêreld en hoë eise word aan persone wat verantwoordelike posisies beklee, gestel. 'n Mens kan verwag dat die tempo, uitdagings en eise van die lewe steeds sal toeneem, sodat beter opleiding en toepaslike kwalifikasies 'n al groter wordende rol in die toekoms sal speel. Dit is in belang van elke persoon om seker te maak dat die onderwys en opleiding wat na standerd tien ontvang word, ooreenstem met die aanleg, geaardheid, belangstelling, vermoëns en die beroep wat die persoon wil volg, want dan sal die opleiding van die persoon nie net sinvol wees nie, maar hom ook in sy toekomstige loopbaan help en arbeidsgeluk tot gevolg kan hê (Steyl, 1989:2).

Technikons behoort so bemark te word dat bogenoemde feite duidelik en onomwonde aan eksterne publieke oorgedra word. Terselfdertyd behoort die voor- en nadele van alternatiewe bemarkingstrategieë teen mekaar opgeweeg te word. Alvorens dit gedoen word, behoort feite uit alle oorde versamel, tabelle opgestel, grafieke getrek en statistiese ontledings gedoen te word. 'n Faktor wat hierdie strategiese keuses egter kan beïnvloed is die mate van risiko wat dit inhou - nie alleen vir die voortbestaan van die teknikon nie, maar ook die bereidwilligheid van die rektor en die bestuurspan om sodanige risiko's in hul persoonlike hoedanigheid te aanvaar. Die mate wat 'n bepaalde strategie ooreenstem met die betrokke instansie se missie, en die heersende kultuur wat in so 'n teknikon geld, sal ook in die uitoefening van 'n keuse oorweging moet geniet. Verder is die persoonlike voor- of afkeure van die rektor en die interne politiek in die teknikon aspekte om in ag te neem. Dit

is ook moontlik dat die korrekte keuse uitgeoefen kan word, maar dat die tydsberekening veel te wense oorlaat.

Daar wag geweldige uitdagings op tegnologiese gebied vir almal in Suid-Afrika, veral as in gedagte gehou word dat die land verbind is tot 'n verantwoordelikheid teenoor sowel die eerste wêreldbevolkingskomponent as die derdewêreldtoestand van Afrika. Terwyl die eerstewêreldkomponent van die bevolking bewus is van die moontlikhede wat die tegnologie bied, is Suid-Afrika se lot andersins ook onlosmaaklik verbind aan die derdewêreldtoestande op die subkontinent.

Terselfdertyd bied Suid-Afrika op 'n breë terrein as gevolg van die goed ontwikkelde infrastruktuur, voldoende grondstowwe, die vermoë om komplekse projekte te hanteer, asook die vermoë om kennis en kundigheid beskikbaar te stel en produkte na Afrika en die buiteland uit te voer, baie geleenthede vir ontwikkeling. Dit beklemtoon die behoefte aan meer tegnologiese opleiding en veral technikonopleiding (Steyl, 1989:3).

Die strategiese keuse met betrekking tot die bemarkingstrategie behoort derhalwe aan die einde van die dag die beste van 'n aantal lewensvatbare alternatiewe te wees om die ondernemingsdoelstellinge te bereik. Thompson & Strickland (1983:31) definieer die finale geselekteerde strategie as,

"... the managerial game plan for how the organization is to be positioned in its overall environment and for how the organization's portfolio of activities is to be managed in the light of all the relevant internal constraints and external conditions".

3.7 SAMEVATTING

Die sleutel tot voorsprong en die skepping van welvaart in enige land is nywerheidsontwikkeling, wat slegs kan plaasvind as daar opgeleide mannekrag beskikbaar is. Die toekomstige ontwikkeling van teknikons is van die allergrootste belang vir die vooruitgang van die land, aangesien die teknikons die opgeleide mannekrag en die nywerheidsleiers moet lewer. n Duidelike bemarkingsplan is derhalwe noodsaaklik om hierdie belangrike faset van mannekragopleiding onder die aandag van die algemene publiek, werkgewers en bepaalde teikengroepe te bring.

Volgens Du Preez (1991:2) lê die sukses vir enige land en die mense daarbinne in die benutting van geleenthede. Van Rensburg (1991:2)sluit hierby aan en sê:

"in die moderne wêreld van vandag het kwaliteit mensmateriaal die kosbaarste grondstof van enige land geword".

Die teknikons kan hierdie potensiaal vir die handel en nywerheid oplei en n doelgerigte bemarkingsplan kan baie daartoe bydra om hierdie aksie te vergemaklik en te bespoedig.

Technikons word vandag gekonfronteer met n grootse verskeidenheid kragte wat nie alleen mededinging insluit nie maar ook verbeterde kommunikasiemiddele, veranderende waardes en n professionalisme in bestuur. Die uitdaging vir bestuur lê egter daarin dat daar voorsiening vir al hierdie sinvolle veranderende komponente in n bemarkingsplan met inagneming van die huidige beperkinge wat in die teknikon lê, gemaak moet word.

Bemarkingsplanne verg dus nie alleen die beste kundigheid in die verkenning van interne en eksterne omgewings en die opstel van die bemarkingsplan self nie, maar leun swaar op die topbestuur die sy beplanners se buigsaamheid.

In dié verband is dit belangrik om te kyk na bemarkingsgeleenthede vir teknikons en dit word vervolgens in 'n volgende hoofstuk bespreek.

4. BEMARKINGSGELEENTHEDE VIR TECHNIKONS

LYS VAN TABELLE EN FIGURE	100
SINOPSIS	101
4.1 Inleiding	103
4.2 Openbare skakeling	105
4.2.1 Inleiding	105
4.2.2 Definisie	106
4.2.3 Doel van openbare skakeling	108
4.2.4 Openbare skakeling en kommunikasie	109
4.2.5 Die rol van openbare skakeling in die bemarkingsfunksie	111
4.2.6 Die werksprosedure van openbare skakeling by 'n technikon	112
4.2.7 Openbare skakeling by 'n Suid-Afrikaanse technikon	115
4.2.8 Die bestuur van 'n technikon se program vir openbare skakeling	116
4.3 Markpenetrasie	118
4.3.1 Inleiding	118
4.3.2 Bemarkingskommunikasie	118
4.4 Markontwikkeling	127
4.5 Produkontwikkeling	145
4.6 Diversifikasie (parallellisasie)	151
4.6.1 Inleiding	151
4.6.2 Nuwe kurrikulums	151
4.6.3 Nuwe moontlikheid vir teikenmark	152
4.6.4 Studentemobiliteit	153
4.7 Samevatting	155

4. BEMARKINGSGELEENTHEDE VIR TECHNIKONS

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Tabel	4.1	Bemarkingsgeleentheid vir 'n onderneming	104
Figuur	4.1	Technikon : hulpbronomsetter	126
Figuur	4.2	Vaaldriehoekse Technikon 1991 : Studentepersentasie volgens provinsie en in die Vaaldriehoek	131
Tabel	4.2	Koppetelling van studente Eerste Dinsdag van elke jaar 1985-1991	132
Tabel	4.3	Instellings en aantal studente	142
Tabel	4.4	Verbetering van kwalifikasies by dosente	147
Tabel	4.5	Aantal diplomas uitgereik - Skool vir Kuns en Ontwerp	148
Figuur	4.3	Verskil tussen universiteit en technikon in die opleiding van toekomstige beroepslui	150
Figuur	4.4	Integrated vocational training system	154

4. BEMARKINGSGELEENTHEDE VIR TECHNIKONS

SINOPSIS

Om teknikons te laat groei in studentegetalle en donasies, is daar 'n bedryfseksies uiteensetting gegee. Dit is met behulp van Bouma se tabel gedoen wat vier hoofpunte aandui, naamlik: markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling en diversifikasie.

In hierdie verband speel die afdeling openbare skakeling 'n belangrike rol om die regte klimaat vir bemarking te skep en bemarkingsgeleenthede daar te stel.

Om 'n mark (teknikonteikenmark) te deurdring, moet deeglik gelet word op bemarkingsgeleenthede wat bestaan of wat geskep kan word en hulpmiddele soos mediabetrekkings, publisiteit, promosies en advertensies is hier van groot waarde.

Markontwikkeling vind plaas volgens bemarkingsbeginsels, 'n bemarkingskonsep, bemarkingsbeplanning, 'n bemarkingsamestelling en 'n bemarkingsplan. Hierdie bemarkingsplan moet bepaalde doelwitte, 'n begroting en taakopdragte bevat.

Met produkontwikkeling is dit die teknikon se taak om opvoeding en opleiding te verskaf ten einde studente aan die arbeidsmark te lewer. Studente behoort oor bepaalde vaardighede en voldoende tegnologiese en praktykkennis te beskik om effektiewe en produktiewe beroepsbeoefening te verseker.

Om dinamies binne die teikenmarkte te bly, sal teknikons voortdurend bedag moet wees op geleenthede sodat diversifikasie kan plaasvind. Na gelang van veranderde behoeftes binne 'n veranderende Suid-Afrikaanse bestel, sal gelet moet word op die aanpassing en daarstelling van moontlike nuwe kurrikulums, die samewerking

tussen die verskillende onderwysinstellings en die mobiliteit van studente tussen instellings met toetree-, uittree- en deurvloeimoontlikhede, vertikaal sowel as horisontaal.

BEMARKINGSGELEENTHEDE VIR TECHNIKONS

4.1 INLEIDING

Probleme waarvoor technikonse toenemend te staan kom, dwing technikonse om veral wat studentewerwing betref, van bemarkingsgeleentheid gebruik te maak. Finn (1973:11-12) dui vyf hoofprobleme aan wat hy as onderliggend beskou aan die toepassing van die bemarkingsbenadering:

- * Ongunstige tendense, soos die algemene besuinigingsbewustheid onder die publiek weens inflasie, die feit dat 80 persent van alle beroepe nie universiteitsopleiding vereis nie en die afname in bevolkingsgroei.
- * Studente se lewensuitkyk en gedrag verander sodat hulle meer responsief vir eie behoeftes word in teenstelling met dié van die universiteit.
- * Stygende uitgawes wat deur die student of sy ouers gedra moet word, is aan die orde van die dag. Dit sluit onder andere klasgelde, boeke en behuising in.
- * Toenemende mededinging bestaan tussen inrigtings wat hoër onderwys aanbied.
- * Universiteite en technikonse ondervind 'n toenemende geldlas wat dit noodsaak om hoër inkomstes uit onder meer verhoogde klasgelde te verkry.

Bogenoemde probleme geld vandag (1991) nog.

Uit 'n bemarkingsbeplanningsgesigspunt bestaan daar vier basiese soorte geleentheid.

Gebaseer op tabel 4.1, soos deur Bouma (1971:428) geponeer, word markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling en diversifikasie binne technikonverband bedryfsekonomies bespreek. Bouma is veral gebruik omdat die studie van die algemene bedryfsekonomie na die besondere bedryfsekonomie oorgaan.

TABEL 4.1

BEMARKINGSGELEENTHEDE VIR 'N ONDERNEMING

Produksie- tegnologie	Soos vroeër	Nuut
Mark Afset Kanaal		
Soos vroeër	Markpenetrasie	Produkontwikkeling
Nuut	Markontwikkeling	Diversifikasie

Bron: Oorgeneem en aangepas uit Bouma (1971:428)

Tabel 4.1 blyk dat waar 'n onderneming die bemarking van produkte wil verhoog sonder om nuwe markte of produkte te ondersoek, daar meer klem op markpenetrasie gelê sal moet word om 'n groter voordeel uit die bestaande mark te verkry. Daar sal gepoog moet word om deur middel van spesiale en indringende bemarkingsaksies 'n groter omset vir 'n bepaalde produk binne 'n bepaalde mark te bewerkstellig.

Wanneer daar egter beoog word om met die huidige produk nuwe markte te betree, is dit bloot 'n kwessie van markontwikkelingsaksies wat moet plaasvind. Hierteenoor is dit ook logies dat indien groter rendemente en opbrengste uit bestaande markte

bekom wil word, die produk verbeter of uitgebrei sal moet word. Produktontwikkeling moet die bemarkingsaksie onderskryf en ondersteun. Wanneer daar vir beter winsopbrengste na nuwe markte sowel as nuwe produkte gekyk word, is diversifikasie 'n noodsaaklikheid. Daar moet eerder gekonsentreer word op bepaalde produkte vir bepaalde markte soos wat deur marknavorsing aangetoon sal word, as wat alle produkte gelyktydig op alle markte aangebied word.

Skrywers soos Evans & Berman (1984:512), Lucas (1988:580) en McDaniel & Darden (1987:70) het onder andere ook suksesvol van hierdie bemarkingsgeleenthede gebruik gemaak en daarom kan dit sinvol in dié studie aangewend word.

Verder sê Nel (1987:118) dat openbare skakeling die funksie is wat belas is met die bemarke van korporatiewe produkte. Openbare skakeling behoort daarom die klimaat te skep waarbinne dit vir die bemarker makliker sal wees om produkte (kursusse) en dienste (voorligting, sport en kultuur) te bemark en waarvolgens markpenetrasie, markontwikkeling, produktontwikkeling en diversifikasie, indien nodig, ondersoek of toegepas behoort te word.

Om aan te dui in watter mate openbare skakeling in bogenoemde verband 'n rol kan speel, word openbare skakeling in breëre verband onder die volgende hoofpunte nader omskryf:

4.2 OPENBARE SKAKELING

4.2.1 Inleiding

Riggs (1979:489) toon aan dat die funksie van openbare skakeling is om as hulpmiddel vir bestuur te dien:

"... to make the enterprise look good",

en dit behels die volgende:

- a om topbestuur by te staan om die missie en doelstellings van die instelling (technikon) te bepaal;
- b om bestuurders op alle vlakke ingelig te hou ten opsigte van die aard, stand en veranderinge van die openbare mening met spesifieke verwysing na faktore wat van belang is, veral ten opsigte van produk- en markontwikkeling;
- c om die instelling op hoogte te hou van enige nadelige gevolge met betrekking tot die organisasie van die instelling; die daaropvolgende optrede te beplan; en
- d om deur middel van elke moontlike medium die instelling se beleid en optrede aan geselekteerde dele van die publiek oor te dra wat sal meehelp tot markpenetrasie veral wanneer daar na nuwe markte gesoek word.

Die openbare skakelafdeling van 'n teknikon behoort aan bogenoemde funksies te voldoen.

4.2.2 Definisie

Definisies van "openbare skakeling" wissel van die mees simplistiese, naamlik "openbare erkenning" tot weldeurdagte en wetenskaplike stellings.

Moore en Kalupa (1985:5) sien openbare skakeling as 'n bestuursfilosofie met bepaalde opdragte:

"Public relations is a social philosophy of management expressed in policies and practices, which through sensitive interpretation of events based upon two-way communication with its public, strives to secure mutual understanding and goodwill."

Verskeie omskrywings van die begrip "openbare skakeling" kan ontleed word, maar basies kom vyf faktore in alle gevalle na vore:

- a openbare skakeling is die uitvloeisel van 'n sosiale bestuursfilosofie wat die belange van individue en teikenmarkte eerste plaas in soverre dit die houding/gedrag van die organisasie (tegnikon) aangaan;
- b openbare skakeling is die openbaring van 'n sosiale strategie in die organisasie se besluitneming ten opsigte van die publiek se belange;
- c openbare skakeling is die voortvloeiende optrede uit 'n beleidsbepaling wat die sosiale denke van bestuur openbaar;
- d openbare skakeling is 'n tweerigtingkommunikasie-aktiwiteit, waar die terugvoer geëvalueer moet word sodat regstelling ten opsigte van markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling en diversifikasie, waar nodig, gemaak kan word;
- e openbare skakeling is nie, soos baie glo, bloot 'n vernuwingskuur (diversifikasie) om die beeld te verbeter nie. Die oppervlakkige gebruik deur openbare skakeling van bepaalde tegnieke met die doel om te mislei, te verdoesel of toe te smeer, verneder die publiek sowel as die instansie wat sulke tegnieke toepas. Met openbare skakeling word daar probeer om die werksaamhede, doelstellings en doelwitte van 'n onderneming aan gedefinieerde teikengroepe bekend te stel (vergelyk Aronoff & Baskin, 1983:7; Reilly, 1981:6).

4.2.3 Doel van openbare skakeling

Volgens Moore & Kalupa (1985:10) het openbare skakeling ten doel om:

- a die openbare mening te peil en aan bestuur deur te gee;
- b bestuur bewus te maak van neigings in politieke, sosiale en ekonomiese denke;
- c bestuur bewus te maak van enige gebeurtenis binne die onderneming wat n invloed op die onderneming se beeld kan uitoefen; en
- d voorstelle aangaande kommunikasie-aksies te maak om die verhoudinge met die onderneming se teikengroepe te harmonieer.

Daar word toenemend besef dat kommunikasie die medium is waarlangs al die funksies binne n teknikon betekenis oordra, maar dit is openbare skakeling se uitsluitlike taak om goedgesinde verhoudinge deur middel van wetenskaplik beplande en geëvalueerde kommunikasie-aksies te skep, met ander woorde, om logistieke ondersteuning aan die bemarkingsgeleenthede te verskaf.

Mintzberg (1979:18-36) meld in sy studie oor strukture binne n onderneming dat openbare skakeling in sy ondersteunende rol by topbestuur inspraak moet hê. Sites (in Aronoff & Baskin, 1983:4) beaam die bevindinge van Mintzberg:

"Public relations should occupy one of the most strategic positions in the corporate (organizational) structure if for no other reason that it sits squarely astride the communication channels that are absolutely vital to the effective operation of an organization."

Met hierdie aanhaling kan saamgestem word.

Talle ondernemings het reeds gevind dat die oordra van daaglikse werksaamhede,

prosedures en probleme van die onderneming aan 'n oningeligte buitewêreld, dit wil sê die markte wat betree wil word, slegs suksesvol kan wees indien openbare skakeling, wat die taak moet vervul, voldoende ingelig is. Dit is om hierdie rede dat groot getalle ondernemings, waaronder ook teknikons en universiteite, begin het met 'n eie afdeling vir openbare skakeling - iets wat uiters noodsaaklik geword het.

Turner (1986:11) sê:

"Don't as too many businessmen do, neglect public relations, people still sneer about the 'gin and tonic brigade' but it has become a more sober function."

Turner beklemtoon die aspek nog verder (1986:11):

"To ensure that public relations doesn't get neglected, it is sensible to make it a clear part of someone's job specification, even if you don't have a person on it full-time; alternatively you could use a public relations consultant to handle the task for you."

4.2.4 Openbare skakeling en kommunikasie

Openbare skakeling poog om deur middel van kommunikasiemiddele goeie verhoudinge met die teknikon se teikengroepe te vestig. Verder poog openbare skakeling om begrip en goedkeuring vir die teknikon se handelinge teweeg te bring. 'n Teknikon is juis afhanklik van die positiewe houding van die teikengroep. Dit kan regstreeks 'n invloed op studentewerwing uitoefen, aangesien die teknikon slegs studente sal lok indien 'n goeie beeld na buite bestaan.

Sover dit die sosiale omstandighede en die sakewêreld van Suid-Afrika se betrokkenheid daarby aangaan, rapporteer Manning (1987:4) dat daar

nimmereindigende teorieë bestaan oor hoe 'n onderneming se effektiwiteit verhoog kan word. Hy meen dat om sukses te verseker, daar slegs 'n paar funksies is wat werklik goed uitgevoer moet word. Manning voer aan dat "kommunikasie" van hierdie funksies dié belangrikste is, juis omdat die publiek se sosiale omgang buite sowel as binne ondernemings, uit so 'n uiteenlopende verskeidenheid bestaan.

Kommunikasie veronderstel die deurlopende wedersydse vloei van inligting tussen sender en ontvanger en is in werklikheid 'n doelbewuste poging tot sinvolle begrip tussen minstens twee mense. Openbare skakeling is betrokke by so 'n deurlopende wedersydse vloei van inligting vanweë die feit dat dit aan mense gekoppel is. Wedersydse vloei van inligting kan bepalend vir die onderneming (tegnikon) wees ten opsigte van die aanvaarding wat daar vir sy produk is, of dit tyd geword het om nuwe markte en/of produkte te ontwikkel, of meer gedoen behoort te word om huidige markte te penetreer en/of die onderneming (tegnikon) gedeeltelik of geheel en al moet diversifiseer.

Grammas (in DiCaotani, 1986:51) definieer kommunikasie soos volg:

" ... the flow of material, information, perceptions and understandings. It encompasses all methods, means and media (communications technology) and all channels, networks and systems (organizational structure). Communications can be seen as a continuing process, resulting in a mutual exchange between participants".

Openbare skakeling is die funksie belas met die bemarking van korporatiewe produkte soos persepsies, opinies, houdings, gevoelens en beeld, terwyl kommunikasie die proses is wat aangewend word om die gewenste resultaat te bereik en wedersydse begrip en verstandhouding te bewerkstellig (Nel, 1987:118).

4.2.5 Die rol van openbare skakeling in die bemarkingsfunksie

Openbare skakeling word dikwels gebruik as 'n tydelike defensiewe optrede om vir die vergissing in optrede van die bestuur teenoor die publiek te kompenseer. Doeltreffende openbare skakeling is nie 'n nood- of tussentydse maatregel nie, maar 'n onafgebroke poging om die teknikon aan die verskillende segmente van die publiek bekend te stel om sodoende begrip en welwillendheid te verkry en om bemarkingsgeleenthede te bevorder.

Openbare skakeling is 'n instrument om bestuur behulpsaam te wees in die bemarkingsproses. Die bemarkingsbeleid van die teknikon moet in alle opsigte gesond wees, want slegs dan kan openbare skakeling doeltreffend aangewend word om, sover dit moontlik is, die beste resultate vir die teknikon te verkry.

Nadat die teknikonbestuur bepaal het watter markte dit wil betree en die behoeftes en voorkeure van die segmente bepaal is, is die teknikon gereed om oor te gaan tot 'n meer taktiese analise van die probleem om so 'n bepaalde markreaksie te bereik. Daar is 'n aantal beleidsinstrumente waardeur die teknikon kan poog om 'n gesonde verhouding met die teikenmarkgroepe te bewerkstellig.

Die vier instrumente van die bemarkingsamestelling naamlik produk of diens, prys, plek en bemarkingskommunikasie vorm vir die bestuur van 'n teknikon 'n onderling afhanklike geheel aangesien besluite ten opsigte van een bepaalde instrument noodwendig die ander instrumente in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed. So byvoorbeeld moet die bestuur van 'n teknikon daarvan bewus wees wanneer swak diens in die lesingkamer die bevordering van die teknikon nadelig beïnvloed. Dit is van belang om na Kotler & Fox (1985:283) te kyk, wat sê:

"An institution would like to have the goodwill of every public that it affects or is affected by."

Dit is hier waar openbare skakeling 'n belangrike rol het om te vervul om hierdie teikengroepe van die publiek in die bemarkingsproses te bereik. In dié geval word bemarkingshulpmiddele sterk aangewend.

Die mees algemene middele wat technikon deur middel van hulle afdelings vir openbare skakeling in die bemarkingsproses aanwend, is perspublisiteit, tydskrifartikels, spesiale geleenthede soos diplomaplegtighede, radio- en televisiepraatjies, interpersoonlike kommunikasie met donateurs, voorsieners, owerheidsinstansies en studente.

Vir die technikon is dit belangrik dat sy personeel beseft dat dit nie slegs die openbare skakelafdeling is wat die technikon se beeld na buite uitdra nie. Alle werknemers wat met die publiek skakel, het deel aan die bevordering van die beeld, bemarkingsproses, en bemarkingsgeleenthede.

4.2.6 Die werksprosedure van openbare skakeling by 'n technikon

By 'n technikon behoort openbare skakeling ook 'n deurlopende poging te wees om 'n gebalanseerde aanpassing tussen die technikon en die verskillende sektore van die publiek te bewerkstellig. Die aanpassing geskied nie net vanself nie, maar verg voortdurende beplanning en besluitneming.

Cutlip, Center & Broom (1985:200) sê die werksprosedure van openbare skakeling by enige onderneming bestaan basies uit vier stappe:

- a Definieer die probleem. Dit behels die versameling van inligting en navorsing

wat die ondersoek van menings, houdings en reaksies van persone wat met die optrede en beleid van die onderneming gemoeid is, insluit.

- b Beplanning en programmering. Dit betrek die houding, mening, idees en reaksies op programme en beleid van dié onderneming. Die vraag is: wat word nou gedoen?
- c Kommunikasie-aksie. Dit behels die verduideliking van 'n bepaalde doelstelling aan alle sektore van die publiek wat geraak word en wie se ondersteuning vir die program nodig is.
- d Evaluering. Hierdeur word die resultate en gevolge van 'n program en die doeltreffendheid van die tegnieke en middele wat aangewend is, bepaal.

Elkeen van die stappe is belangrik vir die doeltreffendheid van die totale program en teknikons behoort dit meer toe te pas. Dit gebeur gereeld dat daar te min navorsing, geen beplanning nie en te veel publisiteit plaasvind. Indien die stappe van inligtingversameling en beplanning in 'n openbare skakelprogram ingesluit is, sal die program op 'n doelgerigte wyse plaasvind en sal publisiteit deel van die program uitmaak.

Een van die funksies van 'n skakelbeampte binne die afdeling vir openbare skakeling is om bewus te wees van menings en neigings in die algemene omgewing van die teknikon, dit aan die bestuur oor te dra en as raadgewer vir die bestuur op te tree om die daaropvolgende planne en aksies van bestuur - wat ten doel sal hê om die menings te verskerp of te verander - doeltreffend aan 'n bepaalde teikengroep oor

te dra. Die skakelbeampte se finale taak sal wees om te bepaal en te evalueer of sy poging geslaag het. Met doelgerigte strategieë is die kans op sukses baie goed.

Die funksie van evaluering en inligtingversameling van die afdeling vir openbare skakeling, maak dit vir bestuur moontlik om 'n beleid te formuleer wat vir die publiek aanvaarbaar is. Meningsopnames gee aan die publiek die geleentheid om gehoor te word en hul tevredenheid, al dan nie, met die beleid en optrede van die teknikon uit te spreek. Die evaluering help sodoende die bestuur om die foute wat hulle gemaak het, in die toekoms te vermy. Navorsing en ondersoek vervang die raaiwerk met feite, dit dissiplineer bestuursdenke en beperk ook die onsekerheid en misverstande.

Die evaluering en feite-opnames voltooi die werksprosedures van openbare skakeling. Kobre (1972:379) merk die volgende in dié verband op:

"If carefully systematic surveys are conducted by the public relations departement, the university officers have more definite facts and alternatives in making changes in policy or in instituting new plans of action. Research reveals the trouble spots before they become cancerous and it uncovers methods of eradicating or reducing the cause and effects of problems, enabling officials to initiate remedies in time."

Die navorsing wat in verband met openbare skakeling gedoen word, bepaal ook die mate waarin die publiek van 'n teknikon verkeerde inligting bekom het en gevolglik 'n foutiewe mening gevorm het. Kobre (1972:380) sê in dié verband dat die effektiwiteit van 'n openbare skakelafdeling sal toeneem indien die afdeling

op hoogte bly met die inligting waarop die publiek beskik, sowel as hulle houdings en opinies. Sodanige navorsing sal lei tot die verwesenliking van die hoogste doel van die profesie: om institusionele probleme te analiseer, om oplossings te vind, te kommunikeer en terugvoering te bekom sodat algehele effektiwiteit verhoog kan word.

4.2.7 Openbare skakeling by 'n Suid-Afrikaanse teknikon

Ten spyte van die verskille onder Suid-Afrikaanse teknikons ten opsigte van institusionele grootte en doelstellings, het almal tog dieselfde institusionele doelwit, naamlik dienslewering aan die gemeenskap. Alle teknikons word vandag gekonfronteer deur 'n ernstiger, meer gesofistikeerde, belangstellende en ingeligte publiek as wat ooit voorheen in die geskiedenis van die tersiêre onderwys die geval was.

Die onderskeie segmente van die publiek het 'n reg om van die aard van die verskillende teknikons kennis te neem en 'n eie oordeel te vorm. Teknikons het ook 'n verantwoordelikheid om hulle doelstellings aan die publiek te verduidelik. Sodoende word 'n vertrouensposisie met die gemeenskap bewerkstellig, wat op sy beurt die verhouding tussen die teknikon en die gemeenskap sal verbeter.

Technikons sal 'n strategie moet bepaal om tred te hou met die behoeftes van 'n nuwe staatstelsel. Dié instellings se toekomstige sukses sal bepaal word deur hul vermoë om by politieke veranderinge in die land aan te pas (Wiid, (in Anon., 1990:30)).

Die volgende voorstelle kan moontlik daartoe bydra om die vertrouensposisie tussen teknikons en die gemeenskap te verbeter:

- a Bekendstelling van n technikon se bedrywighede, aard en karakter aan die gemeenskap.
- b Deelname aan akademiese bedrywighede deur die gemeenskap.
- c Personeel behoort aan die technikon se beeldbouaksies deel te neem.
- d Publisiteit van n technikon behoort die karakter en opvoedkundige beeld van die inrigting te reflekteer.
- e Die gebruik van n wetenskaplike benadering in die beplanning van n program vir openbare skakeling.
- f Beplanning van spesiale geleenthede vir unieke sektore van die publiek.

4.2.8 Die bestuur van n technikon se program vir openbare skakeling

Die funksie van die afdeling vir openbare skakeling is net so belangrik en noodsaaklik as die ander hoof funksies van die technikon, soos kennisoordrag, opvoeding, navorsing en gemeenskapsdiens. Sonder n breë effektiewe en doeltreffende program vir openbare skakeling kan geen technikon oor n breë spektrum steun van die publiek verwag nie.

Die openbare skakelprogram is die totale program wat deur n technikon aangewend word om begrip en steun vir sy onderrigpoging en ontwikkeling daar te stel. So n program is die sambreel waaronder openbare skakelaktiwiteite, oud-studenteprogramme, fondsinsameling, publikasies vir interne en eksterne gebruik, owerheidsverhoudinge, studentewerwing, inligtingsdienste en die versameling van inligting vir die gebruik deur bestuur, ingesluit word.

Die doelstelling van dié program is om effektiewe en doeltreffende kanale vir kommunikasie tussen akademici, die administratiewe afdeling, die student en tussen al die ander sektore van die eksterne publiek van die technikon daar te stel.

Openbare skakeling is as die vertolkingsafdeling, verantwoordelik vir die ontwikkeling van begrip en steun vir die technikon se aktiwiteite en onderrigprogramme.

Om hierdie funksie te kan uitvoer, is die program vir openbare skakeling soos volg:

- a inligtingsdienste;
- b publikasies;
- c openbare skakeling;
- d alumni en studentebetrekkinge;
- e fondsinsameling;
- f mediabetrekkinge;
- g kampusbesoeke;
- h funksies;
- i spesiale aangeleenthede.

Die sukses van so 'n program hang af van die samewerking van 'n groep goed gekwalifiseerde professionele skakelbeamptes wat op gebiede soos skryf, redigeer, drukwerk, ontwerp, toesprake lewer, ensovoorts, funksioneer. Die skakelbeampte behoort met gemak met 'n verskeidenheid sektore van die publiek of persone te kan kommunikeer, aangesien hy dié belangrikste medium tussen die technikon en die publiek is.

Aan die hoof van die span skakelbeamptes staan gewoonlik 'n direkteur wat 'n breë

insig het van die teknikon as sodanig en die program vir openbare skakeling. Die direkteur moet op hoogte wees van die onderrig, navorsing en openbare diensleweringssaksies van sy teknikon en hy behoort nie n eenrigtingspesialis te wees nie. Die direkteur is die kenner op vele terreine wat uiteindelik verantwoordelik is vir die vertolking van die teknikon se optredes en die verkryging van steun vir sy instelling.

Vervolgens word daar in samehang met die rol en funksie van skakeling gekyk na die bemarkingsgeleenthede.

4.3 MARKPENETRASIE

4.3.1 Inleiding

"De markpenetratie kan worden gelijkgesteld aan de groei met behoud van de functionele plaats" (Bouma, 1971:428).

In hierdie afdeling word die volgende hoofpunte aan die orde gestel, naamlik:

- a Bemarkingskommunikasie
- b Bemarkingshulpmiddele, soos:
 - i Mediabetrekkings
 - ii Publisiteit
 - iii Promosies
 - iv Advertensies
 - v Samevatting

4.3.2 Bemarkingskommunikasie

a Definisie

Om te kommunikeer is maklik, maar om dit effektief te doen deur ander se persepsies blywend te beïnvloed, is geen maklike taak nie. Dit behels die kragdadige oordrag van n bepaalde boodskap, akkuraatheid en ondubbelsinnigheid waardeur aandag getrek en belangstelling behou sal word.

Cherry (in Koehler, Anatol & Applebaum, 1981:5) sien kommunikasie soos volg:

"... the use of words, letters, symbols, or similar means to achieve common or shared information about an object or occurrence".

Uit 'n sake-oogpunt gesien, definieer Rosenblatt, Cheatham & Watt (1982:7) kommunikasie as:

"... a positive interchange of ideas, opinions, information, instructions, and the like, presented personally or impersonally by symbol or signal as to attain the goals of the organization".

Vir bemarkingskommunikasie sê Sevier (1989:12):

"Successful marketing requires sound and effective promotion and communication."

b. Doelstellings van kommunikasie

Kommunikasie impliseer die deurlopende wedersydse vloei van inligting tussen sender en ontvanger en is in werklikheid 'n doelbewuste poging tot sinvolle begrip tussen minstens twee mense.

Hunt (1980:38-39) noem uit 'n praktiese perspektief 'n hele aantal individuele en organisatoriese doelstellinge.

i. Individueel:

- * om as individue vanweë omgang met die omgewing en ander mense persoonlike groei te ervaar;
- * om deur 'n verskeidenheid inligting wat by die individu se ervaringsveld

geïnkorporeer word, groei in die leerproses te bewerkstellig;

- * om 'n positiewe sin van selfbewustheid ten opsigte van prestasies en goeie optrede te skep; en
- * om die individu te help om geïntegreerd met die omgewing te lewe en om hom bewus te maak van die veranderinge wat nodig is om harmonieus te lewe.

ii **Organisatoriesekstern:**

- * om die onderneming in staat te stel om inligting uit die omgewing te prosesseer;
- * om met kliënte en ander lede van die publiek te identifiseer;
- * om met ander ondernemings in interaksie te tree;
- * om die onderneming in kontak te bring met die omgewing ten einde sinvolle strategieë, missies en doelwitte te kan formuleer.

iii **Organisatoriesintern:**

- * om 'n groepkohesie aan te wakker;
- * om induksie en opleiding te laat vlot;
- * om werknemers met die onderneming te laat identifiseer;
- * om 'n gunstige organisasieklimaat daar te stel;
- * om toesighouding en rigtinggewing te vergemaklik; en
- * om 'n algemene gevoel van tevredenheid by werknemers te skep tot wedersydse voordeel (vergelyk Aronoff & Baskin (1983:25-30); Marston (1979:45-51)).

c **Bemarkingshulpmiddele**

Om die mark verder te penetreer sê Coulson-Thomas (1983:88) is daar verskeie kommunikasiehulpmiddele waarvan oor die lang en kort termyn gebruik gemaak kan word.

i **Mediabetrekkinge**

Die openbare pers (koerante en tydskrifte) is vandag een van die belangrikste kommunikasiemediums. Dit is ook die belangrikste kanaal vir kommunikasie met die algemene publiek.

'n Groot aantal en 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte word daagliks regoor die wêreld gepubliseer en versprei. Die verspreiding geskied baie vinnig en koerante kan op die meeste plekke op die publikasiedag gelees word.

Hierdie koerante en tydskrifte word deur miljoene mense gelees en word massamedia genoem, omdat dit so 'n groot deel van die bevolking bereik. Hierdie media se trefkrag is groot en speel 'n uiters belangrike rol by die oordrag van inligting en die vorming van die openbare mening.

Net soos die pers is die radio en televisie besonder belangrike kommunikasiemedie. Radio's en televisiestelle word feitlik in alle huishoudings aangetref. Dit speel 'n groot rol by die verspreiding van inligting en die beïnvloeding van die openbare mening. Die invloedssfeer is nie slegs plaaslik of nasionaal nie, maar ook internasionaal:

"Television combines a relatively realistic image with sound to form a particular persuasive medium." (Coulson-Thomas, 1983:248).

Die afdeling vir openbare skakeling van 'n teknikon het ook goeie verhoudinge

met die media. Daarom sê Moore & Kalupa (1985:176) dat tydskrifredakteurs besef dat openbare skakelingafdelings 'n bron van nuus en inligting oor tegniese aangeleenthede is en dat dié afdelings gretig is om inligting, foto's en agtergrondmateriaal te verskaf. Hierdie afdelings se kennis van die behoeftes, beleid, spesifieke probleme en leserspubliek van die massamedia neem steeds toe (vergelyk Ray (1982:320-323); Runyon (1982:104-11)).

ii **Publisiteit**

Goeie publisiteit vorm 'n deel van die bemarkingskommunikasie. Dit bevoordeel die instelling (tegnikon) deur die skepping van goeie verhoudinge en die bevestiging van bestaande positiewe houdings. Dit verseker dat aandag op die technikon gevestig word en bevorder 'n bewuswording van die instelling, sy produkte (studente) en/of dienste (voorligting).

Die technikon verkry publisiteit in redaksionele kolomme van die pers, deur nuus- en aktualiteitsprogramme oor die radio en televisie en deur die openbare funksies waarby die technikon betrokke is. Publisiteit is gratis advertensie wat deur die nuusmedia gedra word, maar met die een groot nadeel - die instelling het geen beheer oor hoe die bepaalde medium dit gaan gebruik nie: reg, verkeerd of verdraaid nie. Dit skep dikwels groot probleme in die technikon se afdeling vir openbare skakeling.

Die term "publisiteit" word dikwels sinoniem met openbare skakeling gebruik, terwyl dit inderwaarheid, volgens Gelb (in Bobrow & Bobrow, 1985:372), net een van die mediums vir openbare skakeling is waardeur dele van die publiek bereik word. Volgens Moore & Kalupa (1985:179) kan openbare skakeling nuusvystellings, artikels, agtergrondinligting en dergelike meer na die media versprei en vertrou dat

laasgenoemde dit sal gebruik. Die onderneming sal langs dié weg sekere spesifieke sektore van die publiek/gemeenskap bereik.

Daar is verskeie maniere waarop daar publisiteit vir die technikon bekom kan word om sodoende die mark binne te dring. Dit behels onder meer die deurgee van:

- * nuuswaardige aangeleenthede wat weer ingedeel kan word in spontane nuusgebeure (’n skielike gebeurtenis) en beplande nuus (die daaglikse gebeurlikhede wat nuuswaardig is);
- * sakenuus wat vir spesifieke teikengroepe van belang is;
- * tydskrifartikels wat ten doel het om aangeleenthede van ’n onderneming of instelling onder die aandag van die algemene leserspubliek te bring;
- * finansiële publisiteit om dividende, samesmeltings, jaarverslae en dies meer bekend te stel;
- * produkpublisiteit, dit wil sê aangeleenthede in verband met die ontwikkeling van nuwe produkte (kursusse) of dienste;
- * foto-artikels en publisiteit: soms kan ’n enkele foto genoegsame nuus- of inligtingswaarde oordra om publisiteit vir ’n onderneming te bekom;
- * agtergrondinligting in verband met spesiale geleenthede wat nie deur persvystellings gedek word nie, byvoorbeeld biografiese inligting oor ’n geleentheidspreker.

Bogenoemde word deur Seitel (1984:331) beklemtoon in die volgende aanhaling:

"Publicity is most often gained by dealing directly with the media, either in reacting to inquiries or in initiating the communication.

Importantly, publicity differs dramatically from advertising, despite the fact most people confuse the two."

Die stelling is in die technikonwese bewaarheid, omdat die belangrikheid van openbare skakeling nie raak gesien word nie (vergelyk Howard, 1985:24; Marston, 1979:140-141).

iii **Advertensies**

Kotler & Fox (1985:297) definieer "advertensie" soos volg:

"It consists of non-personal forms of communication conducted through paid media under clear sponsorship."

Advertensies by technikonse kan omskryf word as die onpersoonlike bevordering van produkte en dienste, deur middel van boodskappe in die massamedia wat nie net die adverteerder (teknikon) identifiseer nie, maar wat deur hom beheer en betaal word.

Advertensies soortgelyk aan promosies en borgskappe word deur bemerkers en praktisyns in openbare skakeling gesien as 'n instrument om onderskeie doelwitte en groepe in die publiek te bereik om die mark verder te penetreer. Die openbare skakelafdelings kry dikwels met die situasies te doen en dié afdelings is van die funksionariesse om daarvan kennis te neem.

Advertensies kan deur 'n technikon gebruik word in gevalle waar dit 'n massamark wil bereik. Die doel van advertensies is dan om die voorverkoopfunksie uit te voer sodat die doelwitte bereik kan word. Die technikon moet rekening hou met die feit dat die teikenmark nie net uit studente bestaan nie, wat reeds in vorige

hoofstukke genoem is. Ouers is belangrike "verbruikers" aangesien hulle n invloed op die keuse van die technikon kan uitoefen en meestal vir die "produk" betaal. Human (1987:164) bevestig dit soos volg:

"Die rol van die ouerhuis op die beroepskeuse van hulle kinders word allerweë as van deurslaggewende belang beskou. Ouers se persepsie van n houding jeens teknikons en technikonopleiding kan derhalwe as n kanaliseringmeganisme vir naskoolse opleiding n bepalende rol speel."

Indien die mark wel groot genoeg is en ekonomies deur middel van massamedia bereikbaar is, kan advertensies doeltreffend benut word.

iv Promosie

Stanley (1982:5) definieer "promosie" as:

"... any communicative activity whose purpose is to move forward a product, service or idea in a channel of distribution".

Volgens Stanton (1981:380) word promosie gedefinieer as n

"... exercise in information, persuasion and communication".

Die outeur onderskei tussen twee aktiwiteite: eersgenoemde is daarop gerig om definitiewe verkoop- of advertensieveldtogte te ondersteun, terwyl laasgenoemde op die breër publiek, wat n invloed op die onderneming se aktiwiteite kan uitoefen, ingestel is. Met die definisie van Stanton kan saamgegaan word, omdat Stanton ook veral klem lê op die begrip "kommunikasie". Skinner & Von Essen (1989:85) sien promosie uit n ander hoek en dit is nodig om hulle definisie van nader te bekyk:

"Promotion is the marketing practice of temporarily offering better value for money. This is done in the hope that the offers of specific


benefits will appeal to those to whom they are addressed and that from this will come specific efforts which are beneficial to the brand."

Die verbruiker word deur middel van promosies aangespoor om te koop. Dit is interessant om na Yavitz & Newman (1982:10) te kyk oor opmerkings in verband met "improvised communications", wat by bogenoemde aansluit.

In Yavitz & Newman (1982:12) word die interaksie nogmaals beklemtoon (kyk figuur 4.1).

FIGUUR 4.1

TECHNIKON : HULPBRONOMSETTER



Bron: Oorgeneem en aangepas uit Yavitz & Newman (1982:12)

Promosie kan gesien word as alle pogings wat deur die bemarker (tegnikon) geïnisieer word om kanale vir inligting en oorrading op te stel om die verkope van 'n produk of diens of die aanvaarding van 'n idee te bewerkstellig. Daardeur word die tegnikon se teikenmark vinniger gepenetreer. Loopbaanuitstallings en ope dae word dikwels deur tegnikonse vir promosiedoeleindes gebruik. Hierdeur word studierigtings, aktiwiteite en fasiliteite bemark. Ander temas vir promosie is institusionele promosie (vir 'n goeie beeld na buite), openbare dienspromosie (vir die oplossing van sosiale probleme in 'n gemeenskap), ekonomiese promosie (hoe 'n onderneming funksioneer), arbeidsbetrekkinge promosie (vir die verbetering van arbeidsbetrekkinge) en die promosies vir spesiale geleenthede, byvoorbeeld die borgskap vir 'n spesifieke geleentheid en bemarking.

d Samevatting

Slegs deur 'n effektiewe bemarkingskommunikasieproses kan 'n tegnikon die teikenmark (ouers, werkgewers, donateurs, studente en die gemeenskap) (kyk figuur 4.1), op hoogte bring met betrekking tot teknikonangeleenthede. Deur middel van die kommunikasieproses raak die teikenmark ook bewus van tegnikonse probleme (finansiering, gebrek aan fasiliteite en tekorte aan koshuisfasiliteite). Bowenal moet tegnikonse ook bereid wees om na die behoeftes van die teikenmark te luister en waar nodig, die nodige aanpassings te maak.

Markpenetrasie vir tegnikonse is belangrik om sodoende ook verdere markontwikkeling te kan doen tot logistieke ondersteuning van die tegnikon.

4.4 MARKONTWIKKELING

Bouma (1971:428) omskryf die begrip soos volg:

"De markontwikkeling houdt in het creëren van nieuwe behoeften, waarin kan worden voorzien door bestaande produkten of door produkten die met de bestaande produktie-uitrusting kunnen worden voorgebracht."

Marx & Van der Walt (1989:521) sê: "In order to maintain a sustainable competitive advantage, the enterprise must develop strengths in one or more of the following fields:

- * the ability to innovate;
- * the ability to manufacture a high-quality product;
- * the ability to manufacture and market a product at a relatively low cost;
- * skilled management;
- * marketing orientation by top management;
- * a large market share.

Markontwikkeling vind volgens verskeie bronne (raadpleeg bespreking) plaas ooreenkomstig:

- a **bemarkingsbeginsels**
- b **bemarkingsbeplanning**
- c **bemarkingsamestelling**
- d **bemarkingsprogram**

i Bemarkingsbeginsels

Bemarking word toenemend deur niuwinsgeoriënteerde organisasies gebruik. Frain (1986:60) verwys na:

"... the growing application of the marketing concept within non-profit organisations".

In die bemarkingsproses van teknikons, byvoorbeeld, is die evaluering van die organisasiedoeltreffendheid van groot belang, en dit behoort 'n kontinue bestuurshandeling te wees. Volgens Van der Westhuizen (1986:510) is meting van resultate eie aan enige organisasie. Waar daar enige strukture bestaan en take en verantwoordelikheid aan mense opgedra word, word inligting omtrent die aktiwiteite verkry ten einde aanpassings te maak om die doeltreffendheid van die organisasie te verhoog.

Die doeltreffendheid van 'n instelling soos die teknikon, is 'n komplekse begrip. 'n Technikon is minder of meer doeltreffend afhangende van die kriteria wat gebruik word om die doeltreffendheid te meet.

In aansluiting by Hoy & Miskel (1982:329) kan die volgende kriteria ook geïdentifiseer word om die doeltreffendheid van teknikons as organisasie te bepaal. Dit het 'n wesentlike invloed op die bemarkbaarheid van teknikons:

* **Aanpasbaarheid**

Die professionele opvoeders moet in staat wees om veranderde kragte te identifiseer en op grond daarvan nuwe beleidsrigtings te inisieer ten einde aan nuwe eise te kan voldoen.

* **Doelverwesenliking**

Die sukses van die teknikon word deur die openbare mening (ouers, owerheid en studente) in 'n hoë mate gemeet aan die kognitiewe vaardighede wat bereik word. Ander minder meetbare doelstellings, soos motivering, kreatiwiteit, selfvertroue

en aspirasies, is medebepalend vir kognitiewe ontwikkeling en bepaal ook indirek die doeltreffendheid.

* **Tevredenheid:**

Die werktevredenheid van die personeel en die studente se entoesiasme en lojaliteit is moeilik meetbare faktore, maar is tog aanduiders van die technikon se doeltreffendheid. Faktore soos organisasieklimaat, konflikhantering en kommunikasie het almal 'n invloed op hierdie kriterium en behoort as deel van die bemarkingsbeginsels toegepas te word.


Die technikon lewer 'n verskeidenheid van produkte (studente) en dienste (onderrig, leer en voorligting). Studentegetalle aan die Vaaldriehoekse Technikon word vervolgens volgens provinsie in figuur 4.2 aangedui. Markontwikkeling word in al vier provinsies gedoen. Die feit dat Transvaal 80% van die totale aantal studente bevat, kan te wyte wees aan afstand en koste.

By verdere ontleding kan waargeneem word dat die fokuspunt van markontwikkeling in die Vaaldriehoek lê. Die Vaaldriehoekse Technikon is ook omring van groot en klein nywerhede wat bemarking vergemaklik en bespoedig. Daar bestaan ook 'n groter mark vir werksgeleenthede.


In tabel 4.1 word die koppetelling van studente en personeel weergegee soos op die eerste Dinsdag van Maart van elke jaar vanaf 1986-1991. Vroeëre statistiek was onmoontlik om te kry. Slegs drie teknikons kon studentegetalle vanaf 1976 verskaf.

FIGUUR 4.2

VAALDRIEHOEKSE TECHNIKON 1991 STUDENTE: PERSENTASIE VOLGENS PROVINSIE



VAALDRIEHOEKSE TECHNIKON STUDENTE: PERSENTASIE IN VAALDRIEHOEK



Bron: Rekenaarafdeling Vaaldriehoekse Technikon

TABEL 4.2

KOPPETELLING VAN STUDENTE EN DOSENTE EERSTE DINSDAG VAN ELKE JAAR 1987-1991

TECHNIKONS	1986		1987		1988		1989 Voorlopige syfers		1990 Voorlopige syfers		1991 Voorlopige syfers	
	S	P	S	P	S	P	S	P	S	P	S	P
Kaapse	4 572	606	5 250	651	5 618	657	6 466	669	6 870	667	6 678	694
Noord-Transvaal	333	206	2 210	293	1 822	263	1 822	232	2 800	344	3 348	370
Mangosuthu	1 048	152	1 043	201	1 027	214	1 114	236	1 369	259	1 564	284
M.L. Sultán	3 042	310	3 192	319	4 403	316	4 725	316	4 950	327	5 945	331
Natal	3 977	688	4 236	691	4 631	651	5 106	684	5 528	690	5 643	712
OVS	1 736	195	2 184	219	2 702	239	2 448	279	3 005	184	3 568	254
Skiereiland	-	350	3 558	357	4 139	443	3 571	428	4 360	448	4 496	462
Port Elizabeth	2 538	285	2 766	329	3 042	354	3 469	354	3 975	355	4 167	382
Pretoria	7 825	1 126	7 698	1 029	8 127	1 016	8 924	1 073	9 864	1 103	11 489	1 362
RSA	8 766	262	14 235	309	10 557	341	19 073	304	28 150	380	43 736	411
Vaaldriehoek	3 484	411	3 601	436	4 239	463	4 008	470	4 392	509	5 134	553
Witwatersrand	6 142	559	-	572	6 508	964	7 377	883	8 185	844	8 908	899

S = Studente

P = Personeel

Bron: Nasionale Opvoeding, 1991 telefoniese gesprek mnr. Geldenhuys

Alhoewel daar nog steeds 'n groot wanbalans is tussen studente wat by teknikons en tegniese kolleges studeer (vergelyk tabel 1.1 en tabel 3.5), het markontwikkeling reeds plaasgevind. Binne 'n bemarkingsplan behoort markontwikkeling 'n duidelike plek in te neem.

Die studente wat aan 'n technikon afstudeer, is besonder goed toegerus om hul plek in die ekonomiese ontwikkeling binne 'n nuwe Suid-Afrika vol te staan. Hierdie studente het die soort opvoeding, agtergrond en opleiding wat so nodig is in die nuwe Suid-Afrika (Parkendorf, 1980:8). Hierdie stelling deur Parkendorf behoort deur teknikons bemark en uitgebuit te word.

Die relatiewe kwaliteit, kwantiteit en doeltreffendheid van teknikons vorm een faset van die komponente van totale effektiwiteit. 'n Ander faset is die struktuur wat die raamwerk vir alle opvoedkundige handeling vorm. Van der Westhuizen (1986:511) beskou die struktuur as die meer onafhanklike veranderlike wat die doeltreffendheid van die skool (technikon) bepaal. Die formele struktuur kan egter nooit van die totale organisatoriese opset geïsoleer word nie en dit is 'n strategiese faktor in die doeltreffendheid van die organisasie.

In die bemarking van teknikons waar strukture bestaan en take en verantwoordelikhede aan mense opgedra word, kan die skepping van 'n bemarkingsafdeling bydra om die doeltreffendheid van teknikons te verhoog.

'n Groot aantal technikonadministrateurs bevestig dat bemarkingsbeginsels deur teknikons toegepas behoort te word.

ii **Bemarkingsbeplanning**

Die wese van bemarkingsbeplanning is om die waarskynlike plaasvind van toekomstige gebeurtenisse tot voordeel van die onderneming se bemarkingstrategie te benut. Lucas (1988:573) sê: "Bemarkingsbeplanning is besluitneming op die huidige tydstip oor die toekomstige bemarkingsoptrede."

"Careful strategic and tactical marketing planning, based on inputs from all levels of management, typically results in effective plans. Managerial involvement in the process from the bottom up is important because participation leads to better acceptance of the final plan" (McDaniel & Darden, 1987:636).

Aansluitend sê Lucas (1989:593) die voorvereistes vir funksionele bemarkingstrategiebeplanning is die volgende: die onderneming se missie, doelwitte, beleid, hulpbronne, organisasie en strategie.

Bemarking by teknikons kan slegs geïntegreerd uitgevoer word as daar planmatig te werk gegaan word. Beplanning is 'n voorvereiste vir die ontwerp en bevordering van 'n behoeftebevredigende diens op die regte tydstip, plek en teen die regte prys.

Shapiro, Dolan & Quelch (1985:394) sê, omdat daar baie faktore is wat die marksukses en die onsekerheid daaraan verbonde beïnvloed, is dit vir 'n onderneming nodig om stelselmatig op te tree deur:

"... analyzing the factors; determining the impact of trends on its business; and designing a marketing programme to best meet present and future market conditions. The marketing planning process is the mechanism by which many firms accomplish these tasks".

Bemarkingsbeplanning hou ten nouste verband met bemarkingsorganisasies, -bevelvoering, -koördinerings en -beheer. Die wese van bemarkingsbeplanning is om die toekoms vooruit te sien en rigting te gee aan die bemarkingsoptrede ten einde die ondernemings- en bemarkingsdoelwitte te verwesenlik.

Een van die probleme wat uit die ondersoek geblyk het en wat as gevolg van die gebrek aan formele bemarkingsbeplanning ontstaan, hou verband met 'n gebrek aan formele leiding. Die behoorlike beplanning van bemarkingsprogramme ly sodoende skipbreuk. Die gebrek aan formele leiding hou ook verband met die feit dat die bemarkingskonsep nie by alle personeel van die teknikon aangewakker word nie. Bemarking is 'n gesofistikeerde konsep wat van topbestuur af tot by die werknemers op die laagste vlak uitgevoer moet word. So iets is egter nie moontlik sonder 'n gesentraliseerde bemarkingsleiding, -opleiding en -beplanning nie.

McDaniel & Darden (1987:635) bepleit 'n formele bemarkingsdepartement en sê:

"Planning adds to an organization's stability. It helps ensure continuation of success in a fairly stable environment."

Die bewuswording van 'n bemarkingsgeoriënteerde benadering deur teknikons vereis dat die rektor, die teknikonraad en die akademiese raad die voordeel van 'n bemarkingsbenadering begryp en daarin glo. Sodanige begrip deur die aangeduide sektore kan slegs tot voordeel van die teknikonbemarking strek. Die bemarkingsdirekteur wat aan die rektor verantwoording doen, sal daarvan verseker wil wees dat 'n persoon in die topbestuur (van die teknikon) 'n bemarkingsbenadering volg en dat die rektor die personeel gereeld aan bemarkingsgeleenthede en -verantwoordelikhede sal herinner.

Bemarkingsbeplanning het nie te doen met toekomstige besluite nie, maar wel met die toekomstige implikasies van huidige besluite. Daarom word bemarkingsbestuur deur middel van bemarkingsbeplanning gedurig toegepas om die risiko's verbonde aan 'n bepaalde bemarkingsgeleentheid te identifiseer, te evalueer en daaroor te besluit en dan dienooreenkomstig op te tree. Pride & Ferrell (1989:646) stel dit soos volg:

"Marketing planning is a systematic process that involves assessing marketing opportunities and resources, determining marketing objectives, and developing a plan for implementation and control."

In die bemarkingsbeplanning sê Marx & Van der Walt (1989:522) moet daar ook voorsiening gemaak word vir 'n differensiasie strategie en beskryf dit soos volg:

"Various differentiation methods can be used to distinguish essentially identical products in such a way that they will be regarded and accepted as separate products by the target market. When differentiation succeeds the enterprise has created a sustainable competitive advantage for itself. There are four important skills involved in the effective implementation of marketing programs: interacting, allocating, monitoring, and organizing" (Barry, 1986:680).

Samevattend mag gesê word dat doelgerigte bemarking alleen moontlik is as 'n bemarkingsdepartement met sterk leiding, kennis en kundigheid, die bemarkingspoging beplan, uitvoer en almal by die technikon motiveer om gesamentlik daarna te streef om die instelling en die student se doelstellings te verwesenlik (vergelyk De Coning et al., 1974:149-158; Kotler, 1984:277-280; Luck & Ferrell, 1985:466-468; Reinharth et al., 1981:123-134).

iii **Bemarkingsamestelling**

Nadat bemarkingsbeplanning gedoen is en die teikensegment aan wie se behoeftes voldoen moet word, gekies is, is dit nodig om 'n gekoördineerde bemarkingsamestelling vir teknikons te ontwikkel.

Skinner (1990:22) sê:

"The marketing mix is built around the target market. The target market and marketing mix variables are surrounded by the marketing environment, which includes competition, regulation, politics, society, economic conditions, and technology."

Die bemarkingsamestelling is die gevolg van die saamsmelting, kombinerings en harmonisering van bemarkingsfaktore tot 'n geïntegreerde geheel vir 'n gegewe tydperk. Mason, Rath & Ross (1980:17) meen:

"Exchange, distribution and supporting activities are all conducted with the customer in mind because the customer is the center of marketing activities."

Die teknikon moet alle belanghebbendes betrek sodat deeglik bepaal kan word wat die behoeftes van die teikensegment is. Daarvolgens kan met die regte strategie vorendag gekom word.

Die vier veranderlikes wat gesamentlik die aanbieding van die onderneming aan die verbruiker uitmaak, is die volgende:

- * die produk of diens met unieke behoeftebevredigende eienskappe;
- * die prys daarvan, wat simbool is van ekonomiese en kwalitatiewe kenmerke

van 'n produk of diens;

- * die plek waar die produk of diens aangebied word en die kanale wat gebruik moet word om die produk daar te kry;
- * Die bemarkingskommunikasie of markgerigte inligting wat die verbruiker inlig oor die produk of diens en dit bevorder.

Baker (1985:177) is van mening dat die bemarkingsamestelling uit drie elemente bestaan, naamlik die produk- en diensmengsel, die verspreidingsamestelling en die kommunikasiesamestelling.

Die produk- en dienssamestelling sluit alle elemente wat die werklike produk uitmaak, in. Die samestelling handel oor besluitneming ten opsigte van prys, verskeidenheid, produkontwikkeling, produkbeplanning, verpakking, waarborge, dienslewering, ensovoorts. Die samestelling beklemtoon die noodsaaklikheid vir die onderneming of instelling om produkte en dienste aan te pas by die veranderde behoeftes en begeertes van die verbruikers.

Elke technikon sal op sy spesifieke gebied moet besluit wat uniek is ten opsigte van sy produk (student) en diens (voorligtingsdiens, konsultasiediens) en wat vir die gemeenskap aanvaarbaar en aantreklik is. Die Vaaldriehoekse Technikon, wat in die hartland van die nywerheid staan, sal op die gebied van die opleiding van ingenieurstechnici en tegnoloë op die voorgrond moet tree, juis as gevolg van die interaksie met nywerhede in hierdie gebied en die koöperatiewe opleiding wat aangebied word. So sal ander teknikons hulself uniek maak op die eiesoortige gebied waar daardie technikon hom bevind.

Die verspreidingsamestelling bestaan uit twee subsamestellings: die verspreidingskanale wat handel oor die aantal middelmannen wat nodig is om produkte en dienste by verbruikers te kry en die verspreiding van goedere insluit.

Die verspreidingskanale by teknikons impliseer dat die teknikon so bemarkingsgeoriënteerd moet wees dat die produkte en dienste wat die teknikon aanbied nasionaal bekend gestel word. Besoeke reg oor die land aan nywerhede, besighede, skole, loopbaanuitstallings en ouers moet as noodsaaklik beskou word.

Die kommunikasiesamestelling sluit alle inligtinggewende en oordedende aspekte wat gebruik word om doelbewus met die markte te kommunikeer, in. Die inligting word aan werklike en potensiële verbruikers, asook aan lede van die verspreidingskanaal oorgedra. Die bemarkingsamestelling sluit in: advertensies, persoonlike verkope, verkoopspromosie, uitstal- en vertoonstukke en spesiale verkoopshulpmiddele.

Die kommunikasieproses is hier van groot belang en Bowman & Asch (1987:9) verduidelik soos volg:

"... daar moet 'n suksesvolle transmissie van 'n boodskap van 'n sender na 'n ontvanger plaasvind, wat 'suksesvol' daarna verwys dat die boodskap soos die afsender dit formuleer en bedoel, ook so deur die ontvanger begryp moet word".

Kyk Cravens (1987:485) en Runyon (1982:18-19).

Die boodskap wat uitgedra word, gaan afhang van wie die teikensegment in die mark is. Die boodskap aan skoolkinders en nyweraars sal totaal verskillend wees omdat die klem verskillend is.

Die bemarkingsbestuur van 'n teknikon moet voortdurend poog om die doeltreffendste totale bemarkingsamestelling, wat die behoeftes van die verbruiker (werkgewers) en die ondernemings sal bevredig, saam te stel. Die bemarkingsamestelling is nooit staties nie en moet voortdurend aangepas word, aangesien die verbruiker (handel en nywerheid) se voorkeure en behoeftes voortdurend verander.

Die teknikon kan vier veranderlikes kombineer en inspan om bemarkingsdoelstellings te verwesenlik. Die vier veranderlikes toon groot ooreenkomste met die veranderlikes wat die sakesektor gebruik. Soos die onderneming, moet die teknikon die regte produk, teen die regte prys, op die regte plek en op die regte manier aan die verbruiker bekend maak en aanbied. Sodoende sal daar aan die student en aan die teknikon se behoeftes voldoen word. Die totale bemarkingspoging van die teknikon verg wetenskaplik gefundeerde beplanning.

iv Die bemarkingsprogram van 'n teknikon

Die bemarkingsprogram wat 'n geskrewe program is, moet bepaalde doelwitte, 'n begroting en taakopdragte bevat. Die bemarkingsprogram moet 'n uiteensetting verskaf van die verkoopsdoelwitte vir elk van die produkte en dienste en moet aan bepaalde verkoopsgebiede en uiteindelik aan individuele persone toegedeel word.

Dit is noodsaaklik dat teknikons se topbestuur die nut van 'n formele bemarkingsprogram sal insien. Die omgewing waarbinne teknikons optree, verander voortdurend. Dit verg aanpassing wat net deur planmatige optrede met welslae kan geskied.

Sinclair & Beaton (1987:94) sê:

"Marketers cannot operate without a marketing plan. The plan sets the objectives; tells everyone in the firm where they are headed. It is the matter marketing document and its existence is as important to the marketing practice as is acceptance and understanding of the marketing concept itself."

Die technikon behoort lang- en korttermynbemarkingsbeplanning te onderneem. Langtermynbeplanning sluit die beoordeling en vooruitskatting van toekomstige marktoestande vir opvoedkundige dienste, toekomstige studentebevolkings, kostestrukture en nuwe bedreigings en geleenthede vir hoër onderwys in.

Langtermyn doelstellings sowel as die strategie om dit te verwesenlik moet in die lig van die vooruitskattings bepaal word. Die samewerking van elke akademiese departement is nodig om hierdie langtermynbeplanning binne die raamwerk van die technikon se meesterplan deur te voer. Die topbestuur van 'n technikon moet dosente en die administratiewe personeel aanmoedig om, met inagneming van die technikon se oorkoepelende doelstellings, oor die lang termyn te beplan. Topbestuur moet voortdurend hieraan aandag skenk.

Optrede oor die kort termyn is nodig om die langtermyn doelstellings te help verwesenlik. Dit behels onder meer fondsinsameling en studentewerwing. 'n Voortdurende invloed van nuwe studente is immers die waarborg vir die voortbestaan van die technikon. Studentewerwing berus egter nie bloot op 'n produkbenadering wat klem op verkoopsbevordering lê nie, maar op 'n geïntegreerde bemarkingspoging wat die voortdurende bepaling van studentebehoefte en -begeertes, sowel as handeling om die behoeftes te bevredig, insluit. Dié soort beplanning vereis

voortdurende hersiening, aangesien behoeftes in die studentemark aan voortdurende veranderinge onderworpe is (vergelyk Runyon, 1982:80-84).

Probleme waarvoor teknikons toenemend te staan kom, dwing teknikons om veral wat studente- en fondswerwing betref, van bemarkingsbeginsels gebruik te maak en markontwikkeling te doen. Volgens Van Rensburg (in Anon., 1989:7) is daar 'n wanbalans tussen die getal studente wat aan universiteite studeer en diegene wat aan ander instansies opgelei word. Statistiek van Pittendrigh (1987:101) bevestig hierdie stelling en word soos volg aangehaal:

TABEL 4.3

INSTELLINGS EN AANTAL STUDENTE

Sektor	Aantal instellings	Studente	% Tersiêre
Universiteite	17	134 728	41,6
Unisa	1	77 028	23,8
Onderwyserskolleges	67	52 798	16,3
Technikons	12	59 118	18,3
Totaal	97	323 672	100,0

Bron: Pittendrigh (1987:101)

In die laaste kolom word die persentasie uitgedruk in terme van die studentegetalle by die betrokke instellings. Kyk ook hoofstuk een en drie.

Volgens Van Rensburg (in Anon., 1989:7) bestaan daar 'n beduidende wanbalans tussen die getal studente wat aan universiteite studeer en diegene wat aan ander

instansies opgelei word. Heelwat meer studente word aan universiteite as aan ander tersiêre inrigtings opgelei. Hierdie wanbalans dui op 'n sorgwekkende knelpunt in beroepsowerwys in Suid-Afrika. Die toenemende tekort aan mense wat by teknikons en soortgelyke instansies opgelei word, toon dat die wanbalans tot nadeel van die land se arbeidsmag strek. Teknikons in Suid-Afrika staan voor 'n reuse uitdaging om hierdie wanbalans reg te stel. Viljoen (in Anon., 1988:1) stel dit soos volg:

"The contribution of the education system to the creation of a technology culture currently places the technician education before one of its biggest challenges."

Voorafgaande impliseer nie noodwendig dat studente van universiteite af weggetrek moet word nie, maar eerder dat voornemende studente bedag gemaak moet word op die behoefte en noodwendigheid van beroepsgerigte onderwys. Verder, dat daar in die toekoms meer klem gelê moet word op studentemobiliteit ten einde die doelmatige aanwending van kennis beter toe te pas.

In dié verband het Maxwell (1991:30) reeds gewaarsku:

"The over-emphasis on the academic bias to education under the prevailing circumstances in South Africa amounts to what can be called 'education for unemployment'."

Buitendacht (1991:5) sluit hierby aan en sê:

"It is estimated that to maintain a stable economic growth of \pm 3%, over 4 million new jobs will have to be created. In the light of economic trends these jobs will have to be created in mainly

technically orientated fields of labour. It is therefore essential for the curriculum in good time to be amended from an academically orientated to a technically orientated curriculum for education."

n Bemerkingsbenadering en markontwikkeling is een van die sakefilosofieë wat die teknikon moet toepas om probleme rondom studente- en fondswerwing die hoof te bied. McDaniel & Darden (1987:644) beweer dat die toepassing van bemerkingsbeginsels en -tegnieke noodsaaklik is vir niewinsgeoriënteerde ondernemings (soos teknikons). Die basiese rede waarom niewinsgeoriënteerde ondernemings formele bemerkingsbeginsels behoort te gebruik, is omdat dit doeltreffendheid in die bereiking van hul doelstellings tot gevolg het. Formele bemerkingsbeginsels, wanneer dit noukeurig nagekom word, behoort probleemareas vir die niewinsgewende onderneming (teknikon) uit te lig, byvoorbeeld of die produkte aanvaarbaar is, of die regte markte ontgin en ondersoek word en of advertensieveldtogte geslaag is.

Volgens Kotler (1982:11) hou bemerking twee spesifieke voordele in. Eerstens verhoog of verbeter dit die tevredenheid van die teikengroep, aangesien bemerking die meting van so 'n groep se behoeftes vooropstel. Ten tweede beklemtoon dit die wetenskaplike formulering en hantering van handeling soos produkontwikkeling, prysbepaling, kommunikasieskepping en verspreidingsbeslissings. Nie-winsgeoriënteerde ondernemings kan nie besluite neem sonder voldoende kennis oor die verbruikers se behoeftes en reaksies op die bemerkingsveranderlikes nie. Dit kan ondoeltreffende besteding van fondse tot gevolg hê.

v **Samevatting**

Hoewel baie teknikonadministrateurs en skrywers dit eens is dat teknikons van

sakebeginsels, en dan spesifiek bemarking en markontwikkeling, gebruik moet maak, is die enigste maatstaf vir teknikons se bemarkingsgeoriënteerdheid die aanvaarding en toepassing, al dan nie, van die bemarkingskonsep. Teknikons se optredes behoort, om hulle bemarkingsgeoriënteerdheid te bevestig, aan dieselfde kriteria as sake-ondernemings gemeet te word. Indien 'n technikon net 'n gedeelte van die bemarkingskonsep uitleef, kan so 'n technikon nie as bemarkingsgeoriënteerd beskou word nie, aangesien daar slegs van 'n enkele bemarkingsbeginsel gebruik gemaak word.

Samevattend kan gesê word dat 'n deeglik beplande bemarkingsbenadering met behulp van markontwikkeling moontlik kan help om die probleme van teknikons op te los.

4.5 **PRODUKONTWIKKELING**

Volgens Bouma (1971:428) is produkontwikkeling:

"het zoeken naar nieuwe produkten en produktiemethoden om de voorheen bediende markt beter te kunnen verzorgen. De bestaande behoeften worden daarmee beter bevredigd".

Wanneer bogenoemde stelling vergelyk word met bylae agt, naamlik, studiegeleenthede aan teknikons, kan onomwonde gesê word dat teknikons produkontwikkeling toegepas het.

Met betrekking tot produkontwikkeling het die outeur by alle teknikons inligting probeer inwin oor:

- a die verbetering van kwalifikasies by dosente;
- b die groei in diplomakursusse by 'n betrokke skool;
- c die groei in aantal diplomas uitgereik by 'n betrokke skool.

Daar word soos volg gerapporteer:

- i Daar was 'n besliste verbetering van kwalifikasies (Kaapse Technikon, Technikon Port Elizabeth en die Vaaldriehoekse Technikon) van personeel op alle vlakke (kyk tabel 4.4). Die verbetering van kwalifikasies is belangrik en kan 'n positiewe bydrae lewer in die bemerking van technikons. Indien persoon A met goeie kwalifikasies by technikon B doseer, sal werkgewers eerder hulle studente daarheen stuur as na 'n ander technikon waar dosente met laer kwalifikasies doseer.

Daarom is dit belangrik dat dosente se kwalifikasies voor in prospektusse aangebring word, iets wat op sigself 'n goeie basis vir bemerking bied. Verbeterde kwalifikasies van dosente kan ook bydra tot 'n verbeterde produkontwikkeling (beter kursusse en kurrikulums).

ii **Groei in diplomakursusse**

By al die technikons het produkontwikkeling plaasgevind (bylae agt) soos die uitbreiding van kursusse of die uitbreiding na 'n hoër kwalifikasie byvoorbeeld meestersdiploma of laureatus voorgekom het (kyk ook bylae vyf).

TABEL 4.4

VERBETERING VAN KWALIFIKASIES BY DOSENTE

	Kwalifikasie					
	1985			1991		
Rang	m+4	m+5	m+6	m+4	m+5	m+6
Kaapse Technikon						
Direkteur	10	3	2	1	7	3
Mededirekteur	33	11	1	12	23	4
Senior lektor	38	17	1	33	26	2
Lektor	90	25	1	95	23	1
Technikon Port Elizabeth						
Direkteur	4	3	-	4	4	2
Mededirekteur	10	9	2	13	12	4
Senior lektor	15	5	-	21	19	2
Lektor	29	6	-	44	14	1
Vaaldriehoekse Technikon						
Direkteur	3	3	1	1	10	1
Mededirekteur	12	9	1	1	22	3
Senior lektor	22	11	-	12	28	1
Lektor	30	18	1	33	27	1

By sekere teknikons het daar egter ook met die samevoeging of die weglating van kursusse rasionalisasie plaasgevind. (Pretoria Technikon het in 1985 vyftien nasionale diplomas aangebied teenoor die veertien in 1991.) Die nasionale diploma in kredietbeheer en poskantooradministrasie is in 1991 tot die studiegeleentheid aan die technikon toegevoeg terwyl die nasionale diploma in drukkerystuur, eiendomswaardering en maatskappyadministrasie nie meer binne die skool vir bestuurswese aangebied word nie.

- iii As daar gelet word op die diplomas wat net deur die Skole vir Kuns en Ontwerp aan die Kaapse, Port Elizabethse en Vaaldriehoekse Technikons uitgereik is, toon dit 'n toename (kyk tabel 4.5). Hierdie groei kan te wyte wees aan produkontwikkeling en bemarking.

TABEL 4.5

AANTAL DIPLOMAS UITGEREIK - SKOOL VIR KUNS EN ONTWERP

Technikon	1985	1991
Kaapse	44	68
Port Elizabeth	49	56
Vaaldriehoek	3	24

Die technikon se hoof opvoedkundige taak is immers om opvoeding en opleiding te verskaf ten einde studente aan die arbeidsmag te lewer. Studente moet oor bepaalde vaardighede en voldoende tegnologiese en praktykkennis beskik om effektiewe en produktiewe beroepsbeoefening te verseker. Effektiewe en produktiewe beroepsbeoefening impliseer nie slegs afdoende kennis en die nodige vaardighede nie, maar ook dat die student die nodige effektiewe en persoonlike kwaliteite ontwikkel wat nodig is om 'n leidende rol binne die werkgemeenskap (handel en nywerheid) te kan speel.

Soos reeds gemeld in hoofstuk twee, dek onderrigprogramme wat teknikons aanbied bykans al die gespesialiseerde beroepsrigtings (vergeelyk bylae agt). Dit wissel van verskillende vertakkinge van die toegepaste ingenieurswese, biologiese, chemiese en fisiese wetenskappe tot die toegepaste handels- en geesteswetenskappe en kuns.

Stegmann (1990:6) bevestig dat daar 'n groot geleentheid maar ook 'n dringende noodsaak is vir al drie betrokke instansies, naamlik die owerheid, die onderwysinstellings en die sakesektor, om na oplossings vir probleme met regte produkontwikkeling, binne die behoefte van die arbeidsmark te soek.

Die verskil in produkontwikkeling volgens Louw (1988:26) tussen die universiteit en die teknikon word skematies in figuur 4.3 voorgestel.

Die teknikon lê hom toe op:

- * tegnologie-onderrig en -beoefening (waaronder ontwikkeling); en
- * die partikuliere sy van die spektrum van beroepsvoorbereiding: met ander woorde, die voorbereiding vir spesifieke beroepe.


Die universiteit lê hom toe op:

- * wetenskaponderrig en -beoefening (waaronder navorsing); en
- * hoofsaaklik die algemene sy van die spektrum van beroepsvoorbereiding (Louw, 1988:26).

Die verdeling van onderrigprogramme (produkontwikkeling) tussen die universiteite en teknikons is miskien nie optimaal nie. Daar word vermoed dat produkontwikkeling in terme van onderrigprogramme wat tans aan die universiteit aangebied word volgens dié filosofie, eerder by die teknikon tuis hoort; daar word ook vermoed dat sommige onderrigaanbiedinge van die teknikons ook kan oorskuif na die tegniese kolleges. Daar bestaan 'n gevaar in Suid-Afrika dat studente ooropgelei kan word in die produkontwikkelingsproses binne die formele onderwyssektor.

FIGUUR 4.3

VERSKIL TUSSEN UNIVERSITEIT EN TECHNIKON IN DIE OPLEIDING VAN TOEKOMSTIGE BEROEPSLUI



Bron: Louw (1988:26)

Samevattend, die sleutel tot voorspoed en die skepping van welvaart in enige land is nywerheidsontwikkeling, wat slegs kan plaasvind as die nodige produkontwikkeling (opgeleide mannekrag) beskikbaar is. Die toekomstige ontwikkeling van ons teknikons is van die allergrootste belang vir die toekomstige vooruitgang van ons land, aangesien die teknikons die opgeleide mannekrag en die nywerheidsleiers moet lewer wat so dringend op hierdie subkontinent benodig word. Om dit egter moontlik te maak, is die ondersteuning nodig van: die handel en nywerheid, technikonraadslede, topbestuur en personeellede van teknikons, oudstudente, studente en die algemene publiek om die toename in die getal technikonopgeleide persone te verseker. Dit is van deurslaggewende belang vir die toekoms van ons land.

4.6 DIVERSIFIKASIE (PARALLELLISASIE)

4.6.1 Inleiding

"De diversificatie omvat een verschuiving van de activiteiten naar andere produkten en naar andere categorieën van afnemers" (Bouma, 1971:428).

Na aanleiding van bogenoemde definisie van toepassing op teknikons impliseer diversifikasie die volgende:

- a Nuwe kurrikulums
- b Nuwe moontlikhede vir teikenmark
- c Studentemobiliteit

4.6.2 Nuwe kurrikulums

Kwalifikasiestrukture sal ontwikkel moet word wat intree-, uitree- en deurvloeimoontlikhede skep en die kurrikulum sal hierby aangepas moet word.

Voorligting op skoolvlak aan voornemende studente moet 'n 'hands-on experience' wees. Geleentheid moet geskep word waarby die jong kinders kan sien, voel, ruik en ervaar wat die verskillende beroepsmoontlikhede hul bied.

'n Nuwe kwalifikasiestruktuur moet geskep word wat gelykwaardig is aan die huidige st. 10-matriekwalifikasie. 'n Toetsingsbattery moet ontwikkel word om te verseker dat studente wat uit die buiteskoolse sisteem kom, se bevoegdheidsvlak gemeet kan word sodat so 'n persoon in die formele onderwysstelsel geplaas kan word.

4.6.3 Nuwe moontlikheid vir teikenmark

Onderwysinstellings moet bereid wees om organisasie-otonomie prys te gee om by 'n sinbiotiese samewerkingsaksie uit te kom. Let wel: akademiese outonomieit word nie prysgegee nie.

Leiding word reeds op nasionale en sektorale vlakke gegee. Geweldig baie tekortkominge bestaan egter nog op plaaslike vlak. 'n Vergadering gehou by die Vaaldriehoekse Technikon ondersteun 'n voorstel dat 'n Private Industriële en Tersiere Onderwysraad (PITOR) of (PITEC) in die lewe geroep word of dat selfs 'n tipe skakelkomitee hiervoor aangestel word omdat dit in 'n mate die behoeftes van die streek aanspreek (Buitendacht, 1991:3).

Hierdie terstigde liggaam (PITOR/PITEC) of Skakelkomitee van Tersiere Onderwys moet 'n onderhandelingsliggaam wees wat op operasionele vlak funksioneer. Hierbenewens moet die liggaam 'n koördinerings- asook 'n skakelfunksie hê. Koördinerings sal tussen die onderwysinstellings, die privaat- en openbare sektore asook ander belanghebbendes plaasvind.

Die onderhandelingsliggaam (PITOR/PITEC) moet uit hoofamptenare bestaan sodat besluitneming maklik kan geskied. Die hoofamptenare bestaan uit die onderwysinstellings, privaatsektor, die tersiëre onderwyssektor, opleidingsrade, Nasionale Onderwys en ander onderwysliggame, ens.

Toelatingsvereistes en oorplasingmeganismes tussen verskillende onderwysinstellings met toetree-, uittree- en deurvloeiemoontlikhede, vertikaal sowel as horisontaal, moet moontlik gemaak word. Erkenning vir krediete moet gegee word en kurrikulumontwerp sal gedoen moet word.

Deelnemende onderwysbeginsels met 'n holistiese benadering wat kwaliteitskontrole insluit, moet bevorder word.

4.6.4 Studentemobiliteit


Studentemobiliteit sluit aan by die sogenaamde 'articulation agreements' soos in Amerika gedefinieer. Studente beweeg tussen instellings met toegevoegde waarde, dit wil sê kennis en kundigheid en dat die student daarvoor erkenning kry (Buitendacht, 1991:3).

Akkreditering sluit hierby aan en hiermee saam alle ander eienskappe wat in studentemobiliteit raakgesien word. Toetree-evalueringmeganismes moet bestaan wat toelatingsvereistes sal bepaal (Pienaar, 1991:10).

Om studentemobiliteit tussen instellings te verseker, om strukture te skep sodat daar tussen instellings beraadslaag kan word en om konsensus te bereik oor aktuele sake van gemeenskaplike belang (kyk figuur 4.4). Toelatingsvereistes en

FIGUUR 4.4

INTEGRATED VOCATIONAL TRAINING SYSTEM:



Bron: Buitendacht, 1991:20

oorplasingmeganismes kan plaasvind tussen verskillende instellings met verskillende toetree-, uittree- en deurvloeiemoontlikhede en erkenning van krediete verwerf van verskillende instellings.

Goeie koördinerings moet, om te verseker dat die koöperatiewe kurrikulumontwikkelingsproses verder uitgebrei word, op alle terreine geskied. Daar moet ook 'n koöperatiewe uitreikingsprogram ontwikkel word. Deur hierdie koöperatiewe beginsel effektief toe te pas, kan daar nuwe tegnologiesnetwerke rondom onderrig- en navorsingsprogramme gevorm word om op hierdie wyse te verseker dat die verskillende instellings optimaal ondersteun word. Op hierdie wyse kan onderrigaanbiedinge en navorsing meer effektief gemaak word en sodoende kan die uitvalsyfer ook beperk word.

4.7 SAMEVATTING

Uit voorafgaande is dit duidelik dat teknikons, net soos ondernemings, bemarkingsgeleenthede moet skep en ontwikkel om nie net mededingend in die betrokke mark te bly nie, maar ook om groei en vooruitgang te verseker. Die aanspraak op die beskikbare mark, die besondere aard van die mark wat deur teknikons aangespreek word en die behoefte van die handel en nywerheid aan die gelewerde produk aan die mark, is alles faktore wat nie net 'n bemarkingsbehoefte skep nie, maar wat ook dinamiese optrede verg indien die betrokke teknikon relevant wil bly.

In die globale bemarkingsfunksie het openbare skakeling 'n belangrike rol te speel deur sorg te dra dat die regte persepsie en beeld na buite geskep word om daardeur die regte klimaat te skep vir 'n aggressiewe bemarkingspoging.

Scenario's vir die bemarkingsaksie word ook bekom deur 'n effektiewe en doeltreffende openbare skakelprogram. Die bemarking van 'n onderneming (tegnikon) hang nou saam met so 'n instelling se openbare beeld en interaksie met die teikenmarkte.

Met die skakelfunksie as rugsteun, moet 'n bepaling gemaak word hoe die verskillende bemarkingsgeleenthede individueel of gesamentlik toegepas kan word tot voordeel van die onderneming (tegnikon). Die redes waarom groter klem op enige van die segmente, te wete markpenetrasie, markontwikkeling, produkontwikkeling of diversifikasie, geplaas sou word, sal hoofsaaklik afhang van die behoeftes van die mark waarin en waarvoor voorsien moet word. So kan markpenetrasie uitgelig word indien daar byvoorbeeld gepoog wil word om die wanbalans tussen akademiese en beroepsgerigte opleiding reg te stel. Net so sal markontwikkeling aangespreek word wanneer nuwe kursusse en tendense by die onderneming voorkom of waar die reaksie uit die teikengebied nie na wense is nie. Aandag sal na gelang van die behoeftestelling uit die mark aan produkontwikkeling gegee word, terwyl diversifikasie toegepas sal word om vernuwing in die hele struktuur te skep ten einde die ander drie segmente te komplementeer.

Hoewel meer aandag op 'n sekere tydstip en na gelang van omstandighede aan een van die segmente bo die ander gegee sal word, sal gevind word dat al die geleenthede gewoonlik in harmonie saamwerk en eintlik onlosmaaklik van mekaar is indien positief op die mark en die onderneming se behoeftes gereageer wil word.

Uit voorafgaande is dit ook nodig om na die rol van personeel te kyk in die bemarking van tegnikon. Dit word vervolgens in hoofstuk vyf bespreek.

**5. DIE ROL VAN PERSONEEL IN DIE BEMARKING EN OPENBARE SKAKELING
VAN TECHNIKONS : EMPIRIESE STUDIE**

LYS VAN TABELLE EN FIGURE	158	
SINOPSIS	160	
5.1	Inleiding	162
5.2	Ondersoekgroepe	166
5.2.1	Topbestuur	166
5.2.2	Doserende personeel	166
5.2.3	Personeel van afdelings vir openbare skakeling	167
5.3	Uitvoering van die ondersoek	167
5.3.1	Topbestuur	167
5.3.2	Doserende personeel	168
5.3.3	Personeel van afdelings vir openbare skakeling	169
5.4	Aanbieding	171
5.5	Resultate	172
5.5.1	Topbestuur	172
5.5.2	Doserende personeel	175
5.5.3	Afdelings vir openbare skakeling	217
5.6	Samevatting	225

5. DIE ROL VAN PERSONEEL IN DIE BEMARKING EN OPENBARE SKAKELING VAN TECHNIKONS : EMPIRIESE STUDIE

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Tabel	5.1	Leidende en uitvoerende arbeid	165
Tabel	5.2	Aantal teknikons en dosente wat deelgeneem het aan die ondersoek	170
Tabel	5.3	Kenmerkende eienskappe van dosente betrokke by ondersoek	176
Tabel	5.4	Aantal dosente betrokke by koöperatiewe opleiding	180
Tabel	5.5	Totale doseerervaring by universiteite/ander teknikons en huidige teknikon	182
Tabel	5.6	Wyses waarop skakeling deur dosente volgens redes plaasvind: elf teknikons 1987	184
Tabel	5.7	Wyses van skakeling volgens fakulteit/skool/departement deur dosente 1987	186
Tabel	5.8	Verenigings/klubs wat hoofsaaklik uit teknikonpersoneel bestaan	190
Tabel	5.9	Verenigings/klubs waaraan hoofsaaklik persone van buite die teknikon behoort	191
Tabel	5.10	Verenigings/klubs wat eksklusief beperk is tot teknikon=opleiding	192
Figuur	5.1	Uitnodigings na sosiale funksies wat die teknikon aangebied het en wat uitsluitlik vir teknikonpersoneel bedoel was	195
Figuur	5.2	Uitnodigings na sosiale funksies uitsluitlik vir teknikonpersoneel maar ook buitepersone	196
Figuur	5.3	Is u die afgelope jaar uitgenooi na sosiale funksies wat die teknikon aangebied het en wat bedoel was vir hoofsaaklik buitepersone?	197
Tabel	5.11	Bywoon van sosiale funksies	198
Tabel	5.12	Wat word met sosiale funksies bereik?	199
Tabel	5.13	Dosente-ondersoekgroep : MANOVA en ANOVA F-waardes vir die bepaling van effekte van biografiese veranderlikes op sosiale aktiwiteite	200
Figuur	5.4	Het u die afgelope jaar u teknikon amptelik verteenwoordig op komitees/liggame/funksies waarop buite-instansies ook dien of verteenwoordig was?	203

Figuur	5.5	Het u al 'n artikel/nuusberig vir u inrigting se personeelblad geskryf?	206
Figuur	5.6	Het u al 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in 'n technikonpublikasie aangebied?	207
Figuur	5.7	Het u al 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in ander vakwetenskaplike tydskrifte aangebied?	209
Figuur	5.8	Het u al 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in die openbare pers aangebied?	210
Figuur	5.9	Het u al deelgeneem aan 'n loopbaanuitstalling wat deur u technikon gereël is?	212
Tabel	5.14	Bepaling van tevredenheidsvlak van dosente met betrekking tot hulle werk	214
Figuur	5.10	Skakeling met betrekking tot werkstevredenheid	215
Tabel	5.15	Beeld van die dosent	217

5. DIE ROL VAN PERSONEEL IN DIE BEMARKING EN OPENBARE SKAKELING VAN TECHNIKONS : EMPIRIESE STUDIE

SINOPSIS

Personeel by teknikons speel 'n belangrike rol in die bemarking en openbare skakeling van teknikons, omdat daar daagliks deur personeel in wisselwerking met die teknikonse teikenmark (werkgewers, skole, donateurs en die algemene gemeenskap) opgetree word.

Om die openbare skakeling deur technikonpersoneel deur middel van betrokkenheid en blootstelling by bogenoemde teikenmark te bepaal, is die volgende groepe as teikengroepe geïdentifiseer:

- * alle dosente aan residensiële teknikons in die RSA;
- * 'n lid van die topbestuur (rektoraat) van al twaalf teknikons;
- * personeel van afdelings vir openbare skakeling aan elke teknikon.

Die ondersoek het die empiriese weg gevolg om die nodige inligting in te win.

Die resultate het getoon dat bemarking effektief gedoen kan word met die ondersteuning van topbestuur en die samewerking van elke lid van die technikonpersoneel. Topbestuur kan meer betrokke raak om bemarking meer dinamies te maak.

Dosente moet gemotiveer word om meer dikwels betrokke te raak by sosiale funksies, verteenwoordiging op komitees en liggame, blootstelling deur die skryf van artikels en nuusberigte, betrokkenheid by vak- en ander verenigings en betrokkenheid in die algemeen, soos by loopbaanuitstallings.

Die afdeling vir openbare skakeling (bemarkingsafdeling) behoort groter erkenning en ondersteuning te kry vanaf topbestuur en personeel. Dié afdeling as die sentrale punt van bemarking moet nie onderskat word nie.

5. DIE ROL VAN PERSONEEL IN DIE BEMARKING EN OPENBARE SKAKELING VAN TECHNIKONS : EMPIRIESE STUDIE

5.1 INLEIDING

Limperg deel vyf (1965:15) verwys na

"door een normatieve instelling van onze analyse van de resultaten van een doelmatige ordening kunnen worden onderscheiden".

In hierdie verband is die hoofstuk gekonsentreer, soos Limperg dit stel, op die verskeidenheid binne die arbeidskragte (1965:17). Verder is die verbesondering van die arbeid in technikonverband van die uiterste belang om die technikon in die ideale posisie te kan plaas. Daar is reeds in hoofstuk een verwys na topbestuur, doserende personeel en die afdelings vir openbare skakeling.

Limperg (1965:24) maak tereg 'n verbesonderingsonderskeid tussen leidende arbeid (topbestuur) en uitvoerende arbeid (doserende personeel en openbare skakeling). Dit in sy geheel pas weer aan by die eenparige menings van Van Rensburg (1989:7), Viljoen (1988:1), Steyl (1987:2) en Beukes (1988:7) dat die uitvoerende arbeid 'n beslissende rol speel om mense in beroepsgerigte onderwys en opleiding by teknikons te laat oplei.

Dit is van belang om telkens weer die besondere fases te onderskei om steeds die technikon in 'n ideale posisie te kan plaas. Hier kan na Limperg deel vier (1965:37) verwys word in die betrokke hoofstuk naamlik "De kwantitatiewe verhoudingen". Limperg steun hier veral op die siening van Marshall. Ook verwys Limperg na hoofstuk vyf "The laws of return and economy" in die klassieke bedryfsekonoom Clark se boek *Studies in the economics of overhead cost* (1923). Dit moet egter onthou word dat Limperg (alhoewel dit kontroversieel mag klink) sterk of gelyktydig onder die

invloed van die Duitse bedryfsekonome literatuur gestaan het (Sorgdrager, 1991:Klasaantekeninge).

Dit is egter nodig dat in die ontwikkeling van die bedryfsekonomie (lees oor die ontwikkeling van teknikons, hoofstuk twee) na die verbesondering van die behoeftes van die bedryfsluwe (gemeenskap) gekyk moet word. Die teknikons het in dié opsig geen ander keuse nie. Genoemde skrywers, maar veral Steyl, het die situasie korrek geëvalueer. In die bemarking van teknikons speel die betrokke siening 'n belangrike rol veral omdat die bedryfsekonomie steeds meer in 'n kwantitatiewe rigting begin ontwikkel.

Dit kan waargeneem word in die samestelling van die vraelys wat veral in die betrokke hoofstuk van kardinale belang is. Die verdere deurgevoerde verbesondering bring 'n mens feitlik aan die vooraand van 'n uitbreiding in die bedryfsekonomie, naamlik teknikonekonomie waarin die rol van personeel in bemarking en openbare skakeling van teknikons belangrik is. Die term teknikonekonomie word soos volg gedefinieer: Die teknikonomgewing waarin die doeltreffende aanwending van skaars produksiemiddele maksimaal aangewend word in die bereiking van die opvoedkundige doelwitte, veral die arbeid en ondernemerskap van die personeel van die teknikon, die studente en die nywerhede wat deur die openbare skakeling van die teknikon betrek is, is belangrik.

In die ekonomiese lewe word daar 'n gespesialiseerde ekonomie geskep deur die rolspelers waar die opvoedkundige behoeftes van die teknikon, die studente en die nywerheidsvennote al die produksiefaktore moet aanwend in die verwesenliking van gesamentlike doelwitte. Hierdie situasie is uniek in dié sin dat al die markdeelnemers

(werkgewers, studente en opvoedkundiges) dieselfde mikro-doel nastreef naamlik, bereiking van optimale bevoegdheede teen die laagste moontlike koste. Soos Limperg deel sewe (1965:38) opmerk: arbeid is "economische goed".

Om dié rede is die hoofstuk (soos tipies van Limperg, Van der Schroef, Sorgdrager en ander) weer in fases verdeel wat die ontwikkelingsprogram beter tot sy reg laat kom.

Fase een : Die onderneming word begin met die eienaar wat alle funksies (produksie, bemarking en administrasie) vervul. Binne technikonverband moet daar verwys word na fase een van hoofstuk drie (kyk 3.2).

Fase twee : Die onderneming groei as gevolg van faktore soos bemarking, groter bekendheid, advertensie en persoonlike kontak. Die mark brei uit en meer kliënte, met ander woorde personeel, word aangestel om die administratiewe funksie te vervul. Vergelyk fase twee in hoofstuk drie, naamlik die groei in studentegetalle by tegniese kolleges (kyk 3.3).

Fase drie : Met die uitbreiding van die kliëntemark, word die onderneming groter en addisionele personeel word aangestel om die produksie en administratiewe funksies deur te voer. Die onderneming se mark vergroot vanaf 'n plaaslike mark na 'n nasionale mark. Groter status word aan die onderneming verleen (vergelyk fase drie in hoofstuk drie, naamlik die groei in studentegetalle). Ook in die groter sentras word die status van sekere tegniese kolleges verander na KGTO's (kyk 3.4).

Fase vier : Die onderneming word verder vergroot. Die eienaar word die besturende

direkteur en die funksies (produksie, bemarking en administrasie) word deur personeel uitgevoer. Die onderneming kry 'n nuwe naam om sodoende aan te pas by verandering in die kompeterende mark. 'n Verskeidenheid produkte word vervaardig en bemark. Bykomende finansiering word gesoek, om aan die vraag te voldoen. Vergelyk fase vier van hoofstuk drie. KGTO's verander na teknikons. Die naam direkteur (hoof) verander na rektor en die topbestuur speel 'n groter rol.

Die personeel word verdeel in tegniese, doserende en administratiewe personeel. Verskillende departemente en buro's ontstaan.

Die ontstaan van die afdeling vir openbare skakeling (wat vir interne en eksterne bemarking verantwoordelik is) het ook hier sy oorsprong (kyk 3.5).

Vanaf fase een tot vier was die rol wat personeel vervul duidelik en belangrik en vervolgens word van Limperg (deel vyf, 1965:25) soos aangepas gebruik gemaak om die ondersoekgroepe te bespreek.

TABEL 5.1
LEIDENDE EN UITVOERENDE ARBEID

Limperg	Aangepaste teknikon= ekonomie	Ondersoekgroepe
Leiding	Rektor, viserektore, registrateur	Topbestuur
Adjunct-leiding	Direkteure	Doserende personeel
Toezicht	Mededirekteure	
Uitvoering	Doserende personeel Skakelbeampes	

Bron: Limperg, deel vyf, 1965:25 soos aangepas

Die verdere indeling van die betrokke hoofstuk is gebaseer op tabel 5.1 soos aangepas, met die vraelys as ondersteuning.

5.2 ONDERSOEKGROEPE

In terme van die nuwe geskepte begrip van teknikonekonomie, soos in 5.1 geponeer word weer na die verbesondering, soos aangedui as die mees doelmatige, gekyk (Limperg, deel een, 1965:19). Hierdie deurgevoerde differensiasie is van belang in die behoorlike onderrig van die technikonwetenskap in die algemeen en in die besonder (Limperg deel vyf, 1965:26). Die technikonwetenskap gaan om die opleiding van 'n geselekteerde studentekorps deur middel van beroepsgeoriënteerde en buitekurrikulêre programme om studente toepaslik voor te berei in die arbeidsmark. Dit gaan nie om die filosofiese aspekte van die onderwys nie, maar eerder die toepassing van kennis wat reeds verkry is.

5.2.1 Topbestuur

Daar is besluit op hierdie groep omdat leierskap, maar spesifiek goeie leierskap, 'n besliste bydrae gaan lewer tot beeldbevordering by die bemarking van 'n technikon. Leierskap is ook die proses waardeur een persoon 'n aantal ander persone so kan beïnvloed dat daarna gestreef word om die oogmerke (byvoorbeeld beeldbevordering) wat deur die leier bepaal word, te verwesenlik. Daar is ook op topbestuur as teikengroep besluit omdat topbestuur 'n kardinale bydrae lewer tot bemarking en openbare skakeling. Topbestuur bestaan uit die rektor, viserektore en registrateur.

5.2.2 Doserende personeel

Die doserende personeel van technikon moet by so 'n ondersoek betrek word. Nie net is dit van belang om te weet wat die gemeenskap se persepsie van 'n

technikondosent is nie, maar ook in watter mate die dosent self deur sy optrede die beeld positief of negatief kan beïnvloed. Doserende personeel word blootgestel aan en is in interaksie met studente en werkgewers en kan daarom 'n wesentlike bydrae lewer in die bemarking van teknikons.

5.2.3 Personeel van afdelings vir openbare skakeling

Die openbare skakelafdelings dien, soos deur die raad bepaal, as die vernaamste skakelligaam na buite. By teknikons mag openbare skakeling as 'n deurlopende poging gesien word om 'n gebalanseerde aanpassing tussen die teknikon en sy verskillende publieke te bewerkstellig, wat weer die tema van die ondersoek is. Dit is die taak van die personeel van afdelings vir openbare skakeling om bewus te wees van die menings en neigings in die algemene omgewing van die instelling, dit aan die bestuur oor te dra, as raadgewer vir die bestuur op te tree en dan die planne en aksies van die bestuur - om menings te stimuleer of te verander - te bevorder.

5.3 UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK

Drie afsonderlike vraelyste is gedurende 1987 opgestel en gerig aan die afsonderlike groepe wat vervolgens bespreek word.

5.3.1 Topbestuur

In hierdie vraelys wou die volgende inligting bekom word:

- a 'n Spesifieke vraag ten opsigte van die huidige beeld wat teknikons uitdra, is gevra omdat, met die agtergrond van die ontwikkeling van tegniese onderwys, die beeld nie na wense is nie.
- b Topbestuur se betrokkenheid in die gemeenskap en betrokkenheid by die doelwit om die beeld deur middel van bemarking te verbeter.

- c Wat openbare skakelafdelings se betrokkenheid by beeldbevordering is en wat die taak van die res van die personeel as beeldbouers van 'n teknikon behels.

Die vraelys is tydens 'n persoonlike besoek by al twaalf teknikons voltooi: by sewe rektore, vier viserektore en een registrateur. Die response verteenwoordig 'n konsensustipe antwoord en onderhoude het tussen 30 tot 60 minute gewissel. Die resultate is per hand verwerk.

5.3.2 Doserende personeel

'n Vraelys gerig aan doserende personeel is ontwerp om personeel se betrokkenheid by die skakelfunksie van die teknikon te bepaal. Verder is daar ook gepoog om vas te stel watter houding en gesindheid personeel hierteenoor het. Die vraelysitems wat opgeneem is in die vraelys, is:

- a kenmerkende eienskappe van dosente.
- b rang, departement en doseerervaring.
- c watter tipe skakeling daar met persone, instansies, verenigings en klubs buite die teknikon is.
- d betrokkenheid by sosiale funksies aan 'n teknikon en hoe suksesvol hierdie funksies beskou word.
- e teknikondosente se verteenwoordiging op komitees en liggame en die dosente se betrokkenheid daarby.
- f dosente se betrokkenheid by nuusberigte, artikels, praatjies en toesprake waarin die gemeenskap belang het.
- g die gemeenskap se persepsie van die teknikondosent en die mate waarin sekere faktore die teknikon kan bevoordeel/benadeel.

n Posvraelys wat deur die RGN geadministreer en uitgevoer is, is gebruik. Teknikon RSA het nie deelgeneem aan die ondersoek nie. Daar was geen besonderse rede nie.

Alle residensiële teknikons het tot hierdie ondersoek ingestem. Teknikon RSA het nie deelgeneem aan die ondersoek nie. Daar was geen besonderse rede nie. n Adreslys is van elkeen ontvang. Daar is 2 005 vraelyste uitgestuur waarop geen noemenswaardige reaksie ontvang is nie. Aanmanings is uitgestuur waarop 1 321 respondente gereageer het.

Die verwerking van die vraelys is deur die RGN se rekenaar gedoen. Die RGN het ook as konsultant vir die statistiese verwerkings opgetree.

Die verteenwoordiging van elf van die teknikons en die betrokke doserende personeel by elkeen word vervolgens aangetoon. Omdat doserende personeel met blootstelling so bemerkbaar is, word hulle in die ondersoekgroep ingesluit en verteenwoordig 65% van die respondente uit n totaal van 2 005 vraelyste wat uitgestuur is.

Uit bogenoemde reaksie behoort sinvolle afleidings met betrekking tot die rol van personeel in bemarking en openbare skakeling van teknikons gemaak te kan word.

5.3.3 Personeel van afdelings vir openbare skakeling

n Vraelys gerig aan openbare skakelafdelings is opgestel om die volgende inligting in te win:

- a benaming en funksie van hierdie afdelings.
- b organisasiestrukture en personeelsamestellings.
- c die blootstelling van personeel aan donateurs en strategieë vir fondsinsameling.
- d die hantering van kampustoere, gaste en funksies.

TABEL 5.2

AANTAL TECHNIKONS EN DOSENTE WAT DEELGENEEM HET AAN DIE ONDERSOEK

Naam van Technikon	N	%
Kaapse Technikon	139	10,6
Technikon Natal	194	14,7
Port Elizabeth Technikon	98	7,4
Technikon Pretoria	230	17,4
Vaaldriehoekse Technikon	80	6,0
Witwatersrandse Technikon	210	15,9
Technikon M L Sultan	161	12,1
Skiereilandse Technikon	62	4,7
Technikon Noord-Transvaal	67	5,0
Technikon Mangosuthu	20	1,6
Technikon OVS	60	4,6
Totaal	1 321	100,0

- e skakeling met oudstudente, bywoning van loopbaanuitstallings en die hantering van reklamemateriale.
- f personeel se huidige persepsie van beeld, kommuniasiekanale en strategieë om die beeld deur middel van bemarking te verbeter.

Hierdie vraelys is tydens 'n persoonlike besoek by elke technikon deur sewe direkteure en vyf hoofde van hierdie afdelings voltooi. Response verteenwoordig 'n konsensustipe antwoord en onderhoude het gewissel tussen drie en ses uur. Die vraelyste is per hand verwerk en daar was geen statistiese verwerkings nie.

5.4 AANBIEDING

Deurgaans is daar gepoog om die belangrikheid van skakeling deur elke ondersoekgroep aan te toon. Topbestuur is by die rapportering betrek weens die feit dat hulle gereeld vir teknikonskakeling aan verskeie sektore van die gemeenskap blootgestel word.

Verder is die doserende personeel, wat die grootste ondersoekgroep is, van belang, as gevolg van noue, en in hulle daaglikse doseeropdrag, gereelde kontak met teikengroepe soos studente, oudstudee en werkgewers. Skakeling met elkeen van hierdie groepe is van groot waarde vir 'n technikon, veral ten opsigte van studentewerwing, fondsinsameling en die skep van 'n positiewe beeld na buite.

Die betrokkenheid van doserende personeel van elke technikon by die werksaamhede van die technikon ten opsigte van die bemarking, openbare skakeling en beeldbou, word allerweë, ná navorsing en onderhoude, as belangrik beskou.

Daar is ook oor openbare skakelafdelings gerapporteer omdat deel van hulle funksies bemarking en beeldbou is.

Goeie skakeling deur hierdie ondersoekgroepe om die werksaamhede, doelstellings en doelwitte van 'n instelling soos die technikon aan gedefinieerde publieke bekend te stel, ter wille van 'n gunstige indruk om sodoende aktiewe medewerking, ondersteuning en meelewing te bewerkstellig, is van belang. 'n Positiewe beeld intern en ekstern mag hieruit voortvloei.

Die studente en die werkgewers as afsonderlike teikengroepe, hulle houdings en gesindhede jeens die technikon as tersiêre opleidingsinstansie en die onderskeie technikonprogramme wat aangebied word, is reeds deur die RGN se Instituut vir

Arbeidsekonominavorsing nagevors. Verwys na DIE BEELD VAN TECHNIKONS (Beukes, et al., 1987).

5.5 RESULTATE

5.5.1 Topbestuur

a Inleiding

Die resultate wat bespreek word, gaan spesifiek om die teknikon se betrokkenheid by die gemeenskap en in watter mate topbestuur betrokke is. Omdat daar in die gemeenskap somtyds verwys word na 'n teknikon se topbestuur as die liggaam wat die beeld van 'n teknikon uitdra, kan hierdie ondersoekgroep nie buite rekening gelaat word nie.

Dit is baie duidelik dat openbare skakeling deel vorm van die bemarkingsproses, en dat die bemarking van 'n teknikon net so wesenlik as die bemarking van 'n verbruikersprodukt is. Sonder die steun en begrip van topbestuur kan geen openbare skakelprogram suksesvol verloop nie. Om opvoedkundige uitdagings en probleme die hoof te bied, is 'n effektiewe openbare skakelprogram vandag vir alle teknikons in Suid-Afrika nodig. Die teknikonbestuur moet voortdurend ingelig word oor besware en probleme wat die verskillende publieke met 'n teknikon ondervind, sodat verandering en aanpassing oorweeg kan word, want slegs indien die onderskeie segmente harmonieus gehou word, sal 'n teknikon vooruitgang geniet en ontwikkel.

b Definisie

Nadat persoonlike gesprekke gevoer is met die topbestuur of rektorat van al die teknikons, is 'n saamgestelde definisie van wat onder die "beeld" van teknikons verstaan word, opgestel. Die beeld van 'n teknikon is die persepsie en/of indruk wat die publiek direk of indirek van 'n instelling het. Indien hierdie definisie uitgebrei

word, sluit dit in dat by die algemene publiek, ouers, potensiële studente en werkgewers die gedagte moet bestaan dat 'n technikon 'n tersiêre inrigting is wat nie identies is aan die universiteit nie, maar wat as outonome inrigting parallel aan die universiteit beweeg, aanvullend tot mekaar en nie kompetend is nie, en dat die universiteit akademies gerig en die technikon beroepsgerig is.

Verder kan die aandag daarop gevestig word dat dit nie soseer gaan oor die technikon as instelling nie. Dit word as 'n andersoortige instelling aanvaar. Dit gaan oor die oningeligtheid en onkunde wat die breë publiek oor tegniese onderwys in die algemeen het. Die minderwaardigheid waarmee tegniese onderwys bejeën word, tas die geloofwaardigheid van technikonprogramme ook aan.

c **Technikonbetrokkenheid**

Die technikon se betrokkenheid by die gemeenskap ten opsigte van tegniese kennis, is ongetwyfeld ontoereikend. Bydraes word beperk tot toegepaste navorsingsprojekte vir die nywerheid, terwyl te min gedoen word om die breë publiek te betrek.

Die kulturele funksie aan teknikons ontwikkel goed en die hoofogmerk is die kulturele ontwikkeling van die student en nie noodwendig die gemeenskap nie. Die algemene gevoel by die topbestuur van teknikons was dat daar op die kampusse 'n kulturele klimaat geskep moet word en dat die kulturele aktiwiteite by die studente se smaak aangepas moet word.

'n Technikon kan verder ook beskou word as 'n sentrum vir fasiliteite indien sulke fasiliteite bestaan. Fasiliteite is egter beperk omdat al die teknikons in 'n beginfase van ontwikkeling verkeer. Die teknikons word in die gemeenskap as 'n beroepsgerigte

opvoedkundige instelling gesien, alhoewel daar nog baie onduidelikheid hieroor bestaan.

d Topbestuurbetrokkenheid

Topbestuur is daagliks betrokke by beeldvorming wat die vorm van totale betrokkenheid behoort aan te neem. Elke personeellid het 'n bydrae om te lewer en die teknikon se missiestelling dui aan watter beeld die teknikons graag wil bou en watter rol in die gemeenskap gespeel behoort te word. Dit is hier waar die afdeling vir openbare skakeling van groot belang vir topbestuur en die teknikons is. Ten spyte van 'n tekort aan mannekrag in die meeste gevalle, is hierdie afdeling op baie terreine in voeling met die gemeenskap. As voorbeeld kan verwys word na skakeling met donateurs, skole, media, pers, televisie en werkgewers. Die afdeling openbare skakeling is gedurig besig met skakeling en fondsinsameling en die hoof van die afdeling moet direkte toegang hê tot die topbestuur. Topbestuur moet deur gereelde vergaderings en ontmoetings in voeling bly met die afdeling vir openbare skakeling. Die kommunikasiekanale moet vinnig en oop wees en 'n vergadering moet ten minste een keer per week geskied of na gelang van behoefte en omstandighede. Topbestuur is ook dikwels betrokke by besoekers, publisiteit, donateurs en gaste om ook sodoende die beeld te bevorder.

Aspekte waaraan topbestuur hoë prioriteit gee en as noodsaaklik beskou blyk uit die studie:

- i die voortgesette uitdra van 'n positiewe beeld van hierdie inrigtings, om goeie verhoudinge met die publiek te verbeter en te handhaaf;
- ii die bekendstelling van die teknikon en die bemerking van nasionale diplomakursusse;
- iii die uitbouing van die oudstudentevereniging;

TABEL 5.3

KENMERKENDE EIENSKAPPE VAN DOSENTE BETROKKE BY ONDERSOEK

		N	%
1. Rang			
	Ongespesifiseerd	10	0,8
	Niedoserend	9	0,7
	Dosent/senior dosent	1 007	76,2
	Departementshoof (mededirekteur)	209	15,8
	Direkteur	81	6,1
	Viserektor	5	0,4
Totaal		1 321	100,0
2. Ouderdom	Interval	N	%
	20-29	170	12,8
	30-39	494	37,4
	40-49	430	32,6
	50 +	227	17,2
Totaal		1 321	100,0
3. Huistaal		N	%
	Afrikaans	602	45,6
	Engels	553	41,9
	Afrikaans/Engels	127	9,6
	Ander	39	2,9
Totaal		1 321	100,0
4. Doseer		N	%
	Voltyds	1 182	89,0
	Deeltyds	139	11,0
Totaal		1 321	100,0
5. Geslag		N	%
	Manlik	948	71,8
	Vroulik	373	28,2
Totaal		1 321	100,0

- iii blootstelling deur die skryf van artikels en nuusberigte; en
- iv deelname aan loopbaanuitstallings.

Uit die studie het dit verder geblyk dat teknikondosente onregstreeks in die gemeenskap betrokke is met betrekking tot:

- * sosiale funksies wat gedurende die jaar plaasvind;
- * verteenwoordiging op komitees/liggame wat verband hou met die dosent se vakgebied of belangstelling;
- * die skryf van artikels vir teknikonpublikasies of eksterne publikasiebronne, en;
- * deelname aan loopbaanuitstallings om sodoende inligting aan studente of voornemende studente deur te gee.

Dit blyk dat die blootstelling wat 'n teknikondosent geniet, nie net beperk kan word tot sy primêre opdrag nie en die dosent het, soos uit bogenoemde blyk, met betrekking tot openbare skakeling, 'n definitiewe bydrae te lewer.

Daar word ook van die veronderstelling uitgegaan dat die pos wat die dosent beklee, sy sosiale status in die gemeenskap en sy ervaringsveld en ouderdom, faktore is wat medebepalend kan wees vir die wyse waarop so 'n dosent aan omgewingsfaktore blootgestel word.

b Betrokkenheid van doserende personeel by skakeling

i Samestelling van die dosentekorps

Die volgende kenmerkende eienskappe bied 'n oorsig oor die samestelling van die

dosentekorps in terme van rang, ouderdom, huistaal, voltydse of deeltydse betrekking en geslag (uiteengesit in tabel 5.3 verder aan):

Die totale getal respondente van wie 'n ingevulde vraelys terug ontvang is en wat die universum van doserende personeel aan teknikons verteenwoordig, is 1 321. Soos verwag kan word, is die meeste (89%) van die respondentegroep in 'n voltydse hoedanigheid by 'n teknikon aangestel, terwyl Afrikaans- en Engelssprekendes bykans gelyke verteenwoordiging het. Die groter persentasie dosente wat aan die ondersoek deelgeneem het, kom uit die ouderdomsgroep 30-49 en bestaan uit die range dosent tot by departementshoof.

Uit die studie blyk dit dat die verhouding tussen die range in die ondersoekgroep 'n goeie weerspieëling is van die proporsionele samestelling van die dosentekorps aan teknikons. Die gedagte ontstaan dat die plek wat die individuele dosent binne die dosentehiërargie inneem moontlik sy blootstelling na buite kan beïnvloed.

Vanweë die historiese ontwikkeling van teknikons en die feit dat tegniese onderwys nog altyd 'n sogenaamde manlike beroep was, verbaas die dominansie van die manlike groep glad nie (tabel 5.3 punt vyf).

c Blootstelling van dosente na buite

i Inleiding

Aangesien die teknikonwese nog relatief jonk is, worstel die inrigtings met met ontwikkelingsvraagstukke soos onder andere fisiese infrastruktuurskepping, kurrikulumontwikkeling, dosente-ontwikkeling, die werwing en keuring van studente, die ontwikkeling van 'n eie identiteit en die uitbouing van 'n positiewe beeld van

technikons (Beukes, 1984:2). Die indruk wat hierdeur geskep word, is een van minderwaardigheid teenoor die universiteit wat alreeds 'n gevestigde inrigting is met 'n positiewe beeld. Dit is moontlik een rede waarom die gemeenskap technikonopleiding as ondergeskik aan universiteitsopleiding beskou. Die feit dat die teknikons "andersoortige" opleiding aanbied, word in 'n groot mate deur die publiek aanvaar, maar die mite dat 'n universiteitskwalifikasie 'n gewaardeerde kwalifikasie is wat aansien en mag aan 'n persoon besorg, staan nog vas. (Louw, 1982:19.)

Dosente het bo en behalwe 'n opleidingstaak ook 'n besondere diens om aan die gemeenskap te lewer, juis vanweë die feit dat die behoefte aan die technikonwese uit die gemeenskap ontstaan het. Wat die opleiding van studente betref, is die teknikondosent wel betrokke by koöperatiewe opleiding (onderwys).

ii Koöperatiewe onderwys

Koöperatiewe onderwys berus op die samewerking tussen die werknemer en opvoedkundige inrigtings om studente vir spesifieke loopbane of beroepe op te lei.

Koöperatiewe onderwys is 'n opleidingstelsel wat akademiese onderrig in die klaskamer en laboratorium met praktiese indiensopleiding in die nywerheid integreer. Koördinasie van teorieë en konsepte met die praktiese toepassing daarvan in die nywerheid, word verkry deur die afwisseling of integrasie van periodes van technikonopleiding met praktiese indiensopleiding in die nywerheid. (Louw, 1988:57, 58.)

Die een komplimenteer en vul die ander aan om beter en doeltreffender opleiding te bewerkstellig. Die drie partye wat by koöperatiewe onderwys betrokke is en wat almal by die stelsel baat, is die technikon, die werkgewer en die student.

iii Koöperatiewe betrokkenheid

Dosente wat by koöperatiewe opleiding betrokke is, het 'n dubbele funksie, naamlik die skakeling met sowel studente as werkgewers. Die uitbouing van kennis en kundigheid deur dosente moet aangevul word met die bevordering van noue skakeling met werkgewers. Die beginsel van koöperatiewe onderwys moet voortdurend aandag kry. Die studie van studente aan die technikon word met die toepassing in die bedryf van die kennis en vaardighede wat gedurende die formele opleiding verwerf is, afgewissel. Hierbenewens is koöperatiewe onderwys per definisie, maar ook in terme van die technikonfilosofie, 'n skakelmeganisme en nie slegs 'n opleidingsmeganisme nie.

Die antwoorde op die vraag wie van die dosente betrokke is by die opleiding van studente wat as deel van hulle kursus praktiese, indiensopleiding by 'n werkgewer moet kry, word in tabel 5.4 weergegee.

TABEL 5.4

AANTAL DOSENTE BETROKKE BY KOÖPERATIEWE OPLEIDING

	N	%
Dosente betrokke	950	71,9
Dosente nie betrokke	371	28,1
Totaal	1 321	100,0

Uit 'n totaal van 1 321 dosente wat deelneem het aan die ondersoek is 71,9% dosente op die een of ander wyse by koöperatiewe opleidingsprogramme van teknikons betrokke. Indien hierdie dosente positief ingestel is om teknikons te bemark, kan hierdie aksie 'n goeie bydrae in die totale bemarkingsplan van teknikons lewer.

- iv mediaverhoudinge; en
- v fondsinsameling.

e **Samevatting**

Topbestuur beskou personeel as beeldbouers van die technikon en as baie belangrik in die totale beeldboustrategie, veral as gevolg van die noue kontak met studente, ouers en werkgewers. Die afdeling openbare skakeling vorm 'n integrale deel van die technikon, want sonder positiewe gesindhede van die publiek, insluitende die handel en nywerheid, waaraan hierdie afdeling gereeld blootgestel word, kan 'n technikon kwalik voortbestaan.

Openbare skakeling skep 'n klimaat vir goeie verhoudinge. Topbestuur se betrokkenheid by fondsinsameling is baie minder as by skakeling, maar kan in beide gevalle aansienlik uitgebrei word.

5.5.2 **Doserende personeel**

a **Inleiding**

Die bespreking van die resultate van die empiriese opname wat hierna volg, kan geskied met die oog op die daarstelling van 'n oorsig oor die huidige strukture wat by teknikons beskikbaar is met die oog op die betrokkenheid van 'n dosentekorps by openbare skakeling in die algemeen. Wat die dosentekorps in die besonder betref, moet aanvaar word dat hoewel openbare skakeling nie 'n primêre opdrag is nie, hulle tog onregstreeks hierby betrokke is. Vir die doel van hierdie ondersoek, is die dosente se betrokkenheid by openbare skakeling in terme van die volgende ondersoek:

- i betrokkenheid by sosiale funksies van die teknikons;
- ii verteenwoordiging op komitees/liggame en funksies;

iv **Doseerervaring van dosente**

Op 'n vraag aan die dosente oor doseerervaring by (a) universiteite, (b) ander teknikons en (c) huidige teknikon is daar soos volg gerespondeer. (Kyk tabel 5.5.)

Dit is hieruit duidelik dat die meeste doseerervaring van dosente aan hulle huidige teknikon opgedoen is, gevolg deur ervaring aan 'n ander teknikon met dié aan 'n universiteit laaste. Dit spreek vanself dat die meerderheid dosente wat by hul huidige (1 105) en ander teknikons (130) gedoseer het, blootstelling aan koöperatiewe onderwys het of gehad het. Hierdie dosente is soveel meer bemerkbaar as gevolg van blootstelling aan werkgewers. Werkgewers is in die posisie om meer studente en fondse te genereer na die teknikon, indien hulle met die opleiding tevrede is.

d **Skakeling na buite**

i **Inleiding**

Vanweë die doseeropdrag van dosente en die koöperatiewe aard van die opleiding wat gebied word, sou verwag kon word dat dosente met sekere buitengroepe skakel. In terme van die koöperatiewe programme wat die dosente aanbied, is die logiese skakelpunt na buite die werkgewers van die studente.

Dit kan egter ook wees dat hierdie skakeling uitgebrei word na professionele rade of liggame wat regstreeks belang het by die opleiding van dosente. Die navorsing toon dat dit selfs sover kan uitkring dat dit die dosent se eie professionele ontwikkeling raak wat hom dan noodwendig betrokke sal maak by professionele liggame of verenigings.

ii **Aard en omvang van skakeling**

In hierdie ondersoek is skakelredes geïdentifiseer en is dosente gevra om na aanleiding

TABEL 5.5

TOTALE DOSEERERVARING BY UNIVERSITEITE/ANDER TECHNIKONS EN HUIDIGE TECHNIKON

Ouderdom	Jare doseer 2 en meer: universiteit		Jare doseer. 2 en meer: ander tech.		Jare doseer 2 en meer: huidige tech.		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
0-29	12	14,0	10	7,7	148	13,4	170	12,9
30-39	18	20,9	38	29,2	438	39,6	494	37,4
40-49	38	44,2	55	42,3	337	30,5	430	32,5
50 +	18	20,9	27	20,8	182	16,5	227	17,2
Totaal	86	100,0	130	100,0	1 105	100,0	1 321	100,0

van vier gedefinieerde skakelwyses, aan te toon of hiervan gebruik gemaak word vir skakeling na buite en indien wel, hoe gereeld.

Navorsing deur die outeur by dosente het getoon dat uit die vier alternatiewe skakelmetodes wat gebruik word, die meeste dosente die telefoon vir skakeling na buite gebruik. Hiernaas is die meeste gebruik gemaak van persoonlike besoeke, terwyl besoeke ontvang en briewe geskryf relatief minder gebruik is (kyk tabel 5.6). Telefoniese skakeling bevat egter 'n element van onpersoonlikheid en saaklikheid eerder as persoonlike blootstelling en daarom hou dit die gevaar in dat dit die dosent dikwels die geleentheid ontnem om persoonlike werksvloerondervinding op te doen. Telefoonskakeling is hierteenoor baie gerieflik, ekonomies, byderhand, funksioneel en vergemaklik en bespoedig kommunikasie. Aan die ander kant bly dit 'n gedistansieerde vorm van kommunikasie, omdat dit nie 'n persoonlike besoek is nie en baie van die voordele wat met persoonlike kontak gepaard gaan, gaan op hierdie wyse verlore.

By 'n onderlinge vergelyking (kyk tabel 5.6) het dit geblyk dat die meeste skakeling deur dosente met die bedryf, verband hou met die samestelling van 'n kursusinhoud of kurrikulum of omdat daar op vakkomitees gediens word. Dit word gevolg deur indiensopleiding en besoeke deur werkgewers (koöperatiewe opleiding). Ongeag waaroor dit gaan, is telefoniese skakeling die voordiehandliggendste skakelwyse.

TABEL 5.6

**WYSES WAAROP SKAKELING DEUR DOSENTE VOLGENS REDES PLAASVIND :
ELF TECHNIKONS 1987**

Redes	Telefonies		Besoek persoonlik		Briewe geskryf		Besoek ontvang	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Praktiese opleiding en besoek deur werkgewers/ koöperatiewe opleiding	123	20,1	172	31,2	55	16,2	97	21,3
Raadgewing i.v.m. kursusinhoud/kurrikulum/dien op vakkomitee	347	56,8	237	42,9	164	48,2	219	48,0
Reklame : bekendstelling van kursus	50	8,2	56	10,1	33	9,7	57	12,5
Bespreek studenteëangeleenthede/studente vordering/ profiel van studentewerwing/lenings/beurse/proefonderwys	52	8,5	34	6,2	47	13,8	40	8,8
Navorsingsaangeleenthede	39	6,4	53	9,6	41	12,1	43	9,4
TOTAAL	611	100,0	552	100,0	340	100,0	456	100,0

Hierdie totaal verteenwoordig die aantal respondente wat aangedui het dat hulle telefonies, d.m.v. persoonlike besoeke, briewe geskryf en besoeke ontvang gebruik maak, ongeag die hoeveelheid keer daar geskakel is

Daar moet in gedagte gehou word dat die respondente nie net van een wyse van skakeling gebruik gemaak het nie maar waarskynlik ook van alternatiewes.

n Dosent skakel nabuite om n verskeidenheid redes, wat kan wissel van suiwer professionele tot hoogs persoonlike redes. Uit die aard van die saak het die klem van die ondersoek meer geval op die professionele skakeling. Op n oop vraag aan die dosente oor waarom hierdie skakeling gegaan het, is n verskeidenheid redes gegee wat, nadat dit georden is, die volgende insluit:

- * Praktiese opleiding en besoek deur werkgewers/koöperatiewe opleiding.
- * Raadgewing in verband met kursusinhoud, kurrikulum/dien op vakkomitee.
- * Reklame : bekendstelling van kursus.
- * Bespreek studente-aangeleenthede/studentevordering/profiel van studente/werwing; lenings/beurse/proefonderwys.
- * Navorsingsaangeleenthede.

Gegewe die eiesoortigheid van die behoefte aan bedryfsskakeling tussen die teknikon en die werkgewer, is sommige skole en departemente meer geskik vir logiese aansluiting of gereelder skakeling as ander skole of departemente. In hierdie ondersoek is onder meer gekyk of dit inderdaad so is en indien wel, wat die omvang daarvan is. Gevolglik is die skakeling ook volgens fakulteit, skool of departement waaraan dosente verbonde is verdeel, en die response word in tabel 5.7 aangetoon. Uit die wyse van sakeling, naamlik telefonies, persoonlike besoek, briewe geskryf en besoek ontvang, blyk dit duidelik dat in die fakulteit/skool of departement waar koöperatiewe opleiding betrokke is, daar meer geskakel word. Voorbeeld hiervan, soos in tabel 5.7 aangetoon, is ingenieurswese, gesondheidswetenskappe en

TABEL 5.7

WYSES VAN SKAKELING VOLGENS FAKULTEIT/SKOOL/DEPARTEMENT DEUR DOSENTE 1987

Aard en aantal skakelbeurte volgens fakulteit/skool/departement	Telefonies	Persoonlik besoek	Briewe geskryf	Besoek ontvang
	N	N	N	N
Bestuurswese en administrasie/Buro vir personeelontwikkeling	80	56	36	44
Biologiese wetenskappe	22	20	11	16
Boukunde en argitektuur, landmeter, kosterekeningkunde	15	19	14	13
Chemiese wetenskappe	13	14	8	13
Elektroniese, elektriese, meganiese, siviele ingenieurswese	98	93	52	76
Farmasie	18	17	7	14
Fisiese wetenskappe, wiskunde	16	15	9	10
Gesondheidswetenskappe	67	59	40	47
Hotelskool	14	12	6	11
Kuns en ontwerp (bv. beeldende kunste)	50	56	31	44
Landbouwetenskappe, tuinbou, omgewingstechnologie	12	10	8	10
Mynwese en metallurgie	9	5	4	5
Rekenaarwetenskappe/rekeningkunde	26	23	12	20
Sekretariële opleiding	34	32	16	23
Tale, kommunikasie en opvoedkunde	36	36	27	32
Toegepaste wetenskap, tegniese departement	23	19	16	14
Uitvoerende kunste, fotografie	37	17	8	18
Voedsel en kledingtegnologie	17	31	21	31
Toerisme	1	0	0	1

bestuurswese en administrasie/buro vir personeelontwikkeling. Sommige fakulteite/skole of departemente, soos toerisme en mynwese moes minder skakel omdat hierdie kursusse baie beperk by een of twee teknikons aangebied word.

Telefoonkommunikasie is 'n gebrekkige kommunikasie-middel aangesien die dosent beskou behoort te word as 'n diplomaat en bemarker van die instelling. Gereelde persoonlike kontak behoort dus aangemoedig te word.

iii **Betrokkenheid by vak- en ander verenigings**

Uit 'n openbare skakelfunksie gesien, leen 'n verskeidenheid verenigings met uiteenlopende doelstellings hulle baie goed daartoe dat 'n dosent aan kleiner of groter samelewingsverbande blootgestel word. Die teknikon as werkgewerinstelling word egter ook deur hierdie wyse van blootstelling beïnvloed, aangesien die betrokke dosente die beeld van die teknikons uitdra.

Gesien in die lig van die teknikonwese wat relatief jonk en onbekend is, is die deelname aan verenigings van kardinale belang om hierdie inrigtings hulle regmatige plek in die samelewing gouer te laat inneem. Sommige van hierdie verenigings, soos vakverenigings en studiekomitees, is akademies georiënteerd, terwyl sportklubs, kultuurverenigings en sosiale verenigings meer sosiaal van aard is.

Daar is ook in die ondersoek besluit om dosente te vra oor die graad van betrokkenheid by vak- en ander verenigings, omdat dit as 'n belangrike vorm van skakeling na buite beskou word. Daar is pertinent gevra hoeveel aan die volgende verenigings behoort: vakverenigings, sportklubs, kultuurverenigings, sosiale verenigings, studiekomitees en ander komitees. Die aard van hierdie betrokkenheid moes ook aangedui word. Indien dosente 'n leidende rol kan vervul binne so 'n vereniging of klub, byvoorbeeld

deur op die bestuur te dien, dwing so 'n bestuurslid meer gesag af as om slegs 'n lid te wees en dit kan tot voordeel van die betrokke instelling strek.

Dit kan verwag word dat die erkenning op sy vakgebied 'n rol sal speel by die tipe skakeling en daarom is daar besluit om te onderskei tussen die betrokke range.

Uit die totale aantal dosente wat aan die ondersoek deelgeneem het het die meeste van hulle een of ander vorm van betrokkenheid by hierdie verenigings of klubs gehad. As daar globaal na tabelle 5.8, 5.9 en 5.10 gekyk word en na die betrokkenheid van die ondersoekgroep by akademiesgeoriënteerde verenigings, dan val dit op dat die direkteure en viserektore, soos verwag kan word, baie meer by die studiekomitees betrokke is as byvoorbeeld die doserende personeel.

Daar is slegs 'n relatief klein persentasie akademiese personeel (dosente, departementshoofde, direkteure en viserektore) nie by verenigings betrokke nie. Die aanname kan dus gemaak word dat die gebrekkige betrokkenheid van sommige van die akademiese personeel moontlik daaraan toegeskryf kan word dat betrokkenheid van watter aard ook al nie verwag word nie.

Die teknikondosent is dus nie akademies na buite betrokke nie en dit lyk of daar ongetwyfeld 'n verband is tussen die posisie wat beklee word en die vereniging waaraan behoort word, in vergelyking met byvoorbeeld dié van die posisie van die direkteur.

Uit tabel 5.8 (vereniging/klubs wat hoofsaaklik uit teknikonpersoneel bestaan) het vakverenigings en sosiale verenigings die hoogste verteenwoordiging, naamlik 18% en 13% uit 'n totaal van 1 321 respondente. Bogenoemde te lae blootstelling behoort aangemoedig te word.

Tabel 5.9 (vakverenigings/klubs waaraan hoofsaaklik persone van buite die technikon behoort) was die sterkste verteenwoordiging weer eens vakverenigings en dan sportklubs (42% en 24%) onderskeidelik. Hier is daar 'n redelike betrokkenheid van dosente wat goed is vir die bemerking van teknikons. Studiekomitees was hier die swakste verteenwoordig.

Verder, uit tabel 5.10 (verenigings/klubs wat eksklusief beperk is tot technikonpersoneel) is vakverenigings en sosiale verenigings die beste verteenwoordig, naamlik beide 17%.

Die feit dat personeel verbonde aan tersiêre inrigtings en spesifiek dosente, 'n hoë aansien in die gemeenskap geniet, bied die geleentheid uit 'n skakeloogpunt vir 'n ruimskootse bydrae tot beeldbevordering as dosente bereid sou wees om in 'n groter mate betrokke te raak. Bemerking sal dan ook vergemaklik word.

Daar is ook 'n klein persentasie dosente betrokke by kultuurverenigings en aangesien dit 'n tipe vereniging is met 'n eksklusiewe belangstellingsveld, is dit te wagte dat relatief min mense daaraan kan behoort.

Indien globaal na tabel 5.8, 5.9 en 5.10 gekyk word, is dit 'n logiese afleiding dat die lektor/senior lektor die hoogste gerespondeer het gevolg deur die mededirekteure juis omdat die groter getalle daar lê.

Die aantal dosente wat gerespondeer het op vakverenigings, sportklubs, kultuurverenigings, sosiale verenigings en studiekomitees was verbasend min en behoort aangemoedig te word.

TABEL 5.8

VERENIGINGS/KLUBS WAT HOOFSAAKLIK UIT TECHNIKONPERSONEEL BESTAAN

Rang	Vakver= eniging		Sport= klubs		Kultuurver= eniging		Sosiale Vereniging		Studie komitee		Ander	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ongespesifiseer	2	0,8	1	0,7	0	-	1	0,6	1	0,7	0	-
Niedoserend	1	0,4	1	0,7	0	-	0	-	1	0,7	2	1,4
Doserend/lektor/senior lektor	178	73,3	98	72,1	40	72,7	126	74,1	77	52,4	101	69,6
Departementshoof/mededirekteur	40	16,5	24	17,7	7	12,7	30	17,6	39	26,5	29	20,0
Direkteur	21	8,6	11	8,1	8	14,6	13	7,7	27	18,3	13	9,0
Viserektor	1	0,4	1	0,7	0	-	0	-	2	1,4	0	-
TOTAAL	243	100,0	136	100,0	55	100,0	170	100,0	147	100,0	145	100,0

TABEL 5.9

VERENIGINGS/KLUBS WAARAAN HOOFSAAKLIK PERSONE VAN BUITE DIE TECHNIKON BEHOORT

Rang	Vakver= eniging		Sport= klubs		Kultuurver= eniging		Sosiale Vereniging		Studie komitee		Ander	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ongespesifiseer	4	0,7	1	0,3	5	2,3	1	0,9	2	2,6	3	1,2
Niedoserend	1	0,2	2	0,6	2	0,9	0	-	0	-	1	0,4
Doserend/lektor/senior lektor	390	70,3	250	79,9	149	70,0	81	70,4	47	60,3	181	71,5
Departementshoof/mededirekteur	113	20,3	41	13,1	42	19,7	23	20,0	16	20,5	44	17,4
Direkteur	45	8,1	18	5,8	15	7,1	8	7,0	11	14,1	23	9,1
Viserektor	2	0,4	1	0,3	0	-	2	1,7	2	2,5	1	0,4
TOTAAL	555	100,0	313	100,0	213	100,0	115	100,0	78	100,0	253	100,0

TABEL 5.10

VERENIGINGS/KLUBS WAT EKSKLUSIEF BEPERK IS TOT TECHNIKONPERSONEEL

Rang	Vakver= eniging		Sport= klubs		Kultuurver= eniging		Sosiale Vereniging		Studie komitee		Ander	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ongespesifiseer	1	0,4	0	-	0	-	1	0,4	1	0,8	1	0,7
Niedosierend	0	-	1	1,9	0	-	1	0,4	0	-	1	0,7
Oosierend/lektor/senior lektor	161	70,9	38	70,4	13	65,0	170	74,6	66	54,5	89	63,1
Departementshoof/mededirekteur	51	22,5	9	16,6	5	25,0	40	17,5	37	30,7	33	23,5
Direkteur	12	5,3	6	11,1	2	10,0	15	6,7	16	13,2	16	11,3
Viserektor	2	0,9	0	-	0	-	1	0,4	1	0,8	1	0,7
TOTAAL	227	100,0	54	100,0	20	100,0	228	100,0	121	100,0	141	100,0

iv **Betrokkenheid in die algemeen**

a **By interne sosiale aktiwiteite**

Dit is algemeen bekend dat skakeling tydens interne sosiale aktiwiteite vir enige instelling of onderneming baie belangrik is. Binne so 'n sosiale aktiwiteit of geleentheid heers daar 'n ontspanne atmosfeer wat kommunikasie vergemaklik.

Verder bied dit die geleentheid om interne en eksterne verhoudinge op te bou wat sodoende die beeld van so 'n instelling kan verbeter. Verskeie jaarlikse sosiale geleenthede by teknikons word aangebied. Vanuit 'n skakelfunksie tree doserende personeel by hierdie geleentheid op as beeldbouers vir die betrokke teknikon. Ten opsigte van die betrokkenheid in die algemeen by sosiale en amptelike aktiwiteite, publikasies en loopbaanuitstallings, is daar gesoek na 'n moontlike verband tussen voltydse en deeltydse dosente, geslag, betrokke fakulteit, skool of departement en dosente se skakeling na buite.

Die gesprekke met buitepersone gee ook aan personeel die geleentheid om te kommunikeer oor hulle eie vakgebied of departement, wat nie slegs vir die dosent se eie selfbeeld baie beteken nie, maar ook vir die teknikon in die geheel. Na aanleiding hiervan is dosente gevra om aan te dui of hulle die afgelope jaar uitgenooi is na sosiale funksies wat by die teknikon aangebied is. Om te bepaal hoe geredelik die dosente hierdie uitnodigings ontvang wat bedoel is vir (a) uitsluitlik teknikonpersoneel, (b) hoofsaaklik teknikonpersoneel, maar ook buitepersone, en (c) hoofsaaklik buitepersone, is hierdie dosente verdeel in voltydse of deeltydse personeelgroepe. Om die veranderlikes binne 'n spesifieke situasie met mekaar te vergelyk, is 'n Chaid-analise op die data uitgevoer. Daaruit word bepaal watter faktor 'n invloed op die betrokke omstandighede kan uitoefen. Verder word met

die Chaid gekyk watter faktore spreek mee tot die bevestiging of verwerping van die grootste belang. Die Chaid tegniek word in bylae nege beskryf.

Sover sosiale aktiwiteite betref, is dit baie duidelik uit die vraelys dat hierdie drie soorte sosiale funksies en die interaksie tussen die veranderlikes, vir al drie die situasies oënskynlik grootliks verskillend is. Dit bevestig die uitgangspunt dat dit sinvol is om van meet af te onderskei tussen hierdie drie tipe funksies. Dit is ook duidelik dat daar 'n verband is tussen die rang van 'n dosent en die waarskynlikheid dat hy genooi sal word om 'n funksie by te woon. In werklikheid is die rang in die verband 'n kritieke bepaler. Senior personeel aan 'n teknikon word meer blootgestel as junior personeel en het dus 'n groter moontlikheid om 'n skakelfunksie te verrig. Bywoning van sosiale geleenthede word verder egter in 'n groot mate deur die betrokke fakulteit, skool of departement beïnvloed (kyk figuur 5.1, 5.2 en 5.3). Uit genoemde figure kan gesien word dat net 'n gedeelte van die totale respondente van 1 321 daarin verteenwoordig word. Die rede hiervoor is dat die respondente nie die vraag beantwoord het nie.


Dit is begryplik dat voltydse personeel baie meer betrokke is as deeltydse personeel veral as gelet word op die pligte van 'n voltydse en deeltydse dosent.

Volgens Wet 40 van 1967 is die normale pligte van 'n lid van die doserende personeel soos volg:

- i die onderrig en eksaminering van studente;
- ii die bevordering en uitbreiding van kennis op sy bepaalde studiegebied deur navorsing en publikasie;
- iii deel in die beheer en administrasie van sy departement;

FIGUUR 5.1


UITNODIGINGS NA SOSIALE FUNKSIES WAT DIE TEHNIKON AANGEBIED HET EN WAT UITSLUITLIK VIR TEHNIKONPERSENEEL BEDOEL WAS



Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
- 2 = Niedoerende personeel
- 3 = Dosent/lektor, senior lektor
- 4 = Departementshoof/mededirekteur
- 5 = Direkteur
- 6 = Viserektor

FIGUUR 5.2

**UITNODIGINGS NA SOSIALE FUNKSIES UITSLUITLIK VIR TECHNIKONPERSENEEL
 MAAR OOK BUIEPERSONE**
**Rang**


- 1 = Ongespesifiseerd
- 2 = Niedere personeel
- 3 = Dosent/lektor, senior lektor
- 4 = Departementshoof/mededirekteur
- 5 = Direkteur
- 6 = Viserektor

FAKULTEIT, SKOOL/DEPARTEMENT

- A = Bestuurswese en administrasie/buro vir personeelontwikkeling
- B = Biologiese wetenskappe
- C = Boukunde en argitektuur, landmeter, kosterekeningkunde
- E = Chemiese wetenskappe
- F = Elektroniese, elektriese, meganiese, siviele ingenieurswese
- G = Farmasie
- H = Fisiese wetenskappe, wiskunde
- I = Gesondheidswetenskappe
- J = Hotelskool
- K = Kuns en ontwerp (bv. beeldende kunste)
- L = Landbouwetenskappe, tuinbou, omgewingstechnologie
- M = Mynwese en metallurgie
- N = Rekenaarwetenskappe
- O = Telekomunikasië (poskantoor)
- P = Sekretariële opleiding
- Q = Tale, kommunikasie en opvoedkunde
- R = Toegepaste wetenskappe, tegniese departement
- S = Uitvoerende kunste, fotografie
- T = Voedsel en kledingstechnologie
- U = Toerisme

FIGUUR 5.3

IS U DIE AFGELOPE JAAR UITGENOOI NA SOSIALE FUNKSIES WAT DIE TEHNIKON AANGEBIED HET EN WAT BEDOEL WAS VIR HOOFSAAKLIK BUIEPERSONE ?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = Getal te klein vir verder verdeling
 (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
 2 = Nidoseerende personeel
 3 = Dosent/lektor, senior lektor
 4 = Departementshoof/mededirekteur
 5 = Direkteur
 6 = Viserektor

- iv toesighouding tydens eksamens; en
- v deelname aan amptelike aktiwiteite van die technikon insluitende die akademiese raad en ander komitees waarin die dosent aangestel word.

Daarteenoor is die pligte van deeltydse doserende personeel die doseer van 'n spesifieke vak of vakke aan 'n spesifieke groep of groepe studente. Dit sluit onderrig en eksaminering in.

Daar word dus nie van deeltydse dosente verwag om betrokke te wees by technikonaktiwiteite nie en, indien wel, slegs op 'n beperkte skaal.

Hoe dosente gerespondeer het op 'n vraag oor die bywoon van sosiale funksies, word in tabel 5.11 uiteengesit.

TABEL 5.11

BYWOON VAN SOSIALE FUNKSIES

	N	%	N	%	Totaal
	JA		NEE		
(a) Uitsluitlik technikonpersoneel	1 156	87,5	165	12,5	1 321
(b) Hoofsaaklik technikonpersoneel maar ook buitepersone	921	89,0	119	11,0	1 040
(c) Hoofsaaklik buitepersone	650	74,0	223	26,0	873

In al drie gevalle is die dosente oor die algemeen baie goed geken in die uitnodiging na betrokke sosiale funksies.

Om dosente se gevoel te toets oor wat bereik is met hierdie funksies wat teknikons vir personeellede aangebied het, is vyf stellings geformuleer en 993 dosente het hul mening hieroor uitgespreek. Dit word in tabel 5.12 verduidelik.

Die \bar{X} (rekeningkundige gemiddeld) wat gebruik is in tabel 5.12 is 'n maatstaf van lokaliteit, want dit bepaal waar die balanseerpunt van die verdeling lê. Guy, Edgley, Arafat & Allen (1987:30) sê:

"It is the arithmetic average or the value obtained by adding all the scores in a distribution and dividing the sum by the number of terms."

TABEL 5.12
WAT WORD MET SOSIALE FUNKSIES BEREIK ?

Vraelysitems	\bar{X}
(a) Personeellede het mekaar beter leer ken	5,576
(b) Samehorigheid tussen dosente is bewerkstellig	3,852
(c) Lojaliteit Jeens die technikon is versterk	5,264
(d) Dit was 'n geleentheid om technikonbestuur beter te leer ken	12,339
(e) Dosente se kennis van wat elders op die kampus gebeur, is verbreed	10,597

Dit blyk asof hierdie funksies ten opsigte van die geleentheid om technikonbestuur beter te leer ken en om die dosente se kennis van wat elders op die kampus gebeur, te verbreed (d en e in die tabel), die geslaagste is. Volgens die dosente se oordeel slaag dit baie swak daarin om samehorigheid tussen dosente (b) te bewerkstellig. Die moontlikheid kan bestaan dat die personeellede die sosiale funksies kan gebruik om mekaar beter te leer ken (a), maar dit blyk miskien ook eerder 'n toevalligheid te wees. Die intensie bestaan nie om funksies by te woon om mekaar beter te leer

ken nie, maar eerder om dit as 'n geleentheid te gebruik om technikonbestuur beter te leer ken (d) en verder dosente se kennis van wat elders op die kampus gebeur te verbreed (e). Dit kan egter aanvaar word dat senior dosente meer geredelik genooi word na sosiale funksies en dit dus verskillend kan beleef. Daar is ook gekyk na die invloed van die ouderdom, die geslag van die dosent en die spesifieke technikon. Ouderdom, geslag en technikon is met behulp van 'n meervoudige variansie-analise ondersoek en dit het geblyk dat nie geslag nie, maar wel die ouderdom van die dosent asook die betrokke technikon waaraan hy of sy verbonde is, deurslaggewend is vir die wyse waarop die dosente die sinvolheid van hierdie funksies ervaar.

Vervolgens is daar ondersoek ingestel na die moontlike effek wat veranderlikes, soos die ouderdom van die respondente, die technikon en geslag kan hê op die wyse waarop daar op verskillende stellings (vraelysitems) gereageer is. Dit is gedoen deur 'n meer veranderlike variansie-analise op die data uit te voer. 'n Onderlinge vergelyking van die F-waardes (tabel 5.13) het getoon dat elkeen van die betrokke stellings 'n oorhoofse effek gehad het en dat dit met die biografiese veranderlikes, ouderdom en technikon, in verband gebring kan word.

TABEL 5.13

DOSENTE-ONDERSOEKGROEP : MANOVA EN ANOVA F-WAARDES VIR DIE BEPALING VAN EFFEKTE VAN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES OP SOSIALE AKTIWITEITE

A. MANOVA F-WAARDES : HOOFEFFEKTE

Biografiese veranderlikes	Aantal subgroepe kategorieë	F-waarde	P F (kritieke waarde)
Ouderdom	4	1,82	0,0269*
Geslag	2	0,53	0,7542
Technikon	11	5,28	0,0001*

* Betekenisvol op die 5% peil en meer

B. ANOVA F-WAARDES : SPESIFIEKE EFFEKTE TEN OPSIGTE VAN SOSIALE AKTIWITEITE

Vraelysiteme	Ouderdom		Geslag		Technikon	
	F-waarde	P F	F-waarde	P F	F-waarde	P F
Personeellede het mekaar beter ken	0,26	0,8575	0,42	0,5163	6,66	0,0001*
Samehorigheid tussen dosente is bewerkstellig	1,05	0,3698	0,05	0,8178	4,17	0,0001*
Lojaliteit jeens die teknikons is versterk	4,13	0,0064*	0,01	0,9279	5,04	0,0001*
Dit was n geleentheid om technikon= bestuur beter te leer ken	3,05	0,0279*	0,45	0,5019	10,78	0,0001*
Dosente se kennis van wat elders op die kampus gebeur, is verbreed	1,94	0,1211	0,11	0,7372	9,54	0,0001*

* Betekenisvol op die 5% peil

Stel van nul hipotese: Dosent se deelname is n funksie van die ouderdom, geslag en die technikon waar gewerk word.

Die F-waarde is die oorskrydingswaarskynlikheid. Wanneer die F-waarde kleiner as 0,05 is, dan word die nul-hipotese aanvaar. F-waardes bokant 0,05 lei tot die verwerping van die nul-hipotese (kyk tabel 5.13). Teknikondosente se betrokkenheid by die verskillende sosiale aktiwiteite dra by tot die verbetering van die beeld van die technikon.

Daar is na ander sisteme ook gekyk maar op aanbeveling van dr. Beukes van die RGN is daar besluit op hierdie instrument omdat dit die beste resultate kan lewer in hierdie studie.

b By amptelike aktiwiteite

Vanuit n skakelfunksie tree dosente, wat n technikon amptelik op

komitees/liggame/funksies waarop buite-instansies ook dien verteenwoordig, op as ambassadeurs vir so 'n technikon. Besondere blootstelling word verleen aan so 'n inrigting omdat die gemeenskap graag vereenselwig wil wees met tersiêre inrigtings en persone wat oor naskoolse kwalifikasies beskik. Dit bied aan dosente die geleentheid om op amptelike vlak die betrokke technikon aan buite-instansies bekend te stel.

Met die uitvoer van 'n Chaid-analise op die ondersoekgroep het dit ook geblyk dat respondentdosente met senior range baie meer betrokke was as dosente met junior range. Sowat 61,5% van die senior range, het aan sulke aktiwiteite deel gehad teenoor die 26,1% van diegene met junior range. Hierdie beperkte betrokkenheid van dosente in die laer range, hetsy op 'n voltydse of deeltydse grondslag, kan toegeskryf word aan technikonbeleid om meer van senior personeel ten opsigte van koöperatiewe onderwys gebruik te maak (kyk figuur 5.4). Slegs 1 280 respondente het hierdie vraag beantwoord.


c **Publikasies (dosente se bydraes tot publikasies)**

Daar bestaan 'n groot aantal en verskeidenheid tydskrifte in albei landstale waarin daar gepubliseer kan word en wat meestal dwarsdeur die land versprei word. Tydskrifte verskyn gewoonlik weekliks of maandeliks en publikasies kan in verskillende kategorieë verdeel word, soos dié wat hoofsaaklik vir òf mans òf vroue, ensovoorts bedoel is. Daar kan ook in algemene tydskrifte, gespesialiseerde tydskrifte en vaktydskrifte gepubliseer word.

Hierdie massamedia se trefkrag is groot en speel 'n uiters belangrike rol by die oordra van inligting en die vorming van die openbare mening. Dit is juis hier waar dosente

FIGUUR 5.4

HET U DIE AFGELOPE JAAR U TECHNIKON AMPTELIK VERTEENWOORDIG OP KOMITEES/LIGGAME/FUNKSIES WAAROP BUITE-INSTANSIES OOK DIEN OF VERTEENWOORDIG WAS?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = Getal te klein vir verder verdeling
 (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
 2 = Niedoerende personeel
 3 = Dosent/lektor, senior lektor
 4 = Departementshoof/mededirekteur
 5 = Direkteur
 6 = Viserektor

prominent kan optree, eerstens as vakkundiges, tweedens in belang van die betrokke teknikon en derdens waar 'n onderlinge gesprek met belanghebbendes vanuit die gemeenskap gevoer kan word. Deur hierdie optrede word nie slegs die teknikonwese bevorder nie, maar ook die beeld wat na buite uitgedra word.

Daar is nasionale en internasionale vakkundige publikasies waarin teknikondosente behoort te publiseer. Die teknikonwese is eintlik nog swak ontwikkel ten opsigte van die daarstelling van eie vakkundige publikasies en dosente het relatief min geleentheid om hier 'n bydrae te lewer. Sommige teknikons het gevestigde publikasies terwyl ander in die vorm van interne blaaië, nuusbriewe, ensovoorts, 'n begin daarmee maak. Dit is 'n bewys dat daar wel vordering in dié verband gemaak word.

In hierdie ondersoek was dit 'n logiese uitvloeisel dat daar gekyk sal word na die benutting van hierdie publikasies en in hoe 'n mate die teknikon se beeld daardeur uitgedra kan word.

i **Interne publikasies**

Die interne personeelblad, ongeag of dit vakkundig is of nie, gee dosente die geleentheid om artikels te publiseer. Sodoende leer dosente mekaar beter ken, word hul vakgebied bevorder en 'n gesprek tussen vakgenote ontstaan. Dit verbeter ook interne personeelverhoudinge.

Hierdie tipe inligting wat ook ekstern versprei word, bring heterogene groepe na die kampus wat onder meer in ontspanne omstandighede en in 'n gees van welwillendheid die boodskap van die teknikon ontvang.

Nadat 'n Chaid-analise uitgevoer is, is dit ten opsigte van publikasies, baie duidelik

dat die blootstelling van die dosente in die veranderlikes oënskynlik vir al die situasies verskillend is (kyk figuur 5.5 en 5.6 wat volg). Dit bevestig die uitgangspunt dat dit sinvol is om te onderskei tussen hierdie tipe blootstelling in verskillende publikasies of tydskrifte. Die lae persentasie dosente wat bydraes gelewer het, kan ook toegeskryf word aan die feit dat teknikons se afdelings vir openbare skakeling nie voluit funksioneer nie of, as gevolg van 'n personeeltekort, nog nie aandag aan hierdie fasette van skakeling gee nie. Dosente word nie gekonfronteer met hierdie tipe bydraes vir publikasie nie.

Uit figure 5.5 en 5.6 kan gesien word dat net 'n gedeelte van die totale respondente van 1 321 daarin verteenwoordig word. Die rede is dat die vraag nie deur almal beantwoord is nie.


Waar 'n artikel (nuusberig deur 'n dosent vir die personeelblad) geskryf word (figuur 5.5), is dit opvallend dat die tipe aanstelling, voltyds of deelyds, 'n sterker verband toon met die lewering van bydraes (artikel/nuusberig) al dan nie as byvoorbeeld die betrokke rang.

ii Ander publikasies

Die afdelings vir openbare skakeling het 'n bydrae te lewer ter bevordering van interne kommunikasie. Dit geskied deur middel van advies en hulpverlening aan personeel en studente ten opsigte van mediaskakeling, publisiteit, organisatoriese reëlins, ensovoorts. Hierdie skakeling en kommunikasie na buite is afhanklik van die interne kommunikasie. Interne kommunikasie lê die grondslag vir samewerking, gesdrif, trots, kameraadskap en eenheid van strewe. Gereelde skakeling deur teknikons met mediaverteenwoordigers, regisseurs, programmeiers, omroepers, rubriekskrywers,

FIGUUR 5.5

HET U AL 'N ARTIKEL/NUUSBERIG VIR U INRICHTING SE PERSONEELBLAD GESKRYF?




Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
- 2 = Niedoserende personeel
- 3 = Dosent/lektor, senior lektor
- 4 = Departementshoof/mededirekteur
- 5 = Direkteur
- 6 = Viserektor

FIGUUR 5.6

HET U AL 'N VAKKUNDIGE/SEMI-VAKKUNDIGE ARTIKEL VIR PUBLIKASIE
IN 'N TECHNIKONPUBLIKASIE AANGEBIED?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = Getal te klein vir verder verdeling
 (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
 2 = Nidoseerende personeel
 3 = Dosent/lektor, senior lektor
 4 = Departementshoof/mededirekteur
 5 = Direkteur
 6 = Visirektor.

Joernaliste en nuusredakteurs, hou besliste voordele in vir teknikons se voortdurende beeldbouproses. Om te kyk hoe geredelik die dosente hierdie tipe publikasies wat bedoel is vir (a) 'n teknikonpublikasie, (b) ander vakwetenskaplike tydskrif en (c) die openbare pers aanbied, is hierdie dosente verdeel in die betrokke range. Dit is dan ook begryplik dat personeel met hoër range meer betrokke is as personeel met laer range.

Uit die ondersoekgroep wat gerespondeer het vir die skryf van vakkundige/semi-vakkundige artikels en dit aangebied het vir publikasie in:


- * 'n teknikonpublikasie, het 19,1% wel artikels aangebied en 80,9% nie (fig. 5.6);
- * ander vakwetenskaplike tydskrifte, het 15,2% artikels aangebied en 84,8% nie (fig. 5.7);
- * die openbare pers, het 13% artikels aangebied en 87% nie (fig. 5.8).

Dit is dus duidelik dat die meerderheid respondente glad nie 'n vakkundige/semi-vakkundige artikel vir publikasie in òf 'n teknikonpublikasie, 'n vakwetenskaplike tydskrif òf die openbare pers aangebied het nie (kyk figure 5.6, 5.7 en 5.8).

Met 'n verder ontleding van die Chaid-analise, oor die skryf van vakkundige/semi-vakkundige artikels vir gebruik in teknikonpublikasies en die openbare pers (figure 5.6 en 5.8) blyk dit egter dat hoofsaaklik die betrokke rang van die dosent 'n rol in sy besluit om 'n bydrae te lewer, speel.

Wanneer daar vir vakwetenskaplike tydskrifte geskryf word, is die belangrikste faktor

HET U AL 'N VAKKUNDIGE/SEMI-VAKKUNDIGE ARTIKEL VIR PUBLIKASIE IN ANDER VAKWETENSKAPLIKE TYDSKRIFTE AANGEBIED?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
- (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
- (c) = Getal te klein vir verdere verdeling
- (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

Rang


- 1 = Ongespesifiseerd
- 2 = Niedere personeel
- 3 = Dosent/lektor, senior lektor
- 4 = Departementshoof/mededirekteur
- 5 = Direkteur
- 6 = Viserektor

FAKULTEIT, SKOOL/DEPARTEMENT

- A = Bestuurswese en administrasie/buro vir personeelontwikkeling
- B = Biologiese wetenskappe
- C = Boukunde en argitektuur, landmeter, kosterekeningkunde
- E = Chemiese wetenskappe
- F = Elektroniese, elektriese, meganiese, siviele ingenieurswese
- G = Farmasie
- H = Fisiese wetenskappe, wiskunde
- I = Gesondheidswetenskappe
- J = Hotelskool
- K = Kuns en ontwerp (bv. beeldende kunste)
- L = Landbouwetenskappe, tuinbou, omgewingstegnologie
- M = Mynwese en metallurgie
- N = Rekenaarwetenskappe
- O = Telekommunikasie (poskantoor)
- P = Sekretariële opleiding
- Q = Tale, kommunikasie en opvoedkunde
- R = Toegepaste wetenskappe, tegniese departement
- S = Uitvoerende kunste, fotografie
- T = Voedsel en kledingstegnologie
- U = Toerisme

FIGUUR 5.8

HET U AL 'N VAKKUNDIGE/SEMI-VAKKUNDIGE ARTIKEL VIR PUBLIKASIE IN DIE OPENBARE PERS AANGEBIED?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = Getal te klein vir verdere verdeling
 (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

Rang

- 1 = Ongespesifiseerd
 2 = Niedere personeel
 3 = Dosent/lektor, senior lektor
 4 = Departementshoof/mededirekteur
 5 = Direkteur
 6 = Viserektor

FAKULTEIT, SKOOL/DEPARTEMENT

- A = Bestuurswese en administrasie/buro vir personeelontwikkeling
 B = Biologiese wetenskappe
 C = Boukunde en argitektuur, landmeter, kosterekeningkunde
 E = Chemiese wetenskappe
 F = Elektroniese, elektriese, meganiese, siviele ingenieurswese
 G = Farmasie
 H = Fisiese wetenskappe, wiskunde
 I = Gesondheidswetenskappe
 J = Hotelskool
 K = Kuns en ontwerp (bv. beeldende kunste)
 L = Landbouwetenskappe, tuinbou, omgewingstechnologie
 M = Mynwese en metallurgie
 N = Rekenaarwetenskappe
 O = Telekomunikasië (poskantoor)
 P = Sekretariële opleiding
 Q = Taie, kommunikasie en opvoedkunde
 R = Toegepaste wetenskappe, tegniese departement
 S = Uitvoerende kunste, fotografie
 T = Voedsel en kledingstechnologie
 U = Toerisme

die betrokke fakulteit, skool of departement (figuur 5.7). Dit is begryplik omdat personeel in sekere departemente waarvoor sulke publikasies bestaan meer blootstelling geniet. Dit word in belangrikheid gevolg deur die betrokke rang van die dosent.

d Loopbaanuitstallings

Ten opsigte van loopbaanuitstallings het dit uit die vraelys geblyk dat slegs 52,3% van die 1 171 respondentdosente wel by so 'n aktiwiteit betrokke was. Honderd en vyftig dosente het nie die vraag beantwoord nie.

Loopbaanuitstallings kan oor die algemeen as 'n waardevolle skakelmedium ten opsigte van sekere teikengroepe bestempel word.


Dit is so omdat uitstallings van hierdie aard verskillende aspekte van die teknikon, soos studiegeleenthede, beurse, sport, kultuur, ensovoorts, uitbeeld. Dit kan ook by verskillende geleenthede en op verskillende plekke gebruik word, soos byvoorbeeld op kampusse, tentoonstellings en by ander openbare geleenthede. Hierdie medium word egter nie so dikwels soos sommige ander media gebruik nie.

Die besondere waarde van hierdie uitstallings is dat dit realisties is en dat daar persoonlike waarneming en kontak bestaan. Die openbare skakelafdelings kan nie hierdie funksie alleen verrig nie en daarom is die bydrae van dosente van groot waarde, nie slegs as kommunikators nie, maar ook as kenners van onderskeie vakgebiede.

Met die Chaid-analise ten opsigte van loopbaanuitstallings (figuur 5.9), is dit begryplik dat voltydse personeel 'n baie groter bydrae gelewer het as deeltydse personeel. Dit

FIGUUR 5.9

HET U AL DEELGENEEM AAN 'N LOOPBAANUITSTALLING WAT DEUR U TECHNIKON GEREËL IS?



- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
- (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
- (c) = Getal te klein vir verdere verdeling
- (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

- Rang**
- 1 = Ongespesifiseerd
 - 2 = Niedoserende personeel
 - 3 = Dosent/lektor, senior lektor
 - 4 = Oepartementshoof/mededirekteur
 - 5 = Direkteur
 - 6 = Visirektor

- FAKULTEIT, SKOOL/DEPARTEMENT**
- A = Bestuursweese en administrasie/buro vir personeelontwikkeling
 - B = Biologiese wetenskappe
 - C = Boukunde en argitektuur, landmeter, kosterekeningkunde
 - E = Chemiese wetenskappe
 - F = Elektriese, meganiese, siviele ingenieurswese
 - G = Farmasie
 - H = Fisiese wetenskappe, wiskunde
 - I = Gesondheidswetenskappe
 - J = Hotelskool
 - K = Kuns en ontwerp (bv. beeldende kunste)
 - L = Landbouwetenskappe, tuinbou, omgewingstegnologie
 - M = Mynwese en metallurgie
 - N = Rekenaarwetenskappe
 - O = Telekommunikasie (poskantoor)
 - P = Sekretariële opleiding
 - Q = Tale, kommunikasie en opvoedkunde
 - R = Toegepaste wetenskappe, tegniese departement
 - S = Uitvoerende kunste, fotografie
 - T = Voedsel en kledingstegnologie
 - U = Toerisme

bevestig weer eens voltydse personeel se potensiaal om na buite te skakel. As gelet word op die rang van persone wat by sulke uitstallings betrokke was, moet in gedagte gehou word dat teknikons se senior personeel vir sulke skakeling gebruik word. Hierbenewens is die skole wat koöperatiewe opleiding doen grotendeels by loopbaanuitstallings betrek.

e Skakeling met werkgewers, skole en verenigings

Technikondosente, maar spesifiek diegene betrokke by koöperatiewe onderwys, het nie net 'n doseeropdrag nie, maar behoort ook met werkgewers en buite-instansies soos skole en verenigings te skakel. Hierdie skakeling is veral waardevol ten opsigte van studenteverenigings, ontwikkeling in terme van kursusse en studierigtings, en beeldvorming.

Daar is ook uit die betrokke vraelys probeer bepaal in hoe 'n mate dosente die afgelope twee jaar deur buite-instansies soos werkgewers, skole en verenigings betrek is ten opsigte van die verskaffing van inligting, verwant aan en met betrekking tot 'n bepaalde vakgebied en die inrigting waaraan so 'n dosent verbonde is. Die verskaffing van inligting kan die vorm aanneem van voorligting oor 'n betrokke teknikon, praatjies oor vakkundige aspekte, demonstrasies, toesprake, referate by 'n simposium/konferensie, advisering van werkgewers, konsultasiedienste en ander.

Dit het egter geblyk dat die dosente se betrokkenheid in dié verband baie gering was. Waar dosente egter sekere artikels gepubliseer het, is hulle wel op 'n latere stadium deur instansies genader om so 'n artikel by wyse van 'n toespraak toe te lig, praatjies oor vakkundige aspekte wat betrekking het op die artikel te hou en, waar nodig, werkgewers van raad te bedien.

f Bepaling van tevredenheidsvlak van dosente met betrekking tot hulle werk

n Gelukkige werknemer is normaalweg gemotiveerd, toegewyd, bekwaam en lojaal. Geen onderneming of instelling kan ongemotiveerde of dislojale personeel bekostig nie. Deurdat dosente n bydrae lewer tot beeldvorming, was dit nodig om die tevredenheidsvlak van dosente hieroor te bepaal, en die respons op n vraag hieroor, word in tabel 5.14 weergegee. Dertien dosente het nie op die vraag gereageer nie.

TABEL 5.14

BEPALING VAN TEVDRENHEIDSVLAK VAN DOSENTE MET BETREKKING TOT HULLE WERK

	N	%
1. Ek is volkome tevrede met my werk en stel in geen ander werk belang nie	187	14,3
2. Hoewel enkele kleinighede my pla, is ek in die algemeen tevrede	610	46,6
3. Heelwat dinge pla my, maar dit wat my tevrede stel, weeg effens swaarder	404	30,9
4. Die dinge wat my ontevrede stel, weeg effens swaarder as dit waarmee ek tevrede is	51	3,8
5. Hoewel daar enkele dinge is waarmee ek tevrede is, voel ek in die algemeen ontevrede	45	3,6
6. Ek meen dat ek in enige ander werk meer tevrede sal wees	11	0,8
TOTAAL	1 308	100,0

n Chaid-analise is op hierdie data gedoen om vas te stel of daar n moontlike verband is tussen verskillende teknikons, die ouderdom van dosente, range, die betrokke fakulteit, skool of departement. Hieruit blyk dit dat slegs 8,2% van die respondente ontevrede is met hulle huidige werk, soos aangetoon in figuur 5.10.

FIGUUR 5.10

SKAKELING MET BETREKING TOT WERKSTEVREDENHEID

N=1308

1	Ek is volkome tevrede met my werk en stel in geen ander werk belang nie	14,3
2	Hoewel enkele kleinighede my pla. is ek in die algemeen tevrede	46,6
3	Heelwat dinge pla my, maar dit wat my tevrede stel weeg effens swaarder	30,9
4	Die dinge wat my ontevrede stel, weeg effens swaarder as dit waarmee ek tevrede is	3,8
5	Hoewel daar enkele dinge is waarmee ek tevrede is, voel ek in die algemeen ontevrede	3,6
6	Ek meen dat ek in enige werk meer tevrede sal wees	0,8

TECHNIKONS

- A = Kaapse
 B = Natal
 C = Port Elizabeth
 D = Pretoria
 E = Vaaldriehoek
 F = Witwatersrand
 G = M L Sultan
 H = Skiereiland
 I = Noord-Transvaal
 J = Mangosuthu
 K = OVS

- (a) = Geen voorspellings is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = Getal te klein vir verdere verdeling
 (d) = Verdere voorspellings is nie gerapporteer nie

		Ouderdom			
		20-39	40-49	50 en ouer	
	9.4	16.0	25.1		
	46.9	48.3	42.7		
	33.1	31.3	24.2		
	5.2	1.8	3.3		
	4.1	2.3	4.7		
	1.3	0.5	0		
	N=642 (b)	N=428	N=238 (a)		
		Technikons			
		A, I, G	B, D, E, F, K	H, C	J
	3.7	20.8	19.1	25.0	
	52.3	47.1	46.8	25.0	
	34.9	30.8	27.7	0	
	3.7	0.4	0	50.0	
	5.5	0.8	2.1	0	
	0	0	4.3	0	
	N=109 (b)	N=240 (b)	N=47 (c)	N=4 (c)	

g **Beeld van die dosent**

Die teknikondosent is in sy optrede na buite en in die aansien wat hy in die gemeenskap geniet, nie net 'n baie belangrike beeldbouer vir die technikon nie, maar ook per definisie 'n ware skakelpersoon. Die doelgerigtheid en oortuiging waarmee die dosent hierdie funksies verrig, hang baie af van die beeld wat hy in die gemeenskap as dosent het en hoe sy missie geïnterpreteer word. Die aantal respondente wat op die vraag gereageer het was 1 308.

Die ontwikkeling wat oor die jare heen in die technikonwese voorgekom het, het gelei tot 'n mate van verwarring onder die dosentekorps veral ten opsigte van die beeld wat uitgedra moet word. Die eertydse technikon met 'n beperkte opdrag en 'n baie sterk klem op tegniese opleiding, het geleidelik oorgegaan in een met 'n opdrag of missie waar die technikon 'n groter akademiese statuur gekry het en waar daar van die technikon verwag word om 'n akademiese beeld uit te dra.

Dit kan dus verwag word dat daar nie alleen verwarring by dosente sou wees nie, maar ook onsekerheid oor wat sy beeld in die proses moet wees. Deurdat die technikonwese in 'n oorgangsfase is, mag dit ook wees dat die gemeenskap oningelig is oor die rol en die profiel van dosente. Dosente is dus gevra om by wyse van selfbeoordeling aan te dui wat hulle dink die gemeenskap se opinie van hulle is. Om so min of meer die dosent se beeld op 'n sespuntskaal te peil, is sekere stellings (kyk tabel 5.15) aan hulle voorgehou. Die resultate en rekenkundige gemiddeld van die responswaardes word in tabel 5.15 aangetoon.

Dit is duidelik dat daar 'n konsekwente gemiddeld van net meer as drie weerspieël word. Dit toon aan dat daar nie 'n opvallende negatiewe of opvallende sterk beeld is ten opsigte van hierdie items nie. Die variasie is nie groot nie en is ook nie uitgesproke akademies nie. Hoewel dit moontlik 'n realistiese weerspieëling is, kan

die feit dat dit gemiddeld is, ook 'n element van onsekerheid by dosente verrai (kyk tabel 5.15). Op vraelysitems a-g het heelparty dosente nie die vraag beantwoord nie.

TABEL 5.15

BEELD VAN DIE DOSENT

Vraelysitems	N	\bar{X}	S
(a) 'n Besondere deskundige op sy vakgebied	1 291	3,611	1,120
(b) Lid van 'n akademiese garde	1 275	3,243	1,239
(c) Iemand met nagraadse kwalifikasies	1 275	3,380	1,338
(d) Iemand wat leiding in die gemeenskap kan gee	1 274	3,466	1,339
(e) Iemand wat oor besondere handvaardige bekwaamhede beskik	1 274	3,650	1,395
(f) 'n Persoon wat tot 'n hoë inkomstegroep behoort	1 275	3,096	1,317
(g) 'n Professionele persoon	1 285	3,520	1,148

5.5.3 Afdelings vir openbare skakeling

a Inleiding

Die bespreking van die resultate geskied met die oog op die daarstelling van 'n oorsig oor die huidige strukture by hierdie afdelings. Omdat hierdie afdelings primêr besig is met skakeling en dit die afdelings se daaglikse taak is, word daar in ooreenstemming met die eise wat gestel word, gekyk na die betrokke skakelmetodes, teikengroepe en die strategieë. Die afdelings is betrokke by

* * * * * * * * * * *	publisiteit; media; publikasies; skoleskakeling; militêre skakeling; fondsinsameling; funksies; gaste; kampustoere; loopbaanuitstallings; oudstude.	Produkontwikkeling Beeldbou Bemarking Beeldbou Marknavorsing
-----------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------------------------------------------------------------------------

Om dié rede word hierdie afdelings nou onder die loep geneem.

b Benaming

Die openbare skakelafdeling van teknikons het verskillende benamings soos na vore gekom het uit persoonlike onderhoude:

- i buro vir ontwikkeling;
- ii buro vir openbare betrekkinge;
- iii departement openbare betrekkinge en ontwikkeling;
- iv departement openbare betrekkinge;
- v skakelafdeling; en
- vi teknikonstigting.

Hierdie benamings is gekoppel aan sekere funksies wat verrig word, of aan openbare skakelafdeling se historiese ontwikkeling.

Die personeel was in die normale gang van sake tevrede met die benaming. Daar was 'n neiging by bepaalde teknikons om die afdeling vir openbare skakeling te skei van die afdeling vir ontwikkeling. Die hoofrede wat hiervoor aangevoer is, was om te spesialiseer.

c Strukture

By agt teknikons rapporteer die personeel van die openbare skakelafdelings direk aan die rektor. Hierdie wyse van rapportering hou besliste voordele in deurdat besluite onmiddellik geneem kan word. Wat negatief inwerk op die openbare skakelafdelings se werksaamhede is dat die rektore as gevolg van werksaamhede en verpligtinge nie altyd geredelik beskikbaar is nie. 'n Vertraging in besluitneming kan 'n negatiewe beeldeffek by die algemene publiek laat.

d Pligtestate en verantwoordelikhede

Binne die afdeling vir openbare skakeling is die pligte en verantwoordelikhede basies dieselfde. Dit sluit in:

- i ontwikkeling (fondsinsameling);
- ii alumni (oudstudente);
- iii publikasies en prospektusse;
- iv skakeling met die pers, media en televisie;
- v funksies;
- vi seremonies en interne skakeling;
- vii skoleskakeling en loopbaanuitstallings;
- viii nywerheidskakeling;
- ix skakeling met militêre basisse; en
- x die hantering van geskenkartikels.

Waar die afdelings geskei is, hanteer ontwikkeling die fondsinsameling en alumni en die openbare skakelafdelings die ander aktiwiteite. By die meeste teknikons word skoleskakeling en loopbaanuitstallings deur die Buro vir Studente-aangeleenthede hanteer.

Volgens Kruger (1981:60) is dit duidelik dat 'n onderneming moet uitbrei om die omgewing te eksploiteer. Die omgewing verander en daarom moet die omgewing, om aan te pas by die eksterne omgewing, diversifiseer mits dit goed beplan is. Kyk verder Meij & Snell (1964:308-316, 345).

e **Publisiteit en mediabetrekkings**

Dit is 'n redelike belangrike kanaal vir kommunikasie met die algemene publiek. 'n Belangrike faktor in openbare skakeling is die algemene pers, tydskrifte, radio en televisie, aangesien dit die vloei van inligting en publisiteit in die massamedia beheer.

Tans is die tendens by teknikons dat die persoon in beheer van die media, byvoorbeeld die mediabeampte, met die pers of media skakel. Slegs sensitiewe sake word deur die betrokke rektor hanteer of daar word opdrag gegee aan die persoon in beheer van openbare skakeling om so 'n taak te hanteer. Uit persoonlike gesprekvoering het die berigte by alle teknikons die afgelope jaar hoofsaaklik gegaan oor

- i akademiese aangeleenthede;
- ii aanstellings;
- iii prestasies;
- iv projekte;
- v kampusnuus;
- vi studente-aangeleenthede;

- vii sport;
- viii kulturele gebeurtenisse; en
- ix ope dae.

Hierdie berigte het gewissel van so min as plus-minus dertig tot soveel as plus-minus ses honderd en vyftig. Daar is die meeste van koerante gebruik gemaak, omdat dit 'n medium met wye trefkrag is. Gewoonlik word dit deur duisende persone gelees en bring streeks-, nasionale en internasionale aangeleenthede onder die aandag van die leser. Van tydskrifartikels is baie minder gebruik gemaak, omdat hierdie artikels baie gespesialiseerd is, op 'n spesifieke publiek konsentreer en 'n wye verskeidenheid belangstellingsfere dek. Alhoewel die radio en televisiemedia deur een bron gereguleer word, is daar hiervan gebruik gemaak omdat teknikons ook op sy beurt interessante moontlikhede vir die luisteraar of kyker bied.

f Publikasies

Dit is ook 'n medium vir kommunikasie wat beide deur 'n winsgewende as 'n nuwingsgewende organisasie gebruik word om 'n boodskap aan die belanghebbende publiek oor te dra. Die publikasies geniet 'n hoë leserbelangstelling omdat dit vir spesifieke gehore voorberei word. Hierdie tipe publikasies kan maklik aangepas en gewysig word om by beskikbare materiaal en inligting te pas. Publikasies kan saamgestel word om gebeure aan beide interne as eksterne publieke bekend te stel. Gereelde meningspeilings by lesers word deur die redaksionele personeel gedoen, om die effektiwiteit van so 'n publikasie te bepaal.

Ander tipes publikasies waaraan die personeel by openbare skakeling aandag skenk, is prospektusse, voubrosjures, programbrosjures, skolebrosjures, dagboeke, jaarverslae en nuusbriewe.

g Skoleskakeling

Skoleskakeling word deur die volgende teknikons se openbare skakelafdelings hanteer: Witwatersrand, OVS, Kaap, Port Elizabeth en Noord-Transvaal. Die Departement Opvoedkundige Leiding van 'n skool word besoek en inligting word uitgeruil. Oudiovisuele materiaal en prospektusse word tot die beskikking van 'n skool gestel. Die algemene terugvoering aan teknikons was goed, alhoewel die teknikons in 'n groot mate nog onbekend is by skoolgaande kinders. Die rede wat hier aangevoer kan word, is dat daar nog nie aggressiewe bemerking by stede plaasgevind het nie.

h Ontwikkeling (fondsinsameling)

Technikons is vandag baie sterk bemerkingsgeoriënteerd, veral ten opsigte van fondsinsameling. Die reuse taak om 'n sekere persentasie fondse self te genereer ten einde in eie behoeftes te voorsien, noodsaak 'n nasionale fondsinsamelingsveldtog.

Die aanbieding en uitruiling van waardes ten opsigte van fondsinsameling geskied op verskeie maniere, soos byvoorbeeld deur persoonlike besoeke, telefoniese gesprekke en die skryf van briewe. Die suksesvolste maar moeilikste is persoonlike besoeke omdat afsprake met die regte persoon of persone by 'n onderneming vir fondsinsameling nie altyd moontlik is nie. Dit het geblyk dat die belangrikste persone wat besoek moet word die Besturende Direkteur, die Finansiële Direkteur of die Sekretaris van 'n onderneming is. Dat teknikons nie 'n regmatige deel ten opsigte van fondsinsameling bykry nie, spreek duidelik uit die response op vrae in dié verband. Die respondente skryf dit toe aan die onbekendheid van die teknikons by die breë publiek. Die oningeligtheid oor die kwaliteit van die onderrig/programme aan teknikons, asook die werkskwaliteit van iemand met 'n technikonkwalifikasie, en sy bydrae tot die werkgemeenskap, het 'n negatiewe effek op die fondsinsamelingspogings.

i Funksies en gaste

Verskeie funksies soos diplomaplegtighede, skemerkelkonthale, dinees, ope dae, bekendstellingsfunksies, konferensies en sportfunksies word elke jaar aan teknikons gehou. Elke funksie het 'n bepaalde doel en 'n teikengroep wat wissel ten opsigte van bekendstelling, welwillendheid tot en betrokkenheid by die bedryf, studentewerwing en fondsinsameling.

j Kampustoere

Verskeie teknikons maak tans van kampustoere as 'n bemarkingstrategie gebruik om sodoende die technikonfilosofie van 'n eiesoortige opleidingsinrigting te verkondig. Persone wat deelneem aan hierdie toere is ouers, hoërskoolleerlinge, skoolhoofde, voorligtingonderwysers, sakemanne, nyweraars, donateurs en belangstellendes uit die breë publiek. Georganiseerde kampustoere kan net tot die voordeel van 'n technikon strek.

k Loopbaanuitstallings

Tien teknikons maak gebruik van loopbaanuitstallings om die aandag van die breë publiek op die werksaamhede van hierdie instellings te vestig. Technikon RSA maak nie gebruik van loopbaanuitstallings nie omdat dit 'n inrigting vir afstandsonderrig is. Ten tye van die opname het Technikon Mangosuthu nog nie oor die nodige infrastruktuur beskik om 'n loopbaanuitstalling van stapel te stuur nie.

l Alumni (oudstudente)

Wat die alumni of oudstudentebeweging betref, was sewe teknikons gedurende die ondersoek besig om so 'n vereniging tot stand te bring of selfs uit te brei. Uit die vraelyste is dit duidelik dat hierdie beweging noodsaaklik is en dat die teknikons

wat dit nie het nie, spesifiek 'n tekort aan mannekrag het om Alumni tot stand te bring. Saamtrekke van oudstudente word gehou, maar op 'n ongereelde basis. Alumni help om goeie verhoudinge te handhaaf, bevorder 'n samehorigheidsgevoel, studentewerwing en fondsinsameling.

m Militêre skakeling

Hierdie skakeling word slegs deur twee teknikons op 'n beperkte skaal onderneem. Dit wil voorkom asof 'n personeeltekort enige uitbreiding in dié verband kortwiek.

n Algemeen

Die personeelsterkte by die openbare skakelafdelings van teknikons het gewissel van slegs een persoon tot soveel as twaalf persone.

Slegs een technikon het beweer dat daar genoeg personeel is om die skakelfunksie suksesvol te ontplooi, terwyl net twee teknikons nie oor 'n formele organisasiestruktuur beskik nie. Deurgaans was al die skakelbeampies in besit van pligstate.

Die bestuursfunksies van hierdie afdelings, naamlik beplanning, organisering, bevelvoering, koördinering en beheer, kry oor die algemeen dieselfde aandag. Die sukses waaraan die openbare skakelafdeling tans gemeet kan word, is die terugvoering van die breë publiek, media en personeel oor die algemeen, die toename in studentegetalle, fondsinsameling, gesindhede en die toewyding aan hulle werk. Tans is die sterk punte van hierdie afdelings die effektiewe werwing van studente, die verkryging van fondse asook die kweek van positiewe gesindhede. Sake waaraan aandag gegee behoort te word, is die verbetering van publikasies en doeltreffende

media-aksie, die daarstelling van 'n oudstudentebeweging wat effektief funksioneer en die totale verbetering van die bemarkingsaksies.

Volgens die vraelyste blyk die meeste respondente dit eens te wees dat die kommunikasie tussen bestuur en die afdeling vir openbare skakeling voldoende is, behalwe vir die feit dat rektore nie gereedlik beskikbaar is nie.

o **Samevatting**

'n Paar geheelindrukke word weergegee. Doelwitte en mikpunte van elke teknikon se afdeling openbare skakeling kom basies ooreen en verskil net volgens die behoeftes van elke teknikon. Elke afdeling het 'n eie geskiedenis en ontwikkeling en elke teknikon is gesetel in verskillende omgewings en verskil ook onderling in soverre dit tradisies, finansiële steun, akademie, personeel en studente betref.

Die doelwitte van die openbare skakelprogram word in hoofsaak deur die direkteur of hoof van die afdeling en sy span skakelbeamptes opgestel en vir finale goedkeuring na die rektor of topbestuur (rektoraat) van die teknikon verwys. Omdat elke teknikon deel is van die omgewing waarin hy geleë is, is die teknikon en die omgewing op mekaar aangewese vir die effektiewe en doeltreffende programme en sosiale geleenthede om die skakeling tussen die teknikon en die omgewing daar te stel.

5.6 **SAMEVATTING**

Tegniese onderwys is uit die aard van sy geskiedenis en samestelling beroepsgerig en maak ook deel uit van die formele onderwyskundige struktuur in die Republiek van Suid-Afrika. Na aanleiding van die ondersoek en die houding van die meerderheid

respondente teenoor betrokkenheid in die gemeenskap en technikonopleiding, kan beweer word dat hoewel teknikons nog 'n jong ontwikkeling binne die struktuur is, dit reeds 'n regmatige plek op tersiêre vlak begin inneem.

Technikonpersoneel het en kan 'n groot bydrae lewer in die bemarkingsproses van teknikons. Heelwat van die eie-identiteit van 'n technikon kan toegeskryf word aan koöperatiewe opleiding en dit is in dié opsig dat die dosent 'n rol kan speel in die bemarking van teknikons. Topbestuur, hierteenoor, is onlosmaaklik verbonde aan die beplanningsproses terwyl die afdeling vir openbare skakeling 'n besliste rol vervul in die totale beplannings- en bemarkingsproses van teknikons. Heelwat van die eie-identiteit van 'n technikon kan toegeskryf word aan koöperatiewe opleiding en dit is in dié opsig dat die dosent 'n rol kan speel in die bemarking van teknikons. Topbestuur, hierteenoor, is onlosmaaklik verbonde aan die beplanningsproses terwyl die afdeling openbare skakeling 'n besliste rol vervul in die totale beplannings- en bemarkingsaksie waarby leiding geneem word met betrekking tot betrokkenheid, bekendstelling en beeldbou. Sodoende maak die totale personeelkorps van 'n technikon deel uit van 'n doelgerigte bekendstellings- en inligtingsaksie om die onkunde wat by 'n groot deel van die gemeenskap ten opsigte van tegniese onderwys in die algemeen en tegniese opleiding in die besonder bestaan, uit die weg te ruim.

Die bevindings van die ondersoek bevestig die noodsaaklikheid daarvan dat dosente en ander personeel groter blootstelling moet kry met betrekking tot bemarking en openbare skakeling van teknikons.

Na aanleiding van vorige hoofstukke word daar in hoofstuk ses 'n bemarkingsplan vir teknikons voorgestel. Hierdie plan behoort al die personeel van die technikon te betrek om sodoende die technikon se bemarkingsbeplanning meer vaartbelyn te maak.

6. ONTWERP VAN 'N BEMARKINGSPLAN VIR TECHNIKONS**6. LYS VAN TABELLE**

228

SINOPSIS

229

6.1 Inleiding

230

6.2 Aanbevelings vir die vestiging van 'n bemarkingsplan

231

6.3 Evalueer van die resultate en die daaruit voortvloeiende bestuur van die bemarkingsplan

242

6.4 Samevatting

243

6.5 Aanbevelings

246

6. ONTWERP VAN 'N BEMARKINGSPLAN VIR TECHNIKONS**LYS VAN TABELLE**

Tabel 6.1	Kernontwikkelings vanaf hoofstuk twee tot vier	232
Tabel 6.2	Kernresultate van hoofstuk vyf	233

6. ONTWERP VAN 'N BEMARKINGSPLAN VIR TECHNIKONS

SINOPSIS

Soos uit hoofstukke twee tot vyf waargeneem, sou dit wenslik wees om nou aanbevelings te maak vir die vestiging van 'n bemarkingsplan:

- * Elke technikon is verplig om veral na sy geskiedkundige ontwikkeling te kyk.
- * Technikonopleiding en -bemarking moet gesinchroniseer word.
- * In die verandering en ontwikkeling tot 'n nuwe Suid-Afrika moet daar deeglik rekening gehou word met die makro- en mikro-omgewings se invloede op die funksionering van teknikons.
- * Beplanning van teknikons se behoeftes moet, tesame met bewysstukke aan die teikenmark en donateurspubliek, deeglik, nougeset en metodies voorgelê word.
- * Die daarstelling van 'n visie is noodsaaklik sodat die technikon sy missie kan formuleer.
- * Topbestuur se skakeling na binne en buite behoort aangemoedig te word.
- * Dosente behoort gemeenskapsbetrokkenheid uit te brei.
- * Die afdeling vir openbare skakeling behoort groter logistiese ondersteuning te kry met betrekking tot bemarking.

6. ONTWERP VAN 'N BEMARKINGSPLAN VIR TECHNIKONS

6.1 INLEIDING

In hoofstuk vyf kom daar 'n nuwe begrip na vore, naamlik die van "technikonekonomie". Een van die fasette van die teknikonekonomie is die bemarking. Bemarking vorm deel van die interne en eksterne omgewing waarbinne die teknikons funksioneer. Dit bly binne die raamwerk van Limperg en Bouma se filosofie.

Aan die ander kant is die meer pragmatiese Amerikaanse bedryfsekonomie ook in aanmerking geneem deurdat die bedryfsekonomie meer in 'n kwantitatiewe rigting beweeg. Met die voorafgaande in aanmerking geneem (vanaf hoofstuk twee tot vyf) is dit belangrik om binne die raamwerk van die teknikonekonomie 'n bemarkingsplan vir teknikons voor te stel.

In die bemarkingsplan word verskeie voorstelle gemaak om die bemarking van teknikons by die gemeenskap te bevorder. Die bemarkingsplan is 'n algemene en nie 'n besondere resep nie, en kan binne die raamwerk van elke technikon se interne en eksterne omgewing aangewend word.

Die sukses waarmee die bemarkingsplan deur enige technikon aangewend en deurgevoer word, berus in die eerste plek by die topbestuur van teknikons. As die bestuur besef wat die bemarkingsafdeling (afdeling vir openbare skakeling) kan bewerkstellig, hang die uitvoering van 'n bemarkingsprogram van die bekwaamheid, insig en sukses van die bemarkingsafdeling af. Met dié insette behoort die bemarkingsprogram suksesvol te verloop.

Ter wille van helderheid en duidelikheid word die kernontwikkelings van hoofstuk twee tot vier en die kernresultate van hoofstuk vyf geskematiseer in tabel 6.1 en 6.2. Die ontwikkeling kan geredelik in vier fases verbesonder word wat vir elke technikon in sy besondere behoeftes as algemeen aanvaarbaar kan word.

6.2 AANBEVELINGS VIR DIE VESTIGING VAN 'N BEMARKINGSPLAN

Die volgende aanbevelings word in hierdie verband gemaak:

- a Elke technikon is verplig om veral na sy geskiedkundige ontwikkeling te kyk veral in die nuwe gestruktureerde teknikonekonomie.
- b Technikonopleiding en -bemarking (markontwikkeling en produkontwikkeling) moet gesinchroniseer word.
- c In die verandering en ontwikkeling tot 'n nuwe Suid-Afrika moet daar deeglik rekening gehou word met die makro-omgewing (ekonomies, polities, demografies, sosiaal, tegnologies, wetlik en internasionaal) se invloede op die funksionering van teknikons.
- d Daar moet gelet word op die voorkeure, groei, vooruitgang, besware en probleme van die mikro-omgewing. Die mikro-omgewing sluit in werkgewers, skole, weermag, ouers, familie, vriende, technikonpersoneel, universiteite, ander teknikons, tegniese kolleges en die opleiding in die private/nywerheidsektor.

Slegs deur die mikro-omgewing harmonieus te hou, kan teknikons suksesvol ontwikkel om sukses te behaal in die kompeterende bemarkingsproses.

TABEL 6.1

KERNONTWIKKELINGS VANAF HOOFSTUK 2-4

	HOOFSTUK 2	HOOFSTUK 3	HOOFSTUK 4	GEVOLGTREKING
Fase	Tegniese onderwys in die RSA : n inleidende oorsig	Die rol van bemaking in die verandering en ontwikkeling van tegniese onderwys	Bemakingsgeleenthede vir teknikons	
1	<p>Historiese ontwikkeling (1882-1910)</p> <p>Tegniese onderwys (1911-1922)</p>	Spoorweë, myne, kamers van koop=handel en skoolrade begin met deelydse tegniese klasse vir vak=leerlinge en handelonderwysers. So het privaat opleidingsinrigtings ontstaan	Markpenetrasie wat insluit bemakingskommunikasie, bemakingshulpmiddele soos mediabetrekkinge, publisiteit, promosies en advertensies	Bewuswording van beroeps=gerigte onderwys daarom die ontwikkeling van opleidings=inrigtings na tegniese kolleges na KGTO's en vandag techni=kons.
2	Tegniese onderwys (1923-1955)	Met die koms van die "Hoger Onderwyswet" (Wet no. 30 van 1923) het die erkenning en subsidiëring van tegniese kolleges n aanvang geneem	Markontwikkeling vind plaas volgens: bemakingsbeginsels bemakingsbeplanning bemakingsamestelling bemakingsprogram	Die ontwikkeling van n be=bemakingskonsep waarin personeel n prominente rol vervul, het stelselmatig ontwikkel. Bemakingsgeleenthede word die afgelope paar jaar beter benut.
3	Tegniese onderwys (1956-1967)	Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet no. 40 van 1967) waarvolgens die vier tegniese kolleges, Pretoria, Wiltwatersrand, Durban en Kaapstad word kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (KGTO)	Produkontwikkeling, naamlik die uitbreiding en ontwikke=ling van studiegeleenthede soos kursusontwikkeling	Die potensiaal om topbestuur en personeel as beeldbouers te gebruik is nou ryp.
4	Tegniese onderwys ná 1967	Benaming KGTO word vervang met teknikon. Ingevolge Wet no. 43 van 1979 het teknikons finaal afstand gedoen van alle vorme van preterisiëre onderwys	Diversifikasie soos nuwe kurrikulums, nuwe moontlik=hede vir teikenmark en studentemobiliteit	Die afdeling openbare ska=keling kan n groter rol speel in die bemaking van teknikons

TABEL 6.2

KERNRESULTATE VAN HOOFSTUK 5

Hoofstuk 5	Inleiding	Uitvoering van ondersoek	Aanbieding	Resultate
Topbestuur	Techniekonekonomie gebaseer op Limperg maar aangepas	Vraelys gerig tydens n persoonlike onderhoud aan al twaalf teknikons	Belangrikheid van skakeling word uitgelig; word blootgestel aan verskeie sektore van die gemeenskap	Goeie verhoudinge met publiek noodsaaklik. Uitdra van n positiewe beeld, mediaverhoudinge en fondsinsameling is belangrik. Verdere bekendstelling en bemarking van teknikons
Doserende personeel	Techniekonekonomie gebaseer op Limperg maar aangepas	2 005 vraelyste is uitgestuur en 1 321 respondente het gereageer	Belangrikheid van skakeling word uitgelig. Daaglikse doseeropdrag en gereelde kontak met teikengroepe	Kan n groot bydrae lewer in die bemarkingsproses. Moet groter blootstelling kry met betrekking tot bemarking en openbare skakeling
Personeel van afdelings vir openbare skakeling	Techniekonekonomie gebaseer op Limperg maar aangepas	n Vraelys gerig tydens n persoonlike onderhoud aan al twaalf teknikons	Belangrikheid van skakeling word uitgelig. Deel van hulle funksies is bemarking en beeldbou	Speel n besliste rol in die totale beplannings- en bemarkingsproses van teknikons

- e Die beplanning van teknikons se behoeftes moet, tesame met bewysstukke aan die teikenmark en donateurspubliek, deeglik, nougeset en metodies, voorgelê word.
- f Die daarstelling van 'n visie is noodsaaklik sodat die teknikon sy missie kan formuleer. Dit is veral belangrik om spanwerk, kommunikasie en betrokkenheid te bewerkstellig sodat die missie uitgeleef kan word.
- g Die volgende verantwoordelikhede en aksies behoort deur topbestuur onderneem te word:
 - i topbestuur behoort die leiding te neem met betrekking tot die strategiese bemarkingsaksie, en personeel op hoogte te hou van die vordering en gevolglike resultate;
 - ii groter blootstelling en bekendstelling deur topbestuur aan die teknikon se teikenpubliek is nodig;
 - iii groter interne betrokkenheid ten opsigte van sosiale aangeleenthede van personeel op die kampus;
 - iv om bemarking te laat slaag, sal nie slegs die rektor nie, maar ook topbestuur in 'n groter mate op die voorgrond moet tree met byvoorbeeld toesprake en ander aksies;
 - v omdat die bemarkingsafdeling (afdeling vir openbare skakeling) in noue kontak is met die teikenmark, behoort topbestuur bereid te wees om 'n groter oopdeurbeleid toe te laat by die afdeling vir openbare skakeling.

- h Die volgende verantwoordelikhede en aksies behoort deur teknikonpersoneel onderneem te word:
- i Die personeel gaan nie opsetlik bemark nie, maar wel "kantlyn"-bemarking doen deur middel van blootstelling en betrokkenheid by die volgende:
- * koöperatiewe onderwys;
 - * vak- en ander verenigings;
 - * interne en eksterne sosiale funksies;
 - * publikasies (algemene, gespesialiseerde en vaktydskrifte);
 - * loopbaanuitstallings.
- ii Ten einde studente wat hul studies voltooi, aan te moedig om invloed onder potensiële studente te laat geld, behoort dosente aan die einde van elke semester 'n lesing af te staan aan die motivering van teknikonverlaters. Dit sluit nie voortdurende motivering van ander studente in dié verband uit nie.
- iii Dosente van teknikons kan verder meehelp om akkurate inligting vir strategiese doeleindes te bekom, deur insette te lewer ten opsigte van:
- * die behoeftes en voorkeure wat daar by potensiële en huidige studente met die oog op teknikonopleiding bestaan;
 - * hulpverlening in die besluitnemingsproses waardeur voornemende studente gaan om 'n spesifieke technikon te kies;
 - * terugvoering van inligting oor alle optredes van mededingers wat van belang is vir bemarking;
 - * huidige onbeheerbare en verwagte onbeheerbare faktore se invloed op die technikon se bemarkingsplan.

iv In verafgeleë gebiede is die aanbieding van middag- of aandkursusse oor kursus- en beroepsgeleenthede deur akademiese personeel van teknikons noodsaaklik. Die geleenthede waarheen ouers en kinders vrywillig genooi word, kan op streekbasis aangebied word.

i Afdelings vir openbare skakeling word onder die volgende hoofde bespreek:

- i Hoof van bemarking
- ii Bemarkingspersoneel

i **Hoof van bemarking**

n Bemarkingsdirekteur (direkteur : openbare skakeling) met n skakelbenadering is noodsaaklik vir doelgerigte bemarking van die opvoedkundige produk (studente).

Die pos as hoof van bemarking en kommunikasie moet n baie senior pos wees, vir aansien na binne en buite, met regstreekse rapportering aan die rektor as die hoofbemarker en kommunikator van n teknikon.

Verder behels die pos selfstandige optrede nadat die bemarkingsplan met die rektor bespreek en uitgeklaar is. n Tweeweklikse geskrewe verslag en beplanningsvoorstelle word voorgelê aan die bestuurskomitee van die teknikon op n basis van n betreklike vaste agenda met betrekking tot bemarkingsaksies.

n Vaste komitee bestaande uit die bestuurskomitee, direkteure, hoofde van departemente, verteenwoordigers van die administrasie, studenteraad en alumni hou op twee vaste datums per jaar revue-sessies ten opsigte van kommunikasie, interne en eksterne bemarking, inligting, tekortkominge en aksies om die totale beplanning en bemarking te bepaal en te verbeter. Die rektor tree op as voorsitter.

Die pos van hoof van bemarking en kommunikasie sal verantwoordelik wees vir die koördinasie van al die bemarkingsaktiwiteite.

Verder is die bemarkingsdirekteur (direkteur : openbare skakeling) in beheer van alle aktiwiteite en aksies wat onder die bemarkingspersoneel bespreek word.

ii **Bemarkingspersoneel (skakelbeampies vir afdeling vir openbare skakeling)**

* **Inleiding**

Om die optimum aantal goeie studente vir teknikons te werf, behoort n bemarkingsboodskap onder meer ontwerp te word wat potensiële studente en werkgewers van studente sal oorreed om aan n teknikon te studeer.

Die kommunikasiekanale sluit boodskapstrategieë (die benadering wat in die boodskap gevolg kan word) en die mediastrategie (die kanale wat gebruik gaan word) in. Markpenetrasie behoort hier plaas te vind.

Bogenoemde word deur die bemarkingsafdeling (afdeling vir openbare skakeling) opgestel in samewerking met die topbestuur.

Die bemarkingspersoneel rapporteer direk aan die hoof van bemarking (direkteur: openbare skakeling) en is in die bemarkingsproses by die volgende aksies betrokke:

* **Publisiteit (markpenetrasie)**

- As bemarkingsaksie behoort skakelbeampies n publisiteitsveldtog te verskerp deur onder meer van n wyer spektrum nuusmedia, soos die plattelandse pers,

streekradiosenders, streeknuusdienste en ander streekprogramme van die SAUK gebruik te maak.

- Skakelbeampes behoort verder deeglik te besin oor hoe gebeure soos konferensies, simposia en kort kursusse ingespan kan word om nuuswaardige blootstelling aan teknikons te gee.
- Nuuswaardige publisiteit en persverklarings vir teknikons behoort deur die bemarkingsafdeling (skakelafdeling) persoonlik aan die nuusmedia oorhandig te word.
- Skakelbeampes behoort daarop ingestel te wees om deur middel van publisiteit erkenning te gee aan kinders wat op spesifieke gebiede presteer en die kinders geluk te wens met sulke prestasies.

* **Advertensies (markpenetrasie)**

Op grond van teknikons wat studente landwyd werf, word aanbeveel dat die teknikons van 'n landwye advertensieveldtog in hulle bemarkingsplan gebruik maak. Daarvolgens kan probeer word om voornemende studente en werkgewers landwyd oor technikonwese in te lig en lede van die teikengroep te oorreed om spesifiek technikonopleiding te oorweeg.

* **Publikasies (markpenetrasie)**

- Skakelbeampes kan in die toekoms aandag skenk aan 'n glansbrosjyre wat 'n geheelbeeld van technikonwese gee, en wat op die oordra van objektiewe inligting en subtile oorreding eerder as aggressiewe verkope ingestel is.

- Verder behoort n kursushandleiding waarin al die kursusse, kombinasies en vereistes in "verstaanbare" taal uiteengesit word, beskikbaar te wees - In teenstelling met die uiteensetting en taalgebruik van sommige teknikons, soos tydens persoonlike besoeke aan alle teknikons waargeneem is.
- n Brosjure word voorgestel waarin die beoogde bekendstellingsaksie en bemarkingsprioriteite aan huidige studente, oudstudente en personeel bekendgestel word. Hierdie persone word aangemoedig om studente vir die teknikon te werf.
- n Video waarin die aanbevole teknikonbeweging by enige moontlike geleentheid vertoon kan word om die bemarkingsaksies te ondersteun, word aanbeveel.

* **Ouers van huidige studente (markontwikkeling)**

Skakelbeampies kan betrokke raak deur die ouers van huidige studente met n persoonlike brief te versoek om die name van twee of drie potensiële studente met dié soort eienskappe wat hul kinders geopenbaar het, aan die teknikon te voorsien. n Antwoordbetaalde koevert kan byvoorbeeld voorsien word.

Die kinders wie se name so bekom is, kan deur middel van n persoonlike brief en n glansbrosjure of pamflet, aangemoedig word om met die teknikon in aanraking te kom. Hierdie brief kan met n telefoonoproep opgevolg word.

* **Dienspligtiges (markontwikkeling)**

Huidige dienspligtiges is ook n baie belangrike teikengroep in die bemarkingsplan vir skakelbeampies. Dit is moeilik om te bepaal of die militêre owerheid teknikons sal toelaat om aggressiewe werwing onder dienspligtiges te doen.

Gevolglik moet teknikons se afdeling vir openbare skakeling eerder op 'n skakel- en publisiteitsprogram konsentreer.

'n Ander manier waarvolgens die afdeling vir openbare skakeling dienspligtiges kan bereik, is om advertensies in die media te plaas wat deur die meeste dienspligtiges gelees word. Die tydstip waarop die advertensie geplaas moet word is ook belangrik. Dienspligtiges sal regstreeks in hierdie advertensies aangespreek moet word.

* **Voorligtingonderwysers en hoofde van skole (markontwikkeling)**

'n Inligtinggewende brosjure/pamflet, ontwerp volgens die voorgestelde boodskaptaktiek (bemarkingsgerig op skoliere), behoort deur die afdeling vir openbare skakeling beskikbaar gestel te word, aan dié groepe onderwysers wat 'n invloed op die keuse van voornemende technikonstudente het.

Daar moet in gedagte gehou word dat die voorligtingonderwyser nie 'n maklike taak het om inligting oor al die beskikbare kursusse van al die teknikons en ander opvoedkundige inrigtings aan voornemende studente oor te dra nie.

Die onderwyser se taak kan aansienlik vergemaklik word as die teknikons se afdeling vir openbare skakeling hulle van objektiewe en volledige inligting in eenvoudige taal kan voorsien. Die leser moet ook in staat wees om die inligting wat gesoek word, maklik te vind.

* **Studente (markontwikkeling)**

Die afdeling vir openbare skakeling behoort op 'n jaarlikse basis deur middel van 'n vraelys vas te stel wat studente van 'n technikon verwag, wat hul

behoefte is en hoe die bestaande instelling daaraan voldoen. Verder, watter eienskappe van die technikon unieke bemarkingsvoordele is, wat aan voornemende studente oorgedra kan word. Dit verskaf aan die technikon inligting oor wat die behoeftes van studente is en watter unieke eienskap(pe) van 'n technikon hulle aangetrek het. Sodoende kan die afdeling vir openbare skakeling op hoogte bly van tendense in die mark met die oog op studentewerwing.

Vir die afdeling vir openbare skakeling is eerstejaarstudente ook 'n belangrike bron van inligting sodat 'n spesifieke ondersoek oor eerstejaars uitgevoer behoort te word. Eerstejaars behoort onmiddellik by aankoms ondervra te word. Aangesien dié studente nog nie aan die akademiese lewe blootgestel is nie, is hul response redelik onbevooroordeeld. Daarbenewens is hul besluit om na 'n technikon te gaan, onlangs geneem. Hierdie eerstejaars kan die faktore wat op hul besluitneming ingewerk het, makliker weergee, aangesien dit nog vars in die geheue is.

Die onvervulde behoeftebevrediging van studente kan reggestel word deur korrektiewe optrede binne die technikon met inagneming van die missie, funksie en doel van die technikon en sodoende kan bemarking bevorder word. Studente moet bewus gemaak word van sy eie bydrae tot die bestaande beeld van die technikon om sodoende 'n groot bydrae te lewer in die bemarking en ontwikkeling van teknikons.

* **Verdere bemarkingsaksies**

- Die afdeling vir openbare skakeling se bemarkingsprogram kan verder insluit dat dié afdeling gedurende Januarie en Julie (net voor studente-inskrywings)

personeel wat die algemene publiek te woord moet staan, met betrekking tot telefoonkommunikasie, houdings, optrede en algemene kommunikasie sal opskerp.

- Aandag kan ook geskenk word aan die druk van T-hempies wat aan huidige, oud- en voornemende studente verkoop of geskenk word asook aan reklamemateriaal soos plakkers en geskenkartikels.

) Samevatting

Na aanleiding van die aanbevelings vir die daarstelling van 'n bemarkingsplan vir teknikons, is die noodsaak van 'n indringende strategie-oefening voordiehandliggend. So 'n strategie-oefening behoort een keer per jaar plaas te vind en die betrokkenes daarby is die rektor, bestuurskomitee, direkteure van skole, voorsitter van die raad en die afdeling vir openbare skakeling (bemarkingsafdeling).

6.3 EVALUEER VAN DIE RESULTATE EN DIE DAARUIT VOORTVLOEIENDE BESTUUR VAN DIE BEMARKINGSPLAN

Die bemarking, evaluering en bestuur van die verskillende teknikons sal afhanklik wees van elkeen se interne omgewingsanalise en hoe dit by die groter eksterne omgewingsanalise inpas. Dit noodsaak dat elke teknikon deeglik moet kennis neem van sy posisie binne die omgewing.

Die direkteur van openbare skakeling (bemarkingsdirekteur) met sy personeel sal van dag tot dag met die bemarkingsplan in voeling bly. Die plan word stap vir stap in samewerking met die topbestuur en teknikonpersoneel deurgevoer.

Soos reeds bespreek, sal 'n tweeweeklikse skriftelike verslag met betrekking tot die vordering deur die direkteur van openbare skakeling (bemarkingsdirekteur) aan

die bestuurskomitee gelewer word. Resultate wat geëvalueer kan word, is die volgende:

- * groei in getalle van goeie studente;
- * skenkings deur middel van donasies, toerusting en beurse;
- * die mate van blootstelling aan die media en pers;
- * die mate van betrokkenheid van teknikondosente in die gemeenskap ten opsigte van vak- en ander komitees;
- * teknikondosente se mate van blootstelling aan vak- en ander tydskrifte;
- * die hoeveelheid besoekersgroepe op die technikonkampusse;
- * die hoeveelheid samesprekings met die handel en nywerheid met betrekking tot koöperatiewe onderwys;
- * uitnodigings aan technikonpersoneel om werkgewers te besoek en andersom.

Bogenoemde resultate asook 'n positiewe beeld, intern en ekstern, kan lei tot voorspoed vir die technikonwese in Suid-Afrika. Die toekomstige ontwikkeling van technikonwese is van die allergrootste belang vir die toekomstige vooruitgang van ons land, aangesien die teknikons die opgeleide mannekrag en die nywerheidsleiers moet lewer wat so dringend op hierdie subkontinent benodig word.

6.4 SAMEVATTING

Daar is 'n merkbare kentering ten opsigte van technikononderwys in ons land te bespeur en mense word al meer bewus van die waarde van loopbaangerigte onderwys en die rol wat die teknikons in tersiêre onderwys speel.

Tegniese onderwys is in Suid-Afrika (vergelyk hoofstuk twee) uit die aard van sy

ontwikkeling en samestelling beroepsgerigte onderwys en vorm deel van die formele onderwysstelsel. Alhoewel teknikons nog 'n jong ontwikkeling binne dié stelsel is, het teknikons reeds al 'n groter mate van eie identiteit op die tersiêre onderwysvlak ontwikkel.

Verandering is gebore uit die noodsaak van ondernemings om nie alleen soos van ouds te konsentreer op die dag-tot-dag-veranderings in die spesifieke omgewing nie, maar vanweë die dinamika van die eksterne omgewing, ook 'n langtermynvisie van die mededingende kragte te ontwikkel (kyk hoofstuk drie). In hierdie hele opset speel 'n goed deurdragte bemarkingsplan 'n besondere rol en lê die uitdaging vir topbestuur daarin om so 'n plan aan te pas, om sinvol uiting te kan gee aan 'n langtermynvisie waarin verbeterde kommunikasiemiddele, veranderde waardes en professionele bestuur vergestalt sal word.

Indien die technikon se topbestuur meer blootstelling geniet en betrokke raak by die teikenmark, groter erkenning as partye in openbare skakeling aan die dosente verleen, sorg vir deurlopende vloei van inligting, gereelde kommunikasie op alle vlakke verseker en die nodige ondersteuning aan die afdeling vir openbare skakeling (bemarkingsafdeling) gee, behoort die bemarkingsplan vir teknikons met 'n groot mate van sukses geïmplementeer te kan word.

Vir suksesvolle openbare skakeling deur technikonpersoneel moet doelgerigte aksies onderneem word.

Met die daaglikse wisselwerking tussen technikonpersoneel en die technikon se teikengroepe (werkgewers, skole, donateurs en die algemene gemeenskap), het hierdie ondersoek die noodsaaklikheid van groter skakeling na buite bevestig.

Dosente behoort aangemoedig te word om meer dikwels betrokke te raak by sosiale funksies, by verteenwoordiging op komitees en liggame, die skryf van artikels en nuusberigte, by vak- en ander verenigings en in die algemeen. Die bevindinge het bevestig dat dosente inderdaad meer betrokke behoort te raak om sodoende groter blootstelling te kry. Dosente kan 'n goeie bydrae maak in die bemarking van teknikons.

Die afdeling vir openbare skakeling vorm 'n integrale deel van die teknikon en sy bemarking. Sonder positiewe gesindhede van die publiek, insluitende die handel en nywerheid, die nodige studentewerwing en fondsinsameling, waaraan hierdie afdeling gereeld blootgestel word, kan 'n teknikon kwalik voortbestaan.

Die suksesvolle aanwending en deurvoering van bemarking en openbare skakeling deur teknikons, berus in die eerste plek by die topbestuur. Indien die bestuur van 'n teknikon die afdeling vir openbare skakeling produktief en sinvol aanwend, hang die uitvoering van 'n bemarkingsprogram van die bekwaamheid, insig en sukses van die afdeling vir openbare skakeling af.

Die bydrae van teknikonpersoneel in die bemarkingsplan van 'n teknikon moet nie gering geag word nie. Verskeie voorstelle om die verhouding tussen die teknikon en die gemeenskap te verbeter, word gemaak, byvoorbeeld deur die gebruikmaking van personeel, sodat Suid-Afrikaanse teknikons meer suksesvol in hulle bemarkingsprogram kan wees.

Die vertrouwe word uitgespreek dat die staat, die privaatsektor en die gemeenskap die nodige ondersteuning aan teknikons kan verleen, om die eise van mōre die hoof te bied.

6.5 AANBEVELINGS

Technikons verkeer tans in 'n stygende fase van ontwikkeling met gepaardgaande klem op die uitdra en vestiging van 'n positiewe beeld (Beukes et al, 1987:83). Hierop behoort voortgebou te word, terwyl besondere aandag aan die volgende gegee behoort te moet word:

- * Teknikonpersoneel behoort doelbewus daarna te streef om gemeenskapsbetrokkenheid uit te brei. Dosente behoort ook meer gereeld doelgerig te skakel met werkgewers.
- * Die positiewe houding van topbestuur met betrekking tot skakeling na binne en buite behoort aangemoedig te word.
- * Die belangrikheid van die afdeling vir openbare skakeling ten opsigte van studentewerwing, fondsinsameling en beeldbou in die bemerking van Suid-Afrikaanse teknikons moet nie onderskat word nie. Hierdie afdeling behoort groter logistieke ondersteuning van alle persone vanaf die raad tot by die laagste range te kry.

Technikons behoort die onkunde wat daar nog in die gemeenskap met betrekking tot technikonopleiding bestaan, te bestry deur doelgerigte inligtings- en bemerkingsaksies, sterker fungering in die media en pers en die uitbouing van die oudstudenteverenigings.

Die aanbevelings vir die daarstelling van 'n bemerkingsplan, kan nou binne die raamwerk van elke technikon se interne en eksterne omgewing aangewend word.

EPILOOG

BEMARKING VAN TECHNIKONS

Na voltooiing van die proefskrif het die volgende aan die lig gekom:

a. Topbestuur.

Die houding van topbestuur met betrekking tot skakeling na binne en buite die technikon het positief verander. Die noodsaaklikheid van skakeling word begryp en nagevolg.

b. Personeel

Die rol van personeel om die wanvoorstellings, vooroordele en negatiewe assosiasies rondom tegniese onderwys die hoof te bied, het baie verbeter. Daardeur het die beeld van technikon verbeter.

Die afdeling vir openbare skakeling is in die bemarking van technikon aktief betrokke by studentewerwing, fondsinsameling en beeldbou.

By die Vaaldriehoekse Technikon is die hoof van openbare skakeling reeds in die topbestuur opgeneem.

Verbetering van kwalifikasies by dosente neem steeds toe wat 'n besliste bydrae lewer tot beeldbou en bemarking.

c. Groei van studentegetalle by technikon

Byna alle technikon het tans, sover dit studentegetalle binne die raamwerk van

fisiese fasiliteite en laboratoriums betref, volle potensiaal bereik. Strenger keuring word toegepas om die goeie student te akkommodeer.

d Satellietkampusse

Groter samewerking vind tans plaas tussen teknikons en tegniese kolleges met betrekking tot 'n uitdunningsproses van studente, waardeur die beter student aan 'n tegniese kollege sy studies by 'n technikon kan voortsit. Deurvloeimoontlikhede word tans ondersoek. Groter samewerkingsmoontlikhede tussen verskeie teknikons en universiteite word ook ondersoek en heelwat vordering is reeds in dié verband tussen die teknikons van Kaapstad, die Oranje-Vrystaat en die Vaaldriehoekse Technikon en die onderskeie universiteite in die omgewing gemaak.

e Studentemobiliteit

Akkreditering van studente wat tussen instellings met toegevoegde waarde beweeg word tans ondersoek. Hierdie verskuiwing van klem is 'n positiewe stap vir die student sowel as die instellings met betrekking tot die kostestruktuur vir verdere studie.

f Bemaking by teknikons het 'n besliste plek ingeneem maar sal gereeld gemonitor moet word.

g Die tekort aan ambagsmanne, tegnisi en tegnoloë het in die huidige ontwikkelingsfase van teknikons as gevolg van die huidige ekonomiese toestande in die RSA, 'n afplating getoon. Daar is tans soos vermeld in die proefskrif, nie 'n nypende tekort nie.

BIBLIOGRAFIE

Geraadpleegde en aangehaalde werke.

Annual reports of the Secretary for Education. Pretoria. Government printer, RP 95/70.

ANON. 1986. Minister in kol met rede. **Technibrief**, 1(3/4):1.

ANON. 1988. Germiston Hosts Diploma Ceremony. **Technibrief**, 3(5). 1988.

ANON. 1989. Technikons speel groot rol in Onderwys. **Beeld** : 7, Januarie 9.

ANON. 1990. Technikons sal moet aanpas. **Beeld** : 3, Maart 9.

ANSOFF, H.I. 1976. **From Strategic Planning to Strategic Management**. London; New York : Wiley.

ANSOFF, H.I. 1986. **Corporate Strategy**. London : McGraw-Hill.

ARONOFF, G.E. & BASKIN, O.W. 1983. **Public Relations : The Profession and the Practice**. New York : West Publishing Company.

ASPINALL, H.T. 1974. **History of Engineering Technician Training in South Africa**. Johannesburg : Technikon Witwatersrand.

BAKER, M.J. 1985. **Marketing Strategy and Management**. London : MacMillan.

BARRY, T.E. : 1986. **Marketing: An Integrated Approach**. Chicago : The Dryden Press.

BEHR, A.L. & MACMILLAN, R.G. 1971. **Education in South Africa**. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

BEUKES, J.H. 1984. **Die Technikonwese in die RSA : 'n Verwysingsraamwerk vir Navorsingsbeplanning**. Pretoria : RGN.

BEUKES, J.H., HUMAN, A. & MARX, A. 1987. **Die beeld van Technikons**. Pretoria: RGN.

BEUKES, J.H. 1988. **Riglyne vir 'n Beroepspesifieke Onderrigstrategie vir Technikons.** Rede gelewer tydens die opening van die akademiese jaar van die Vaaldriehoekse Technikon op 3 Februarie 1988. (Ongepubliseer.)

BEZUIDENHOUT, D.M. 1983. **Aspekte van Tegnieuse en Beroepsonderwys in die Republiek van Suid-Afrika, 1652 tot 1982.** Port Elizabeth.

BEZUIDENHOUT, D.M. 1989. **Situasie-analise as 'n Komponent van Kurrikulumontwikkeling van Technikonkursusse.** M.Ed. Universiteit van Kaapstad. Verhandeling.

BOBROW, E.E. & BOBROW, M.D. 1985. **Marketing Handbook : Marketing Practice.** Vol. 1. Illinois : Dow Jones-Irwin.

BOTHA, P.W. 1987. Toespraak by geleentheid van die ingebruikneming van die Ingenieurskompleks van die Technikon Pretoria op 5 Junie. (Ongepubliseer.)

BOUMA, J.L. 1971. **Leerboek der Bedrijfseconomie. Deel II : De Theorie van de Financiering van Ondernemingen.** Groningen : N.V. Uitgewersmaatschappij.

BOYD, H.W. & MASSY, W.F. 1972. **Marketing Management.** New York : Harcourt Bruce Jovanovich, Inc.

BUITENDACHT, A.J.H. 1991. **Koöperatiewe Tersiêre Onderwys : Oordragswaarde van ervaringe uit die buiteland vir die Vaaldriehoek.** Rede gelewer tydens Onderwys simposium op Vanderbijlpark op 16 Augustus 1991. (Ongepubliseer.)

CLARK, J.M. 1923. **Studies in the Economics of Overhead Costs.** California.

COUSON-THOMAS, C. 1983. **Marketing Communications.** London : Heinemann.

CRAVENS, D.W. 1987. **Strategic Marketing.** 2nd ed. Illinois : Irwin.

CUTLIP, S.M., CENTER, A.H. & BROOM, G.M. 1985. **Effective Public Relations.** 6th ed. Englewood Cliffs : Prentice-Hall International.

DE CONING, C., DE B. WIJNHOLDS, H.J.A. & SWART, N.J. 1974. **Marketing Management : a South African Approach.** Johannesburg : McGraw-Hill.

DE VILLIERS, F.J. (voorsitter). 1948. Verslag van Kommissie insake Tegnieese en Beroepsonderwys. Pretoria : Staatsdrukker.

DIGACTANI, J.L. 1986. **Handbook of Executive Communication**. Illinois : Dow Jones-Irwin.

DRUCKER, P.F. 1969. Management's New Role. *Havard Business Review*, 47(6):49-54, Nov./Dec.

DRUCKER, P.F. 1969. **Preparing Tomorrows Business Leaders Today**. New Jersey, Prentice-Hall.

DU PLESSIS, P.G. 1979. **Die toepassing van die Sisteembenadering aan 'n Kollege vir Gevorderde Tegnieese Onderwys**. Durban : Butterworths.

DU PREEZ, A. 1991. Suid-Afrika benodig baie meer bekwame mense. Rede gelewer tydens diplomaplegtigheid van die Vaaldriehoekse Technikon, 17 Mei 1991. (Ongepubliseer.)

DU TOIT, S.H.C., STEYN, A.G.W. & STUMPF, R.H. 1986. **Graphical Exploratory Data Analysis**. New York. Springer-Verlag.

DUVENAGE, B. 1983. **Roeping en Wetenskap : Handleiding vir Wetenskapsleer**. 2de uitg. Potchefstroom : Bentoti.

EKSTEEN, F. 1978. Co-operation between University and C.A.T.E. *Opvoeding en Kultuur*, 2(2):14, Junie.

EVANS, J.R. & BERMAN, B. 1982. **Marketing**. New York : Macmillan Publishing Co., Inc.

FINN, R. 1973. **Suggested New Trends in Educational Recruiting**. National Association of College Admissions Counsellors Journal, November 1973.

FRAIN, J. 1986. **The Principles and Practice of Marketing**. London : Pitman.

GEERTSEMA, S. 1981. **Die Organiseriese Werking van Suid-Afrikaanse Universiteite**. Potchefstroom : (Proefskrif (DBA) - PU vir CHO.)

GOODE, R.C.J. (voorsitter). 1978. **Verslag van Komitee van Ondersoek na die Opleiding, Gebruik en Status van Ingenieurstechnici in die RSA.** Pretoria : Departement Nasionale Opvoeding.

GUY, R.F. , EDGLEY, C.E., ARAFAT, I. & ALLEN, D.E. 1987. **Social research methods : Puzzels & solutions.** Boston : Allyn Bacon Inc.

HAASBROEK, J.B. (voorsitter). 1981. **Teaching of the Natural Sciences, Mathematics and Technical Subjects.** (Verslag). Pretoria : RGN.

HOWARD, W. 1985. **The Practice of Public Relations.** London : Heimann.

HOY, W.K. & MISKEL, C.G. 1982. **Educational Administration : Theory, Research and Practice.** 2nd ed. New York : Random House.

HUMAN, A. 1987. **Faktore wat die deurstroming van leerders na Technikon beïnvloed.** Pretoria : (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

HUNT, G.T. 1980. **Communication Skill in the Organization.** New Jersey : Prentice-Hall.

HUSEMAN, R.C., LAHIFF, J. & HATFIELD, J.D. 1981. **Business Communication: Strategies and skills.** Chicago : The Dryden Press.

